

A N N A E M M B O E K E

# Die Sexy Bistro



*se  
bestuurder*

BOEK EEN  
deur Anna Emm



# **DIE SEXY BISTRO SE BESTUURDER**

deur Anna Emm

BOEK EEN

in die *Sexy Bistro*-reeks

Oorspronklik uitgegee deur Anna Emm Uitgewers in 2017

Nuut uitgegee deur Nukkerig (Pty) Ltd in 2021, ingesluit in *Die Sexy Bistro Omnibus*.

Kopiereg © Anna Emm 2021

[www.AnnaEmm.com](http://www.AnnaEmm.com)

Vir Elizabeth  
wat 'n vriendin verloor het.

## INLEIDING

Een en een maak twee. Dis *basic accounting* – een van die eerste dinge wat ek in hierdie lewe geleer het. In ons gesin waar al twee my ouers rekenmeesters is, is alles van kleinsaf omgesit in syfers. Houtblokkies, Rice Crispies, pienk Barbie-skoene... Die feit dat een en een twee maak, was 'n sekuriteit waarop ek nog altyd kon reken. *The numbers always add up.*

Tot nou.

Ons sit om die tafel in my klein woonstelletjie – ek, Julia en Karlien, ons drie. Die vierde stoel staan leeg. *Dis presies hoe ons 'n week gelede gesit het*, onthou ek. *Ons sit op dieselfde plekke...* Ons het die *cupcakes* geëet, en ons het gelag en gepraat, want ons het nie geweet van die kanker nie.

Erika het ons nooit gesê sy is siek nie.

Drie maande lank het sy geweet, en ons nie gesê nie. Selfs Jacques, haar kêrel, het nie geweet nie. En hulle was amper ses maande saam. Ons kon sien sy het gewig verloor, maar nie een van ons het iets vermoed voordat haar dokter ons Vrydagaand laat kom het nie – skaars 'n uur nadat sy in die hospitaal opgeneem is.

Vandag is Woensdag. Dis vyf dae later en ons is nie meer vier nie. Ons is drie. Ons beste vriendin is vanoggend begrawe.

Langs my snuif Karlien saggies. Oorkant die tafel staar Julia stip voor haar uit en kou aan haar duim se nael. Nie een van ons praat nie.

Daar is 'n klop aan die voordeur, en ek staan op om dit te gaan oopmaak. Dis die prokureur. *Uiteindelik*. Ek beduie vir hom om in te kom. Hy glimlag bemoedigend van die een na die ander voordat hy in die vierde stoel gaan sit.

“Jammer vir die wag,” sê hy.

Ek knik, en toe ek sien nie een van die ander twee gaan antwoord nie, vra ek: “Jy het gesê jy het iets om met ons te bespreek?”

Ná die begrafnis het die prokureur ons drie eenkant toe geroep, en gevra of hy ons twaalfuur kan kom sien. Nie een van ons het enige idee waaroor dit gaan nie.

Hy slaan 'n lêer voor hom op die tafel oop, en vou sy arms voordat hy opkyk. “Ek besef

dis 'n slegte tyd,” sê hy simpatiek, “maar dit was juffrou Bunting se uitdruklike versoek dat ek dit juis vandág met julle bespreek.”

“Erika,” sê Julia sonder om op te kyk. “Haar naam is Erika.”

Hy knik. “Erika,” sê hy kalm. *Hy ken nie vir Julia nie. Hy dink sy is net hartseer.*

“Wel, ek wil nie te veel van julle tyd in beslag neem nie,” sê hy. “Dit kom daarop neer dat Erika Bunting my 'n week gelede genader het en my gevra het om 'n testament op te stel.”

Ek frons, en selfs Julia kyk nou verbaas op.

“'n Testament?” vra ek. *Erika het 'n testament gehad?*

Lief en dierbaar soos sy was, was ons vriendin nie die wêreld se beste beplanner nie. En sover ek weet, was sy altyd op die broodlyn. Sy het 'n redelike salaris verdien by die *coffee shop* wat sy die afgelope paar jaar bestuur het, maar sy was spandabelrig. Sy het altyd gekla oor hoe *broke* sy is ... *Hoe broke sy wás.*

*Of so het ek gedink.*

“Daar is tweehonderd-duisend rand in 'n vaste belegging in haar naam,” sê die prokureur. “'n Belegging wat met haar dood onmiddellik beskikbaar word. Sy het dit aan julle nagelaat – die drie van julle gesamentlik. Sy het versoek dat juffrou Madi van Jaarsveld dit bestuur.”

Julia en Karlien kyk vinnig na my. En dan kyk ons al drie na die prokureur.

*Tweehonderd-duisend rand? Wat sy waar kry ... gékry het?*

Voor iemand iets kan sê, staan Julia op. “Ek soek nie haar geld nie,” sê sy 'n bietjie te hard – die kwaad en bitterheid rou in haar stem. “Gee dit vir haar ma-hulle. Of vir Jacques.”

“Dit was juffrou Bunting se wens...”

Julia slaan só hard met haar vuis op die tafel, dat ek en Karlien wip van die skrik. “Ek sê jou, haar naam is Erika!”

Die stilte hang in die vertrek. Julia se asem jaag, haar wange gloei, en haar oë blits asof sy die prokureur met daardie einste blitse probeer uitmekaarskiet. Maar die man beïndruk my. Hy knip nie 'n oog nie. Koel en kalm, asof hy die reaksie te wagte was, haal hy 'n wit koevert uit die lêer voor hom.

“Sy het 'n brief gelos,” sê hy sag.

Ons staar na hom. Stadig sak Julia terug in haar stoel. Niemand sê iets nie. Hy vou die koevert oop en haal die inhoud uit. My oog vang dadelik Erika se krulletjie-handskrif toe hy die twee velle papier oopvou, en my hart pyn.

*“Liewe Madi, Julia en Karlien...” lees hy. “Ek is jammer dat ek op só 'n manier van julle moet afskeid neem – met 'n brief. Ek het gehoop dat ek dalk meer tyd sou hê, maar die dokter sê die einde is nou naby. Dit het so skielik gekom. Ek is jammer dat ek julle nie beter voorberei het nie. Miskien moes ek, maar julle ken my. Ek dink nie so ver vooruit nie. En wou nie ons laaste tye saam vir julle spoil nie. Ek wou nie hê julle moet my onthou as julle siek vriendin nie.*

*“Hier waar ek nou skielik voor die einde van my lewe staan, is daar baie dinge wat ek vir die eerste keer besef – dinge wat julle dalk nog nie besef nie. Ek wens ek kon julle laat sien wat ek nou sien, laat verstaan wat dit is wat belangrik is, en wat nie. Want dis hier aan die einde wat mens dit ewe skielik baie duidelik kan sien.*

*“Soos julle weet, het ons vier al baie gepraat daaroor om eendag ons eie restaurant oop te maak. Ek kan nie meer onthou wie eerste met die storie begin het nie, kan julle? Maar ek dink steeds ons sou die perfekte span gewees het – ek met my restaurant-ervaring, Julia ons eie sjef en bakster, Karlien met haar kreatiwiteit en people skills, en Madi wat sou seker maak dat die boeke altyd klop. Ek het geglo in ons restaurant-droom, dalk méér as wat julle besef. Ek het selfs al 'n naam daarvoor gehad: Die Sexy Bistro!*

*“Wel, die afgelope paar jaar het ek begin om geld weg te sit. Ek wou spaar tot by vyfhonderd-duisend rand. Iemand het eenkeer gesê dis die magical bedrag waarmee mens 'n besigheid van die grond af kan kry. Maar ek is bevrees die kanker het my planne in die wiele gery. Ek wens ek was beter met geld, soos Madi. Dalk was daar dan nou meer.*

*“Maar ek babbel al weer. Die punt is: toe die kanker kom, was die één ding waaroor ek spyt was, dat ons dit nooit gedoen het nie. Dat die droom net by práát gebly het, en nooit tot aksie oorgegaan het nie. Ons sou 'n mean team gewees het! Dit sou die beste eetplek in die Kaap gewees het. En dink net hoeveel pret ons sou hê!*

*“Ek besef dat julle heel moontlik op hierdie stadium nie lus voel vir enigiets nie. Ek verstaan dit. Dis wat hartseer doen. Maar belowe my dat julle nie te lank hartseer sal wees oor my nie. Moenie te lank wag en te veel net práát nie. Moenie eendag ook aan die einde van julle lewens kom, en dan julle ongebruikte spaargeld en ongerealiseerde drome vir iemand anders moet nalaat nie. As julle iets vir my wil doen, doen dít: gebruik hierdie geld*

*om Die Sexy Bistro oop te maak. Dit is my geskenk aan julle. Ek wens net dat ek dit saam met julle kon doen...*

*“Moenie te lank wag nie. Moenie te lank treur nie. En moenie te lank vir my kwaad wees omdat ek julle nie van die kanker gesê het nie. Vergewe my. Die lewe is so kort. Liefde, Erika.”*

## **DRIE WEKE LATER**

Ek parkeer in die gietende reën voor die groot gebou, en skakel die kar af. Dis amper sesuur in die aand, en die parkeerarea is al redelik leeg. Vir 'n oomblik sit ek net so. My hande bewe liggies in my skoot. Ek blaas my asem stadig uit, maak my oë toe, en stuur 'n stil gebedjie op dat my moed my nie sal begewe nie.

*Dis vir Erika.*

Iemand toet, en ek maak my oë oop. 'n Ent van my af trek Karlien se ligblou Golfie by die parkeerplek in. Ek slaak 'n sug van verligting. *Dankie tog Karlien is eerste hier. Karlien is die makliker een...*

Ek gryp my handsak en stoot die kar deur oop. Net betyds onthou ek dat die sleutels nog in die *ignition* sit, en ek gooi dit in my handsak voordat ek uitklim. Die reën slaan my in die gesig, maar dis nie koud nie.

Dis 'n vreemde, wárm reën.

Die hele aand voel ongewoon en vreemd. Niks van wat ek die afgelope twee dae gedoen het, maak hoegenaamd sin nie. *Nie op die manier waaraan ek gewoond is nie. Nie op papier nie.*

Ek draf deur die reën tot op die groot gebou se stoep. Ek hoor Karlien se kar deur ook toeklap, en haar vinnige voetstappe wat in die skemer naderkom. Toe sy langs my op die stoep kom staan, kleef daar fyn waterdruppeltjies aan haar neus en hare. Sy lyk soos 'n klein dogtertjie, eerder as 'n twee-en-twintigjarige *graphic designer*.

“Hi,” groet sy. “Sorry ek is laat. Ek moes eers iets vir 'n kliënt klaarmaak.”

“Jy's nie laat nie,” sê ek, en probeer die senuweeagtigheid uit my stem hou. “Ons wag nog vir Julia.” *Ek weet nie eens of sy gaan kom nie...*

“Het sy gesê sy gaan kom?” vra Karlien versigtig, asof sy my gedagtes kan lees.

Ek antwoord nie, en sy aanvaar my stilte as 'n antwoord. Karlien is skerp ingestel op *body language*. Sy hou mense dop, en sy lees hulle. Seker maar die kunstenaar-ding.

“Gaan jy my nou sê wat aangaan?” vra sy nuuskierig en kyk om haar rond. “Wat maak ons hier? Dit lyk soos kantore...”

Voordat ek kan antwoord, hoor ek die onmiskenbare gedreun van 'n motorfiets oor die parkeerterrein naderkom. Ek slaak 'n sug van verligting – oor ek nie dadelik Karlien se vraag hoef te beantwoord nie, én oor Julia opgedaag het. Sy bring die motorfiets raserig reg voor ons tot stilstand. Haar valhelm blink van die druppels, en die reën maak vreemde strepe in die motorfiets se koplamp voordat sy dit afskakel.

Sy swaai haar been oor die fiets se saal, en kom stadig na ons toe aangestap terwyl sy die valhelm se gespe onder haar ken losmaak. *Asof sy glad nie bewus is van die reën nie, of nie omgee vir die natword nie.*

Toe sy die valhelm van haar kop afhaal en langs ons op die stoep staan, is haar grimering in die donker kringe onder haar oë gesmeer. *Ek wonder of sy gehuil het, en of dit van die reën is. Julia is nie soos ek en Karlien nie. Sy gee nie om wat ander mense dink nie.*

'n Oorweldigende begeerte om die hele idee in die vullisdrom te druk en weg te hardloop, stoot skielik in my op. Skielik voel my fyn uitgewerkte plan simpel én vreesaanjaend tegelyk.

*Fight or flight, het Erika altyd gesê. Alle mense, wanneer hulle voor 'n bedreiging te staan kom, se eerste reaksie is altyd óf vlug, óf baklei. Ek is nie 'n bakleier nie.*

*Maar ek weet die grootste bedreiging het reeds gekom en gegaan. Die ergste wat kon gebeur, het reeds gebeur en reeds skade aangerig. Daar is niks meer om voor te vlug nie. Dis te laat vir vlug.*

“So?” vra Julia, haar oë uitdagend op my. “Wat maak ons hier?”

Ek forseer 'n glimlag. “Ek wil julle iets wys,” sê ek.

Ek wag nie vir 'n reaksie nie, maar grawe 'n bos sleutels uit my handsak en draai om. Dankbaar dat my rug nou op hulle is, stap ek doelgerig na die dubbeldeure voor my. Die glaspaneel is met koerantpapier toegeplak, en mens kan nie van buite af insien nie. Ek sluit die slot oop, stoot die deur oop, en gaan dan by die vertrek in sonder om te kyk of hulle my volg.



“Watse plek is dit?” vra Karlien versigtig toe ons in die donker binne die ruimte staan.

Ek voel met my hand teen die growwe muur vir die skakelaar, druk dit op, en knip my oë vir 'n oomblik toe die ligte rondom ons aangaan.

Ons staan in 'n groot oop spasie. Dit het 'n netjiese, grys sementvloer, kaal baksteenmure wat dit daardie moderne *industrial* gevoel gee, en 'n hoë plafon met pragtige *chandeliers* wat 'n sagte lig gooi en 'n amper sprokiesagtige atmosfeer skep. Die muur wat straat toe wys, waar ons pas ingekom het, bestaan uit vensters van bo tot onder, waarvan die glas ook met koerantpapier toegeplak is.

Al twee my vriendinne kyk nou vraend na my. Ek is die kortste en fynste gebou van ons drie, al is ek amper 'n jaar ouer. Dit het my nog nooit voorheen gepla nie, maar op hierdie presiese oomblik is ek intens bewus van elke millimeter wat hulle bo my uittoring...

*Ek moes nie my plat skoene aangetrek het nie...*

“Madi, wat maak ons hier?” vra Karlien grootoog.

*Dis nou of nooit.*

“Dis 'n restaurant...” sê ek.

“Watse restaurant?” brom Julia. “Hier is dan niks en niemand.”

“Óns restaurant...” sê ek sag. “Ek het geteken vir 'n jaar.”

Julia se oë rek. “Jy het wát?” vra sy, en kyk vinnig na Karlien.

“Ek het 'n kontrak geteken om die plek te huur vir 'n jaar,” sê ek. “Ons gaan Die Sexy Bistro hier oopmaak.”

“Maar...” begin Karlien. “Ek dag ons het besluit om dit eers te los?”

“Ons kan dit nie los nie, julle weet dit,” sê ek, dankbaar dat ons nou by die deel gekom het wat ek voorberei het. “Ons skuld dit vir Erika. En ek het eergister heel toevallig van die plek gehoor by een van my kliënte wat in die gebou werk. Blykbaar staan dit al meer as ses maande leeg! Dit was ingerig vir 'n restaurant – perfek met splinternuwe *state of the art* kombuistoerusting, net die beste en die duurste. En al die *red tape* is reeds afgehandel – inspeksies, dranklisensies – alles. Maar die plek het nooit oopgemaak nie. Die huurders het op die laaste oomblik kop uitgetrek en alles net so gelos. Ons kan dit net so oorvat. Besef julle watter *luck* dit is? Ons sal die minimum hoef te doen om dit *up and running* te kry. En dit gaan ons baie geld spaar, om nie eens van tyd te praat nie! Ons kort net die meubels en ons eie borde en messegoed. Hier is selfs potte en panne en goed in die

kombuis! Alles wat jy nodig het om...”

“Maar dis in die middel van nêrens!” protesteer Julia. “Of het jy nog nooit gehoor van 'location, location, location' nie?”

Ek het geweet sy gaan dit sê, so ek glimlag vir haar. “Dis juis die ding. Dis sentraal, en hier is vrek baie voete bedags, want al hierdie kantoorgeboue in die blok is propvol mense wat 'n plek soek waar hulle middagete kan kry. As ons ontbyt en *lunch* doen, sal ons nie eens saans hoef oop te wees nie. Behalwe natuurlik as ons *corporate functions* doen – en dan het ons al hierdie lieflike parkering, want saans is hier niemand.”

Hulle kyk nou om hulle rond, neem in wat ek sê. “Plus,” speel ek wat, volgens my, die troefkaart is, “beste van alles, dis binne ons *budget*. Die agente wil net die plek verhuur, so hulle is bereid om te onderhandel oor die huur. Ons kry ál hierdie geriewe teen *corporate* tariewe, nie *retail* tariewe nie ... wat heelwat duurder sou wees as ons in 'n winkelsentrum of in die middestad was.”

Ek vou my arms voor my bors. “Gaan kyk na die kombuis,” grinnik ek vir Julia.

Sy gluur my aan, maar suiker tog met haar hande in haar sakke in die rigting van die groot swaaideure teen die agterste muur. *As Julia eers die kombuis gesien het...*

“Was jy nie altyd die een wat gesê het dis 'n malperd-idee nie?” fluister Karlien vir my toe Julia buite hoorafstand is. Sy frons effens en haar oë gly ondersoekend oor my gesig.

“Baie dinge het verander, Karlien,” sê ek. “Die lewe is kort – dit het ons almal gesien. Ons skuld dit vir Erika om ten minste te probeer.”

Sy antwoord nie, maar haar oë gly oor die *interior* van die vertrek – die pragtige ligte en die growwe mure. Ek weet die plek se 'look' is Karlien se styl. Ek kan die opgewondenheid in haar sien wakker word soos sy die vertrek inneem, die moontlikhede opweeg... *Sy is nie die enigste een wat body language kan lees nie!*

“Jy weet ons kan nie net 'n restaurant oopmaak nie, né?” sê Julia hard waar sy pas weer in die swaaideure verskyn het.

“Hoekom nie?” vra ek, met minder koppigheid as wat ek regtig voel. *As Julia nie inkoop op die plan nie, is alles in sy maai. Sy is die sjef... Ons het haar nodig. Die óú Julia sou die eerste gewees het om te spring vir so iets, maar nou is ek nie meer so seker nie. Sy is sonder haar sidekick. Julia en Erika was die avonturiers... En ek was die ball and chain...*

*Maar nie meer nie.*

“Wat weet ons nogals van besigheid af?” vra sy, haar hande op haar heupe.

“Baie, *actually*,” sê ek vinnig, want ek was voorbereid op hierdie vraag ook. “Ek werk al jare lank by die firma met ander besighede se boeke. Al my kliënte is sakemense. Ek ken die *ins* en *outs* van 'n sakeplan. Ek het die *budget* gedoen – deeglik. Met Erika se geld en die lae huur, en met alles wat reeds hier is, kan ons baie ver kom. Ons kan binne twee maande wins begin wys, net op middagetes en ontbyt.”

Vir 'n rukkie sê niemand iets nie. Dan sê Karlien sag: “Jy weet, Madi, Erika is nie meer hiér nie...”

“Ek weet dit.”

“So, ons hoef nie die restaurant oop te maak as ons nie wil nie. Ek is seker sy het nie bedoel dat ons vir die res van ons lewens moet maak soos sy sê nie, of dat ons ons lewens moet ontwig nie.”

“Dit weet ek ook...” sê ek.

“Maar?” vra Karlien sag toe ek nie dadelik voortgaan nie.

“Kyk,” sê ek, “wat het ons om te verloor? 'n Jaar van ons lewens dalk? Erika het nie meer tyd nie, maar ons het. En dis háár geld wat ons waag, nie ons s'n nie. Ek het met haar ouers én met Jacques gepraat, en hulle voel almal dat dit Erika se geld was om te spandeer soos sy wil. Soos sy wou... Wat gaan ons drie *anyway* binne die volgende twaalf maande met onself maak? *More of the same*? Net rondhang? Aanhou werk aan ander mense se drome? Sit en verlang na Erika en wens ons kon vir oulaas iets saam met haar doen?”

Julia skop met haar skoen se punt teen die baksteenmuur, en Karlien staar voor haar uit. *Ten minste protesteer hulle nie*. Ek skep moed en gaan voort.

“Ek het geteken vir 'n jaar. Kom ons probeer dit vir 'n jaar, en as dit nie werk nie, maak ons die plek toe en gaan terug na ons *boring* lewens. Kom ons sien dit as ons laaste mal ding, ons laaste kans om iets buitengewoons te doen. Môre verander die lewe dalk weer – dalk gaan Karlien oorsee of Julia ontmoet 'n ryk man en trou en kry kinders...”

Julia snork hard, en ek voel verlig toe ek Karlien hoor giggel.

“Julle...” fluister ek. “Dis. Die. Perfekte. Plek!” Ek huiwer. “Buitendien ... ek het reeds my bedanking by die firma ingedien...”

“Jy het wát?” roep al twee gelyk uit.

“Gister.” Ek kyk van die een na die ander. “Toe, julle. Sê ja? Van ons almal het ek die meeste om te verloor. Karlien het nie 'n vaste werk nie, so sy het niks om te verloor nie. En

jy is amper klaar geswot, Julia. Oor 'n maand maak jy klaar met jou kursus en dan moet jy *anyway* gaan werk soek. Jy kan net sowel hiér werk.”

Julia se oë ontmoet myne. Woordeloos staar ons na mekaar.

“Wat sê jy, Jules?” vra ek sag. “Ons kan nie sonder ons sjef nie... En jy kan jou kursus eers klaarmaak. Ons kan wag. Dis nog net 'n maand en ons kan dit gebruik om alles reg te kry. Dis nie asof...”

“Ek het opgeskop,” sê sy.

“Wat?!” roep ek en Karlien gelyk uit en staar haar geskok aan.

“Wat is die punt?” trek sy haar skouers op.

“Maar jy kry oor 'n maand jou diploma!” sê Karlien.

“Ek weet nie eens meer of dit is wat ek regtig wil doen nie,” sê Julia. “Dinge is net deurmekaar op die oomblik. Ek is nie lus vir eksamens en @\$% nie...”

Ek skud my kop ongelowig. *So dit is waarom sy so stil was die afgelope tyd? Erika se dood het ons almal hard geslaan, en vir Julia die hardste. Maar ópskop? Julia was die enigste een van ons wat nog altyd presies geweet het wat sy met haar lewe wil doen. Kosmaak is haar één groot passie.*

“Julia...” begin ek, maar sy skud haar kop.

“*Chillax*, Madi,” sê sy. “Wat ek probeer sê, is ek is in.”

“Jy's ... in?” vra ek en loer vinnig na Karlien.

“As jy nie omgee om 'n sjef te hê, sonder 'n diploma nie.”

Ek glimlag. “Net 'n stuk papier...”

“*Then let's do this*,” grinnik sy.

En dit is hoe die hele ding begin het.

## HOOFSTUK 1

“Wat weet jy nogals van besigheid af?” kom my enigste broer se stem oor die foon, nes ek voor die kantore parkeer vir my afspraak met die agente.

Ek sug, en skakel die kar af.

“Dareem seker nie niks nie, Thys! Seker dareem meer as jý...” *Ek kan nie die versoeking weerstaan om sy been te trek nie, want my broer het twee jaar gelede, met géén besigheidsondervinding whatsoever nie, 'n sukkelende gym op Stellenbosch gekoop en dit binne ses maande omgesit in een van die gewildste oefenplekke onder die studente.*

“Dis nie ék wat my werk bedank het om 'n *sex shop* oop te maak nie...” sê hy, maar ek kan hoor hy glimlag.

Ek bars uit van die lag voordat ek myself kan keer. “Dis nie 'n *sex shop* nie, Thys! Dis 'n restaurant. Die *Sexy Bistro*. Jy moet jou feite regkry.”

“Ja wel, die naam is misleidend. Wie se *bright* idee was dit? Seker weer Julia s'n?”

My broer en Julia het van kleinsaf koppe gestamp. Hulle is al twee ewe hardegat.

“Dit was Erika se idee...” sê ek terwyl ek met die een hand sukkel om my sitplekgordel los te maak. “Hoor hier, kan ons later praat? Ek is laat vir my afspraak met die agente.”

“Sê my net jy het 'n plan.”

“Natuurlik het ek 'n plan, Thys!” glimlag ek. “En 'n *airtight budget*. En onthou, ek is nie alleen in die ding nie. Julia en Karlien gaan ook help.”

“Dis waarvoor ek bang is...” sug hy weer. “Ek is bevrees julle drie gaan die plek afbrand voordat dit nog oopgemaak het... Die *Sexy Bistro*... Friggen hel.”

“Koebaai, Thys...” grinnik ek.

“Bye,” sê hy. “Ek bel jou later, dan vertel jy my alles. *Somehow* vermoed ek Ma en Pa se weergawe was redelik eensydig.”

“*Sure*,” sê ek. “Ek moet gaan. *Love you. Bye!*”

Ek druk die foon dood en blaas stadig my asem uit. Wel, ten minste is die ys nou gebreek. Ek het beplan om oor die naweek deur te ry Stellenbosch toe om met my broer te gaan praat, maar my ouers het my duidelik voorgespring.

*Die ondersteuning in die Van Jaarsveld-kampie is absoluut oorweldigend...*

*Ek moes dit seker verwag het nadat my ma destyds weke lank gehuil het toe Thys Ingenieurswese opgeskop het om 'n gym oop te maak. My ouers is nou nie juis die wêreld se grootste voorstanders van verandering nie...*

Soos ek, besef ek. Soos al die logiese argumente wat ék altyd aangevoer het wanneer Erika en Julia oor die restaurant begin praat het. Dis my eie argumente wat ek nou

*aanhoor. My eie woorde.*

En die gedagte stoot weer daardie skuldgevoel in my op.

*Sou Erika en Julia en Karlien al lankal die restaurant oopgemaak het, as ek hulle nie elke keer gekeer het nie? Is dit my skuld dat Erika haar onverweselike droom in 'n testament moes bemaak? Op twee-en-twintig?*

Daar is nie antwoorde op hierdie vrae nie. Ek weet dit, want ek vra dit al weke lank vir myself af, en ek kom nêrens. Erika is nie meer hier nie – ek kan haar nie vra nie. En as dit my skuld was, kan ek haar nie nou meer vergoed daarvoor nie. Dis te laat. Maar ek gaan beslis nie verder in Julia en Karlien se pad staan nie. Al is dit die laaste ding wat ek doen, Die Sexy Bistro gáán oopmaak.

Ek klim die trappies na die agente se kantoor, en stoot die deur oop. 'n Blonde meisie met 'n groot, swanger boepie staan by die watermasjien voor die venster, en sy kyk op toe ek binnekom.

“Madi!” groet sy vriendelik, en kom nader om my 'n drukkie te gee.

“Hi, Louisa,” glimlag ek, en loer simpatiek na die boepie toe ek sien hoe rooi en geswel haar mooi gesiggie is. “Amper daar?” vra ek.

Sy rol haar oë. “Kan nie gou genoeg kom nie!” sê sy en waai haarself met die agterkant van haar hand koel. “Ek word by die dag ronder en swaarder!”

“En mooier en mooier,” sê 'n manstem in die deur.

Dis Charles, Louisa se man, en eienaar van die agentskap wat die perseel vir Die Sexy Bistro aan ons verhuur. Hy knipoog vir sy vrou voordat hy na my draai. “Hi, Madi. Ons is reg vir jou. Wil jy sommer deurkom?”

Ek stap saam met Charles en Louisa in die gang af na die lugverkoelde *boardroom*. Dis nie 'n warm dag nie, en ek vryf oor my kaal arms. Maar Louisa slaak 'n sug van verligting en sak in een van die stoele langs die groot tafel neer. “Sê as dit te koud is vir jou, Madi,” sê sy. “Ek kry deesdae permanent warm.”

*Daar is geen manier dat ek haar gaan vra om die air con af te sit nie...*

“Koffie?” vra Charles, en pak 'n paar koppies langs die koffiemasjien op 'n skinkbord.

“Asseblief,” knik ek.

“So, is jy al opgewonde?” vra Louisa, haar oë glimlaggend op my.

Ek hou sommer baie van haar. Sy en Charles was deel van die rede waarom ek op

hierdie spasio besluit het vir Die Sexy Bistro. Dít, en my *gut* – iets wat ek nog bitter min in my lewe gebruik het.

“Opgewonde,” knik ek, “én bang.”

“Ek dink dit gaan *great* wees,” sê Louisa en waai my opmerking met 'n gebaar van haar hand af. “Dis presies wat daardie area nodig het. Of hoe, Charles?”

“Beslis,” sê haar man, en sit 'n koppie koffie voor my neer. “Ons soek al lankal die regte huurders. Die mense was baie spyt toe die vorige plek deur die mat geval het. Daar is behoefte aan 'n eetplek en koffieplek vir *meetings*.”

“Wat het gebeur met die vorige huurder, as ek mag vra?” vra ek versigtig. “Hoekom het hulle nooit oopgemaak nie?”

“Lang storie!” sê Louisa vinnig – té vinnig. “Niks met die *location* of so-iets te doen nie. Daar was ander *issues*... Persoonlike *issues*. Die besighede rondom julle gaan nou tog so opgewonde wees om te hoor van die ... wat is julle plek se naam nou weer?”

“Die Sexy Bistro,” glimlag ek.

“Love daai naam!” lag Louisa. “Julle gaan 'n groot *hit* wees!”

*Ek weet dis heel moontlik sales talk, maar ek waardeer die aanmoediging. Veral ná my ouers se skeptiese op- en aanmerkings.*

*En dis nou nie juis asof Julia en Karlien al op- en afspring van entoesiasme nie.* Ek het vrede gemaak met die feit dat ék die een sal wees wat aanvanklik die wa deur die spreekwoordelike drif sal moet trek. Ek het my voorberei daarop. Erika was reg – niemand voel ná 'n traumatiese ervaring lus vir nuwe goed nie. Sy was reg oor die hartseer. Dit steel energie. En 'n klomp ander goed.

Maar sy het gevra dat ons nie te lank sal wag nie, en op papier maak dit ook sin om nou in te klim. Oral gaan die huur op. As ons wag, is die kans goed dat ons dit oor ses maande nie meer sal kan bekostig nie. Plus hierdie *venue* is ... perfek.

*Asof dit vir ons ingerig is...*

“Wanneer wil julle oopmaak?” vra Charles.

“Ek wil môre eers begin skoonmaak,” sê ek. “En die meubels word Maandag afgelewer. Maar die plek is eintlik reg. Dis so goed ingerig en al die papierwerk is in orde. Ons moet net nog die finale *menu* uitsorteer, en die personeel oplei, *and then we are good to go.*”

Ek en Karlien het die perfekte tafeltjies en stoele gekry op die Internet. Dis 'n fabriek in

Somerset-Wes wat dit maak, Wooden Designs, en hulle het vir ons 'n reusagtige afslag gegee omdat ons kontant kon betaal, te danke aan Erika se geld.

Weer is daar die effense skuldgevoel, maar ek stoot dit weg en trek die dokumente nader wat ek moet teken. Alhoewel die besigheid in ons al drie se name geregistreer is, is ék die een wat verantwoordelikheid vir die huur aanvaar. Ek is die een wat die geld bestuur – nes Erika gevra het.

*'n Verantwoordelikheid waarvan 'n rekenmeester maar te deeglik bewus is.*

Ons teken die pak dokumente.

“Wanneer sal ek die eienaar van die perseel kan ontmoet?” vra ek.

Weer kyk die twee vinnig na mekaar.

“Dis nie regtig nodig nie...” sê Charles dan. “Ek en Louisa het volle tekenreg op die verhurings namens die eienaar. Solank die kontrak geteken is en die huur elke maand betaal word...”

“Ek gaan vooruit betaal vir die eerste drie maande,” sê ek. “As julle nie omgee nie.”

Louisa glimlag. “Dan is alles *honky dory!* Ek is seker julle gaan 'n groot sukses van alles maak, Madi. Ek sal Maandag kom inloer om te kyk hoe dit gaan. Laat weet maar as daar enigiets is waarmee ons kan help.”

Elke rekenmeester weet dat jou boeke net klop as ál jou syfers reg is. Die probleem is, wanneer jy eers 'n inskrywing verkeerd het, net één syfertjie uit sy plek, dan klop niks meer nie. Dan is al jou antwoorde verkeerd.

*Ek het dit geweet voordat ek begin het. Ek het gewéét as ons Die Sexy Bistro oopmaak, teen alle logiese argumente in, sal die res ook nie meer sin maak nie. Dan sal ander dinge ook begin tuimel.*

Die aand voor Erika oorlede is, het sy die dokter gevra om ons te laat kom. Ons was so geskok. Nie een van ons het dit verwag nie. Die een oomblik was sy nog vol grappies en lewe, en die volgende oomblik het sy doodsbleek in 'n hospitaalbed gelê, aan masjiene gekoppel.

Daardie aand het sy gevra vir alleentyd met elkeen van ons. Ek weet nie wat sy met die ander twee bespreek het nie, maar die gesprek tussen my en haar was net plein ... *weird.*



Die hele aand was *weird*...

Soos 'n vreemde voorbode van wat sou kom.

*“Daar is iemand aan wie ek jou nog wou voorstel...” glimlag Erika en hou haar hand na my uit. Ek vat dit en laat haar toe om my op die bed langs haar neer te trek. Ek gaan sit, maar my kop draai so dat ek sukkel om sin te maak van wat sy sê.*

*“Waarvan praat jy?” frons ek deur die trane wat in my oë swem.*

*“Ek praat van 'n mán, silly...” grinnik sy. “'n Blind date. Ek en Jacques wou 'n blind date reël vir jou met 'n vriend van hom...”*

*Ek skud my kop ongelowig. Trane vloei nou vryelik oor my wange en ek vee die nattigheid met die agterkant van my hand van my ken af.*

*“Moenie grappies maak nie, Erika,” sê ek bitter. “Dis nie nou die tyd...”*

*Maar sy is skielik ernstig. Sy trek aan my arm, asof sy my wil nadertrek. Haar oë soek myne, sóek my aandag. Skielik is die speelsheid en die lighartigheid weg, en rondom ons word die hospitaalkamer stil. Dis net die lugreëling en die veraf stemme uit die gang agter die toe deur. Ons is in ons eie weird kokon.*

*“Asseblief, Madi, luister na my...” sê sy dringend. “Dis nie grappies nie. Ek het nie meer tyd vir grappies nie. Die dokter sê ek kan môre weg wees, en daar is iets wat ek jou wil vra.”*

*Nou huil ek van voor af. Ek skud my kop, want ek wil dit nie hoor nie.*

*“Asseblief...” sê sy sag, pleitend.*

*Snikkend kyk ek na haar. Ek is kwaad vir haar oor sy siek is, besef ek. Kwaad oor sy ons nie gesê het nie. Kwaad omdat ons gedink het dis 'n doodgewone aand, en nou sit ek in 'n hospitaalkamer by my sterwende vriendin.*

*En sy wil praat oor blind dates.*

*“Ek wil hê jy moet hom opsoek,” sê sy.*

*“Waarvan práát jy...?” snik ek.*

*“Sjiii...” glimlag sy. “Luister. Dis belangrik. Dis 'n vriend van Jacques. Ek ... wou al lankal 'n plan maak om julle aan mekaar voor te stel, vandat ek hom die eerste keer ontmoet het. Maar jy ken my. Ek het 'n los kop. Ek het nooit sover gekom nie. Asseblief, Madi, belowe my jy sal hom opsoek?”*

*My oë rek.*

*“Erika, jy praat nie sense nie! Ek kan nie net by 'n wildvreemde man se deur opdaag en sê 'By the way, my vriendin wou ons op-fix, maar toe gaan sy dood' nie!”*

*Ek skud my kop stadig, en kyk magteloos op na die plafon. Ek probeer grip kry, maar die kamer draai. Alles is besig om uitmekaar te val, en nou wil sy vir my 'n blind date reël?*

*“Jy was nog altyd anders as die res van ons, Madi...” sê sy sag. “Jy benader alles met jou kop, nie met jou hart nie. En soms is dit 'n goeie ding, maar wanneer dit by die liefde kom, is dit nie. Ek het nog altyd 'n goeie gut feel gehad, en ek het 'n gut feel oor hierdie ou. Hy het sy eie besigheid. En hy is super sexy. Daar is net iets aan hom... Ek wéét net julle twee gaan kliek. Ek moes julle vroeër aan mekaar voorgestel het... Ek het geweet ek moes, maar ek het nie. Asseblief, Madi, moenie dat ek doodgaan met hierdie regret nie.”*

*“Moenie praat van doodgaan nie...” huil ek.*

*Weer wag sy vir my om rustig te raak. Dan sug sy diep.*

*“My timing sucks. Ek weet.”*

*“Jip, jou timing sucks bigtime,” snuif ek, en vee my wange met albei hande af voordat ek moedeloos opkyk na haar. Ons oë ontmoet.*

*“Asseblief, Madi, belowe my hierdie één ding? Belowe my jy sal vir Jacques vra oor hierdie ou?”*

*“Hoekom is dit so belangrik?” sug ek.*

*“Ek weet nie,” grinnik sy. “Dit is net. En ek is die een wat op my sterfbed lê, so ek mag vra wat ek wil. Dit hoef nie sin te maak nie.”*

*Ek kyk na haar, ongelowig. En dan skud ek my kop en lag bitter.*

*“Oukei...” knik ek.*

*“Belowe?”*

*“Ek belowe.”*

Daardie laaste gesprek tussen ons is die afgelope tyd dikwels in my gedagtes. En ek weet dis Die Sexy Bistro se skuld. Dis oor ek één onlogiese besluit geneem het, dat daar nou geen rede meer oorbly om nie ander ook te neem nie.

“Erika het gepraat van iemand aan wie julle my wou voorstel...” voer ek die saak aan

toe Jacques oorkant my in die *coffee shop* kom sit.

Ek het hom die dag van Erika se begrafnis laas gesien. Hy kyk maerder. En moeg. Maar sy oë flikker belangstellend op toe ek sommer met die deur in die huis val.

“O?” glimlag hy verbaas. “Wie?”

Ek sug en wonder vir 'n oomblik of ek regtig wil voortgaan hiermee. Wie weet watter byneste ek dan nóg alles gaan oopkrap.

*Maar ek het belowe...*

“Hy is blykbaar 'n vriend van jou?” druk ek deur. “Jy het hom by die een of ander funksie aan Erika voorgestel? Hy het sy eie besigheid?”

'n Skielike besef helder sy gesig op – 'n onthou – maar net vir 'n oomblik. Want dan trek 'n sluier vinnig oor sy oë.

“Wat?” vra ek agterdogtig.

Hy huiwer.

“Jacques, sê my!” dring ek aan. “Is die man ... 'n *alien* of iets?”

Hy glimlag en skud sy kop. “Nee...”

“Nou wat dan?”

“Wanneer het Erika jou hiervan gesê?” frons hy.

“Die aand voor haar dood. In die hospitaal. Sy het my laat belowe dat ek hom sal opsoek.”

Jacques kreun en stoot sy hand deur sy hare. Dan skud hy moedeloos sy kop en staar oor my skouer asof hy soek na die regte woorde.

*This does not look good...*

“Kyk, Madi...” sê hy. “Ek het Erika een aand by 'n funksie aan hom voorgestel. Ons is nie regtig vriënde nie. Ons het mekaar op 'n projek ontmoet, een of twee keer gaan *squash* speel, dis al. Maar jy ken vir Erika. As sy eers 'n idee in haar kop gekry het, het sy nie weer gelos nie.”

“So, jy dink nie dis 'n goeie idee nie?” vra ek agterdogtig.

“Nee,” sê hy dan beslis. “Ek het haar so gesê ook. *In fact*, ek was eintlik onder die indruk sy het van die hele ding vergeet, dat die gesprek afgehandel was. Duidelik nie...”

Ek kyk hom 'n oomblik lank ondersoekend aan. *Ek moes vroeër al kontak gemaak het.*

*Hy moet haar net soveel mis soos ons. Ek en Julia en Karlien het mekaar, maar met wie praat Jacques oor Erika?*

“Hoe gaan dit met jou?” vra ek sag. “Is jy oukei?”

Hy knik. “Ja wat,” sê hy. “Ek vat elke dag soos hy kom. Dit was 'n skok, natuurlik. Nes vir julle. Dis moeilik om te verstaan hoekom Erika nie eens vir my gesê het sy is siek nie... Ek bedoel, ons was... Ek het gedink ons was 'n *couple*.”

Ek frons. “Julle wás 'n *couple*.”

Sy oë lig na myne. “Sy het uitgemaak met my, Madi...”

“Wat? Wanneer?” My oë is groot.

*Hoekom het ek nie hiervan geweet nie? Het Julia geweet? Hoeveel geheime was daar nóg...?*

“So twee weke voor haar dood,” sê hy. “Ons was nog vriende, maar ons was nie regtig meer sáám nie. Dit was ... ingewikkeld. Sy het my nooit regtig 'n goeie rede gegee nie.”

“Ek het nie geweet nie...” sê ek sag. “Ek is jammer.”

Hy trek sy skouers op. “Erika was 'n anderste ene,” sê hy ingedagte. “Sy was altyd vrolik en vol grappies – so asof die lewe nie regtig enige duike op haar gemaak het nie, jy weet? Maar ek dink sy het baie meer raakgesien as wat enigeen van ons beseef het...”

Ons sit 'n oomblik in stilte terwyl ek die nuwe inligting verwerk.

“Sê nou maar ek besluit om tog hierdie man te gaan opsoek...” sê ek stadig. “Weet jy waar ek hom in die hande kan kry?”

Hy lyk moedeloos. “Madi,” keer hy, “los dit liever...”

“Ek het Erika belowe. *I might as well*.”

“Sy het jou nie alles gesê nie.”

Ek frons. “Wat bedoel jy?”

Hy sug weer, en laat sak sy kop vir 'n oomblik voordat hy weer opkyk na my. “Ek hét hom van jou gesê – op Erika se aandrang. Ek het hom gevra of ek en Erika 'n *blind date* vir julle kan reël. Madi, hy het gesê 'nee'.”

## HOOFSTUK 2

Maandagoggend net voor nege sluit ek Die Sexy Bistro se deure oop vir die meubels wat afgelaai moet word. Ek het die hele naweek gewerk om die plek skoon te kry. Vloere gewas, toonbanke geskrop, vensterbanke afgevee en kombuiskaste reggepak. Julia is Vrydag al Mosselbaai toe om na borde en breekgoed te gaan kyk by 'n veiling, en Karlien het heel naweek met *deadlines* gesit vir ander kliënte. So, die opruimwerk was my *baby*.

My spiere is styf vanoggend, maar die alleentyd was goed. Dit het my tyd gegee om te dink – aan my planne vir Die Sexy Bistro, en die vinniggroeiende stapel rekeninge wat dreig om my fynbeplande *budget* ore aan te sit...

Meer as een keer het my gedagtes teruggedwaal na my laaste gesprek met Erika, en die man met wie sy my wou op-*fix*. Dan het ek gewonder wat my nou te doen staan. Graag soos ek my laaste belofte aan my vriendin sal wil nakom, het Meneer Belangrike Sakeman dit baie duidelik gemaak dat hy nie eens belangstel om my te ontmoet nie. Ek kan myself tog nie teen sy sin aan hom opdring nie.

*En selfs al kon ek, a girl has her pride!*

Ek moet sê, toe Jacques my sê hoe *adamant* die man daaroor was, kon ek nie help om 'n bietjie in die gesig gevat te voel nie... Ek neem aan hy is nie in 'n verhouding nie – *thus* die *blind date* idee. *Is hy dalk verlief op iemand anders? Of dalk is hy gay...* As hy nié is nie, was hy net plein ongeskik.

As Erika destyds met die voorstel na my toe gekom het – al het ek niks van die man af geweet nie – sou ek tog sekerlik uit ordentlikheid ingestem het om ten minste op één afspraak te gaan!

'n Stem agter my in die deur onderbreek my gedagtes.

“Madi van Jaarsveld?”

Ek swaai om. 'n Baie aantreklike man met 'n baie aantreklike glimlag en 'n *clip board* in sy hand staan in die deur.

“Dis ek,” sê ek, en voel die hitte in my nek opkruip toe sy oë oor my gly.

“Ons is hier vir die aflewering?” Hy steek sy hand uit. “Ek is Graham.”

Ek skud sy hand. “Graham Venter, die éienaar van Wooden Designs?”

“Aangename kennis,” grinnik hy en 'n kuiltjie duik in sy wang.

*Beslis dubbele punte vir aantreklikheid...*

“O...” stamel ek. “Sjoe, ek het nie gedink jy sal sêlf die meubels bring nie... Ek was onder die indruk julle stuur dit met 'n vervoermaatskappy?”

Hy trek sy skouers ongeërg op. “Ek moes deurkom stad toe,” sê hy. “Toe bring ek dit sommer met ons lorrie. En buitendien, ek was nuuskierig om julle *setup* te sien. Dit het baie interessant geklink in jou *e-mails*.”

Hy kyk om hom rond, en dit gee my 'n oomblik om hom te bewonder. *Graham Venter is werklik 'n netjiese stukkie mansmens...*

*Ek wonder wanneer laas ek 'n mooi man raakgesien, óf waardeer het?* Dit voel asof ek die afgelope paar jaar met my neus in ander mense se boeke rondgeloop het, asof ek niks wat mooi was opgelet het nie.

*Well, no more. Die lewe is kort. Oomblikke gaan verby...*

“Ek is baie opgewonde oor die meubels,” sê ek vinnig, en glimlag my mooiste glimlag. “Dankie dat julle ons op sulke kort kennisgewing kon uithelp, Graham. En weer eens dankie vir die *discount*.”

“Hey, dankie vir die besigheid!” glimlag hy terug, en flits vir my twee ondeunde kuiltjies. “So, kan ons maar aflaai? Is jy reg vir ons?”

“Natuurlik!” sê ek. “Waar het jy parkeer?”

“Die lorrie staan hier voor op die leë parkeerplekke. Ek het aangeneem dis julle s'n. Hoop dis oukei. Hulle is soms moeilik oor aflewering by sulke kantoorgeboue. Al die *CEO's* is fanaties oor hulle parkeerplekke, jy weet. Maar ons behoort nie lank te vat nie.”

Terwyl hy opdragte vir die twee handlangers by die lorrie gee, gaan maak ek die dubbele deure wyd oop vir die aflaaiery. Die son val in oor die leë restaurant se vloer, en saam daarmee gly 'n opgewondenheid skielik oor my. *Sê nou maar net Die Sexy Bistro is 'n reusesukses...*

Terwyl die mans die tafels en stoele aflaai en netjies teen die muur opstapel, gaan ek deur die papiere op die *clipboard* wat Graham my gegee het. Alles lyk in orde, maar daar is 'n ekstra fooi vir die aflewering ingesluit op die staat – iets waarvoor ek nie *ge-budget* het nie... Dis amper tweeduisend rand.

*Ek wonder of ek hom sal kan afstry?*

Ingedagte, my oë op die *clipboard*, draai ek om en loop amper vas in iemand wat reg

agter my staan. Ek kyk op, vas in 'n paar kwaai, groen oë. *Aantréklieke oë ...* wat my vir 'n sekonde of wat langer laat staar.

“Wat dink jy doen jy?” bulder die eienaar van die groen oë. Die deurmekaar donker hare, aanloklike stoppels op sy sterk ken en die mooi mond ontgaan my ook glad nie – ten spyte van die kwaai frons op sy gesig.

*Wat is dit? Nasionale sexy man dag? Waar kom hulle almal nou skielik vandaan?*

“Jammer...” stamel ek. “Ek het jou nie gesien nie...”

“Wat maak jy hier?” vra hy weer.

Sexy Man Nommer Twee moes tussen die aflaaierij deur ingeglip het, want ek het hom glad nie gesien of gehoor nie. Maar in kontras met Sexy Man Nommer Een se vriendelike kuiltjies, lyk hierdie man nou soos die donderweer self. Hy gluur my aan asof ek iets is wat die kat ingedra het.

“Ek wêrk hier,” sê ek kalm. “Hoe kan ek jou help?”

“Jy kan begin deur te verduidelik wat hier aan die gang is!” Hy beduie na die mans wat nou die laaste van die stoele indra.

*A... Hy is 'n CEO wat kom kla oor sy parkeerplek.*

“Hulle lewer net gou ons meubels af,” sê ek met my soetste glimlaggie.

Kwaai mans intimideer my nie. Ek werk al my lewe lank met moeilike *CEO's*, moeilike *CFO's*, én 'n moeilike pa en 'n moeilike broer. Ek het lankal geleer dat woede en ongeskiktheid altyd op die ou end die knie moet buig voor die *bottom line*.

“Ek is jammer as die lorrie in jou pad staan,” voeg ek verskonend by. “Hulle behoort nou enige oomblik klaar te wees.”

Hy waai my woorde met 'n ongeduldige gebaar weg, en sê: “Ek neem aan jy is in *charge* van die spul, juffrou ... e...?”

“Madi,” sê ek en steek my hand uit. “Madi van Jaarsveld.” Hy wend geen poging aan om my hand te skud nie, en ek vou my arms oor my bors.

*Oukei. Kom ons speel dit jónu manier.*

“Dis mý restaurant,” sê ek en lig my ken uitdagend. “Mag ek jou weer vra wat jy hier soek?”

“Jónu restaurant?!” Sy wenkbroue lig. “Van wanneer af?”

“Van Vrydag af,” sê ek, in my skik met myself. *Soos ek sê, bottom line trumps buffelagtigheid.* “Ons is die nuwe huurders. Kan jy my nou sê...”

“Die plek is nie te huur nie,” sê hy.

Nou is dit my beurt om onkant gevang te wees. “Ek het 'n kontrak,” sê ek.

“Watse kontrak?” gluur hy my aan. “Met wie nogal?”

“Die agente. Charles en Louisa.”

Hy vloek saggies en stoot sy hand deur sy donker hare.

“Kyk,” sê ek, “ek weet nie wie jy is of wat jou storie is nie, maar ek het niks verkeerd gedoen nie. Miskien kan jy my sê wat die probleem is, en dan kan ek jou reghelp?”

Hy huiwer. Vir 'n oomblik verdwyn die frons tussen sy oë, en hy kyk my aan asof hy my nou vir die eerste keer sien. Sy groen oë gly stadig oor my. Ek het al genoeg *CEO's* in my lewe ontmoet om te weet wat nou deur sy mooi kop gaan. *Hy som my op – dis wat hy doen. Hy wonder of ek 'n gedugte opponent gaan wees, of ek die kompetisie werd gaan wees.*

Ek staal my vir die aanslag, trek my skouers reguit, staan ferm. Dan lig die groen oë weer en ons oë ontmoet.

*Holy smoke.*

*Wat was dit?!*

Iets waarvoor ek nie 'n naam het nie, iets wat nie op 'n balansstaat verduidelik kan word of op 'n grafiek gemeet kan word nie, het so pas deur my lyf gegaan. Dit vang my heeltemal onkant. Hitte kruip oor my wange. Hoendervleis gly oor my vel... *Statiese elektrisiteit, dink ek. Dis asof die lug rondom ons skielik gelaai is met statiese elektrisiteit...*

Hy het dit ook gevoel, sien ek aan die effense verbasing in sy oë.

“Als oukei hier?” Graham Venter se stem ruk my uit my beswyming. Hy staan in die deur, en kyk vraend van my na my ongenooide gas.

“Ja ... dankie,” stamel ek, en staan vinnig 'n tree terug, weg van die man met sy vreemde elektrisiteit. My bene voel jellierig, maar ek voel nou dapperder met Graham wat steeds in die deur staan. Ek kyk *Sexy Man Nommer Twee* reguit in sy groen oë. “As jy enige verdere vrae het, stel ek voor jy neem dit met die agente op,” sê ek.

Hy knik. “Toemaar, dis presies wat ek van plan is om te doen.”

Hy draai om om te loop, maar ek keer hom voor. “Jy weet wie ek is, maar ek weet nog



nie wie jy is nie.” *Hy kan nie net hier inwals en my uitvreet en dan weer uitstap asof niks gebeur het nie! Hy skuld my 'n...*

“Ek is die eienaar van die gebou,” sê hy.

My oë rek. Maar voordat ek tot my sinne kan kom, het hy uitgeloop – sonder om eens één kyk in Graham Venter se rigting te gee.

Ek weet nie hoeveel van die man se onbeskoftheid teenoor my hy gehoor het nie, maar ek vermoed Graham Venter het my jammer gekry. Want voordat ek behoorlik geweet het wat aangaan, het hy die tweeduisend rand afleweringsooi van ons rekening geskrap, en my uitgevra op 'n *date*.

*Jip, dis reg. 'n Date. My eerste date in twee jaar.*

Miskien was dit omdat ek nog so uit die veld geslaan was deur die feit dat Sexy Man Nommer Twee ons nuwe *hostile landlord* is, maar toe Graham vra of hy my kan uitneem vir aandete om die nuwe restaurant te vier, het ek 'ja' gesê.

*Of miskien was dit omdat ek nie heeltemal myself was ná al die statiese elektrisiteit in die lug nie...*

Hoe dit ookal sy, ek het 'n probleem. Die eienaar van die gebou weet nie van ons kontrak nie, en hy is duidelik nie baie opgewonde daaroor nie...

Teen die tyd dat ek Louisa se haastige voetstappies op die stoep hoor naderkom, het ek reeds eenhonderd-en-een *worst case scenarios* in my kop deurgewerk...

“Ek het gekom so gou ek kon!” hyg sy en laat sak haar swaar lyf op die naaste stoel neer. Haar wange is rooi. Sy lyk baie ongemaklik. “Ek is jammer oor die deurmekaarspul, Madi. Ek vra om verskoning. Ons het nie gedink...”

“Hoe kan die eienaar van die gebou nie weet julle het die perseel verhuur nie?” vra ek, die paniek nou vlak in my stem ten spyte van my beste pogings om dit te onderdruk.

*Dit lyk nie na 'n goeie tyd om haar op te werk nie...*

“Hy wéét,” sê sy. “Ek bedoel, hy hét geweet ons soek 'n huurder. Dis net...”

“Julle het nie die reg gehad om dit te verhuur sonder sy medewete nie?”

“Nee, ons het,” keer sy vinnig, en sukkel steeds om haar asem terug te kry. “Hy het ons die volste reg gegee.”

Ek frons. “Nou wat dan? Wou hy nie 'n restaurant hier gehad het nie?”

Sy skud haar kop. “Die perseel is ingerig vir 'n restaurant. Ons sal dit nie sommer as kantore kan verhuur nie. Nie met die kombuis-gedeelte nie.”

“So wat is sy storie?”

“Dis ingewikkeld...” sug sy en waai haarself met die agterkant van haar hand koel. “Ek is jammer, Madi, ons moes van die begin af oop kaarte met jou gespeel het. Maar Reuben was vir twee weke in Johannesburg vir besigheid, en Charles het gedink as hy terugkom en die plek is klaar verhuur en ingerig en *up and running* ... sal dit makliker wees. Ons het nie geweet hy gaan vroeg terug wees nie.”

“Ek is jammer, ek verstaan nie,” sê ek en gaan sit oorkant haar op een van die nuwe stoele. “Wat presies is daardie man se probleem met my?”

“Daardie man,” sê sy, “die eienaar van die gebou, is Charles se broer. Sy naam is Reuben Gibbs.”

My wenkbroue lig. “Dit was Charles se bróer?” vra ek verbaas.

Ek kan glad nie die ooreenkoms tussen die vriendelike Charles en die onbeskofte man van vroeër sien nie.

“Jip,” sê sy. “Ons is agente vir die hele gebou se kantore, die restaurant se perseel ingesluit. So moenie *worry* nie, die kontrak is heeltemal wettig en nie jy of ons het enigiets verkeerd gedoen nie. Dis net ... hierdie spesifieke perseel is 'n teer sakie vir Reuben... Dis nie persoonlik nie. Ek bedoel, dis nie persoonlik teenoor jóú nie...”

Ek frons. Maar net toe ek wou vra wat sy daarmee bedoel, kom ek agter dat Louisa nou baie diep begin asemhaal het.

“Hey, is jy oukei?” vra ek bekommerd. Haar wange is skielik bleek. Sy sukkel kreunend uit die stoel en probeer regop kom.

“Jammer,” hyg sy. “Ek is net só friggen ongemaklik!”

Ek steek my hand uit en help haar regop. “Kan ek vir jou 'n glas water bring?”

“Oh no...” fluister sy, en klou aan my hand.

“Wat?” vra ek bekommerd.

“Ek dink ons het 'n probleem...”

“Wat's fout?”

Sy kyk stadig af na die vloer, waar daar nou 'n plas water tussen haar voete lê.

“Jy sal my hospitaal toe moet vat,” sê sy. “Ek dink my water het gebreek...”

'n Vuurdoop, dís wat hulle dit moet noem. Enige rekenmeester wat sonder lewenservaring by die kraamproses ingesleep word, kry 'n vuurdoop.

Soos *luck* dit wou hê, is Charles vir die dag deur Gordonsbaai toe. Hy moes net mooi anderkant die Strand omdraai toe Louisa hom op pad hospitaal toe bel. En toe slaan hy die verkeer en die padwerke.

“Hierdie baba lyk asof hy dalk vinnig kan kom,” het die dokter my ingelig nadat hy Louisa vinnig by die hospitaal ondersoek het. “Ek weet nie of die pa betyds hier gaan wees nie...”

Teen hierdie tyd was Louisa reeds kniediep in die kraampyne, en sy het nie omgee wie die een is wat haar hand vashou nie. Solank iemand dit net doen. Sy het krampagtig aan my hand bly klou en dit met elke kraampyn byna vergruis. Daar was geen wegkomkans nie.

*Laas toe ek in hierdie hospitaal was, het ek langs my vriendin op haar sterfbed gesit, en daar was stilte. Die dood is stil. Dit raas nie. Maar vandag sit ek langs 'n nuwe vriendin op haar kraambed en wag vir 'n nuwe lewe wat aan die kom is. En, goeie genade ... die lewe ráás!*

Met elke kraampyn vou Louisa dubbeld en skree dat jy haar wie weet waar kan hoor. Masjiene word raserig rondgeskuif, blink panne word op die vloer neergegooi, verpleegters roep hard na mekaar en in die gang hardloop hospitaalpersoneel heen en weer.

Ek is nie seker hoe lank ek by haar gesit het nie, maar net toe ek my begin regmaak vir die ergste, verskyn Charles in 'n blou hospitaal-jas in die deur. Hy is uitasem, maar hy klim amper bo-oor my om by sy vrou te kom. Ek weet nie wie méér verlig is om hom te sien nie – ek of Louisa.

“Ek gaan gou vir jou 'n koppie tee maak,” sê die ouerige ontvangsdame simpatiek toe ek by die wagkamer instrompel. Sy beduie na die sagte bank teen die muur. “Gaan sit jy liever eers voordat jy omval, kind. Kraam is nie vir sissies nie.”

Ek vang my weerkaatsing in die spieël teen die muur agter haar. My hare is deurmekaar, my gesig wasbleek, en daar is 'n groot nat kol voor op my T-hemp. *Wie weet*

*waarvan...*

Bewerig sak ek op die bank neer, en oomblikke later vat ek dankbaar die beker warm tee wat die ontvangsdame vir my aangee.

“Sit jy net daar en kom eers tot verhaal,” sê sy. “Ek kan sommer sien hulle het jou aan die diepkant ingegooi...”

*You have no idea...* dink ek, en vat 'n groot sluk tee. Dis soet, en met die derde sluk begin ek klaar beter voel.

*Ek sal net die tee drink en wag tot my bene weer funksioneer, en dan sal ek gaan. Ek het niks hier verloor nie. Ek het my duty teenoor die samelewing gedoen, en genoeg van hospitale gehad ... vir ten minste 'n jaar.*

My kop is seer en ek is honger. Al wat ek wil doen, is om in die bed te klim en die komberse oor my te trek.

*Môre sal ek weer deal met lewe-aan-die-diepkant in general...*

Net toe ek die leë beker op die tafeltjie voor my neersit, hoor ek die hysbak se deure oopgaan.

“Louisa Gibbs?” vra 'n manstem, en ek kyk vinnig op.

*No ways. Nie twee keer op één dag nie...*

Dis Sexy Man Nommer Twee aka Reuben Gibbs aka my ontakvolle, onbeskofte *landlord!* Hy het 'n groot bos blomme by hom.

As ek by my volle positiewe was, sou ek seker vroeër besef het dat die kans baie goed was dat hy hier sou opdaag. Maar die feit dat hy Charles se broer en dus Louisa se swaer is, was tot nou toe nog iewers onder 'n hoop ander dringender gedagtes toegegooi.

*Miskien kan ek uitglip voordat hy my sien...*

Stadig kom ek regop, en draai in die rigting van die EXIT-teken teen die muur.

“Jy sal solank moet wag, Meneer,” hoor ek die ontvangsdame sê. “Hulle is nog besig.”

Soos 'n bokkie in die ligte van 'n aankomende vragmotor, vries ek toe Reuben Gibbs omdraai en my oor die rant van die bos blomme gewaar.

*Holy smoke, daardie oë... Hoe kan só 'n onsmaklike mansmens só lyk?*

Ek verwens myself skielik vir my vrot beplanning en my slegte tydsberekening ... en vir die hitte wat weer eens in my nek opkruip.

Hy steek ook in sy spore vas toe hy my sien. 'n Effense frons verskyn weer tussen sy oë – ek begin wonder of die man enige ander gesigsuitdrukking het.

*Of dalk bring ek maar net die beste in hom uit...*

“Jy moes nie,” probeer ek 'n grappie maak en beduie na die bos blomme in sy hand.

*Hy crack nie eens 'n glimlag nie.*

“Wat maak jy hier?” Die frons op sy aantreklike voorkop verdiep. *Seriously, is dit ál vraag wat die man kan vra?!*

*Nou, gewoonlik is ek baie geduldig met moeilike mans. Maar hierdie een het my geduld vir die dag reeds beproef. Plus ek is moeg en getraumatiseerd en buite my comfort zone van logiese bottom lines en balansstate...*

“Dis tog duidelik wat ek hier maak,” kap ek terug. “Ek agtervolg jou.”

Hy lyk effens uit die veld geslaan. *Goed so.* Dan lig hy sy een wenkbrou.

“Duidelik,” sê hy, en kyk my op en af. Die frons verdiep toe sy oë op die nat kol op my T-hemp tot rus kom.

“Toemaar,” sê ek vinnig, en vee selfbewus met my hande oor my rompie, wat nou skielik heeltemal te kort voel, “ek is nou net op pad uit. Ek sal jou nie langer pla nie.”

Ek mik om by hom verby te glip, maar op presies daardie oomblik kom Charles uit die gang te voorskyn. Hy het steeds die blou hospitaaljas bo-oor sy klere aan.

“Madi,” sê hy verbaas, “ek het nie geweet jy is nog hier nie?” Dan knik hy vir Reuben. “*Hey, Reuben.*”

Die twee van ons staan nou ongemaklik langs mekaar, soos twee stout skoolkinders wat op heterdaad betrap is met iets onheiligs. Charles kyk van my na Reuben, en dan grinnik hy.

“Louisa het my gesê julle twee het vanoggend ... um... ontmoet... So, ek hoef julle seker nie aan mekaar voor te stel nie?”

“Nee,” sê Reuben bot sonder om na my te kyk.

Charles ignoreer hom. “Ek het jou nog nie eens dankie gesê nie, Madi,” sê hy. “As jy nie vir Louisa ingebring het nie, weet ek nie wat sy sou gemaak het nie. Dit was dalk nie die beste dag vir my om uitstendig te wees nie.”

“Dis niks,” sê ek verleë. “Is sy oukei? Hoe gaan dit daarbinne?”

“Alles is *fine*. Sy is net baie moeg al. Die kontraktes is nou kort op mekaar. Ek wil eintlik nie te lank uitglip nie, so julle moet my asseblief verskoon. Ek wil net gou haar tassie in die kar gaan haal. Daar's 'n paar goed in wat sy nodig het.”

“Ek sal dit kry,” sê Reuben vinnig, asof hy verlig is vir 'n verskoning om homself uit die voete te maak. Hy vat die sleutels by Charles en vra: “Waar's jou kar?”

Ek is skielik ook haastig om spore te maak. *Ek hoort nie hier nie. Dis hulle private familietyd, en ek het niks hier verloor nie. Ek moes eerder al geloop het... Ek moes nie die tee gedrink het nie...*

Ek steek my hand in my sak vir my sleutels ... maar dis leeg.

Ek voel aan my ander sak, en grawe dan in my handsak. Dan kyk ek om na die bank waar ek gesit het. Daar is geen teken van die sleutels nie – ook nie op die tafeltjie voor die bank nie. En skielik wéét ek: *Ek het dit in die kar toegesluit nadat ek Louisa uitgehelp het.*

“Probleem?” vra Reuben.

“My sleutels... Ek dink ek het dit dalk in die kar toegesluit.”

Ons oë ontmoet, ten spyte van my beste voornemens om daardie gevaarlike groen dieptes te vermy.

“Laat Reuben sommer gou saam met jou stap om te gaan kyk,” sê Charles. “Hy gaan *anyway* mos nou af om die tas te kry.” Dan lyk hy skielik haastig. “Weer eens dankie vir al jou hulp, Madi! Ek hoop jy kom reg met die sleutels. Sien jou later, Reuben.”

Voordat ek óf Meneer Groen Oë iets kan sê, het Charles homself uit die voete gemaak. Die stilte in die leë wagkamer is nou oorverdowend. Ek vroetel met my hande aan my handsak se toutjies. Van agter haar toonbank hou die ontvangsdame ons nuuskierig dop.

Ek draai na Reuben. “Dis oukei...” sê ek. “Ek sal regkom. Jy hoef nie...”

“Kom ons gaan kyk,” val hy my in die rede, en draai sommer om. Ek huiwer. *Die laaste ding waarvoor ek nou lus is, is om vir hierdie arrogante, onbeskofte man gunsies te vra.* Maar ek het nie regtig 'n keuse nie. As die sleutels in die kar is, en ek is seker dit is, dan gaan ek hulp nodig hê.

*Shit...*

Reuben los die bos blomme by die ontvangsdame, en stap voor my uit na die hysbak. Toe die deure oopgaan, staan hy opsy dat ek eerste kan ingaan. Binne-in die klein spasie slaan dit my skielik weer – daardie statiese elektrisiteit van vanoggend... Ek is oorbewus

van die man hier langs my. Van sy breë skouers en sy mooi hande en sy lenige lyf.

*En is dit hý wat so lekker ruik...?*

Hy wend geen poging aan om met my te gesels nie, en ek hou my oë voor my op die vloer. Sonder waarskuwing duik die hysbak-scene uit *Fifty Shades of Grey* in my gedagtes op...

*Kry net grip, Madi! Mens sal sweer jy het jare laas 'n aantreklike man gesien! Maar dalk hét ek... Al wat ek van die afgelope paar jaar onthou, is syfertjies en grafieke.*

“Als oukei?” vra Reuben skielik langs my. Die hysbak se deure het oopgegaan, en hy wag vir my met sy hand op die deur. Ek knik, en stap vinnig uit in die onderdak-parkeerarea. Ek beduie na my kar wat 'n ent weg geparkeer staan. Ons gaan nader en ek loer deur die ruit. My moed sak in my skoene.

*Jip. Sleutel hang in die ignition. Mooi, Madi. Dis nou wat gebeur wanneer mens 'n mal perd opsaal. Alles ánders raak óók mal en deurmekaar en uit hulle plek en ...*

*... super sexy met chocolate sous oor ...* gly my gedagtes skielik soos stiletto's op 'n oliekol van koers af toe sy arm teen myne skuur. Ek het nie eens agtergekom dat die man hier langs my kom staan het nie!

“Ons gaan sukkel om die deur oop te kry,” sê hy, duidelik onbewus van die uitwerking wat sy nabyheid op my het. “Jy't 'n outomatiese slotmeganisme.”

Ek sluk en staar na hom. *Wat weet ek tog ... van enigiets af?*

Hy haal sy foon uit sy sak, en tik met sy vinger teen die skerm. Dan lig hy dit teen sy oor.

“Wat maak jy?” vra ek.

“Ek ken iemand...” sê hy, sonder om na my te kyk. Toe die 'iemand' aan die anderkant optel, verduidelik Reuben vinnig die situasie. Maar die woorde wat hy sê, registreer skaars by my. *Hy lyk so in beheer en rustig – asof die probleem reeds opgelos is, en hy net gou 'n paar los draadjies afhandel...*

En duidelik is dit die geval, want sekondes later is alles gereël.

“Hulle sal iemand uitstuur,” sê hy vir my, en laat gly sy foon terug in sy sak. “Dit gaan so 'n halfuur vat, afhangende van die verkeer.”

“Um ... dankie,” sê ek. “Hoe betaal ek...?”

Hy lig sy hand. “Moenie worry nie. Dis 'n guns.”

“Nee,” protesteer ek koppig. “Ek soek nie gunste nie...”

“Nie 'n guns vir jǒu nie,” sê hy, die frons weer terug tussen sy oë. “'n Guns vir my. Dis 'n vriend. Hy skuld my.”

Ek voel hoe my wange rooi word. “O...” sê ek. “Dankie. Nou skuld ek jǒu...”

Die laaste deel was my patetiese poging om 'n grappie te maak, maar hy verstaan my verkeerd. “Jy skuld my niks, juffrou Van Jaarsveld,” sê hy bot, die irritasie vlak in sy stem.

*Flip, sal dit hom doodmaak om net diplomaties te probeer wees?* Ek gluur hom aan. “Ek probeer net sê ek waardeer die hulp! Jeeze... Is jy altyd so op jou perdjie?”

Hy gluur terug, maak sy mond oop om iets te sê, maar maak dit dan weer toe. Dan sug hy en stoot sy hand deur sy hare. Sy kuif staan nou deurmekaar regop, en ek wonder hoe dit sal voel om my vingers daardeur te steek...

*Ek sal seriously by 'n goeie sielkundige moet uitkom. Ek is aangetrokke tot buffelagtige mans. Dit moet die een of ander afwyking wees.*

“Kyk,” sê hy gefrustreerd. “Ek is jammer oor vanoggend. Jy het my onkant gevang. Natuurlik het julle die volste reg om die perseel te huur, en ek is bly dit gaan nie meer leeg staan en my geld kos elke maand nie. Niemand het my gesê nie, dis al. Ek het nie verwag om julle daar te sien nie, en ek het oorreegeer. Kom ons los dit daar.”

“Hulle moes jou gesê het,” stem ek saam. Ek probeer my bes om te glimlag, maar hy kyk my aan asof hy wens ek wil van die aarde af verdwyn.

*Allrighty then...*

“Anyway,” sê ek vinnig, “dankie vir die hulp. Ek sal nou *fine* wees.”

Hy knik, maar loop nie weg nie. *Soek hy 'n medalje, of wat?*

“Jy kan maar gaan,” beduie ek met my hand. “Ek sal *fine* wees. Regtig.”

“Dit gaan 'n rukkie duur,” sê hy. “Jy kan nie alleen hier staan en wag nie. As jy saamstap om die tas te gaan kry, kan ons in die kafeteria gaan wag tot die *locksmith* opdaag. Ek gaan *anyway* nou net hier rondhang tot daar nuus is oor Louisa.”

*Rondhang? Saam met ... hóm?* Ek kyk hom 'n oomblik wantrouig aan.

“Of nie,” sê hy. “Nes jy wil.”

“Jy vra so mooi,” sê ek sarkasties.

Hy trek sy skouers op. “Ek is klaar in die *dog box* by Louisa oor vanoggend. Ek is nie



lus om haar verder te ontstel nie – veral nie vandag nie. Dit sal nie baie *cool* van my wees om jou alleen hier te los nadat jy my broer-hulle gehelp het nie. En om die een of ander rede dink hulle twee duidelik die son straal uit jou uit...”

As ek nie so uit die veld geslaan was nie, sou ek sekerlik gestik het van verontwaardiging oor sy ontakvolle woorde.

*Oh well, terwyl ek dan nou blykbaar die upper hand het...*

“En wat laat jou dink dit dóén nie?” gebruik ek 'n taktiek wat in die verlede al baie suksesvol was met moeilike mans. *Flirt*.

Sy wenkbroue lig, en dan krul die sweempie van 'n glimlag om sy mooi mond.

*Bingo. Madi = 1. Moeilike man = 0.*

“In daardie geval beter jy maar saam met my kom, juffrou Van Jaarsveld,” sê hy, “voordat iemand jou dalk steel – sonskyn en al.”

Hy wag nie vir 'n antwoord voor hy omdraai en wegstap nie.

Die kafeteria is leeg. Besoektyd is verby. Dis net die twee van ons by die tafeltjie in die hoek. Sagte, rustige musiek speel oor die *speakers*.

Terwyl Reuben vir ons koffie bestel, probeer ek onopsigtelik sy gesig bestudeer. Hy is werklik een van die aantreklikste mans wat ek nog gesien het. Sagte, intelligente oë, 'n sterk neus, effense stoppelbaard op die ken, en daardie mond... Ek hou van die manier waarop sy mondhoeke lyk asof dit effens omkrul, selfs wanneer hy onbeskof is.

Ek beseft skielik dat ek na sy mond sit en staar, en kyk vinnig op – vas in twee groen oë wat my geamuseerd dophou. Ek is op heterdaad betrap en my wange vlam rooi.

“So, hoe ken jy vir Charles?” vra ek vinnig voordat ek kan dink.

Die mondhoeke krul. “Hy is my broer...”

*Shit.*

“Jammer...” stotter ek. “My brein *recover* nog van die hele kraam-voorval...”

*Leuenaar.*

“Dit moes erg gewees het,” knik hy simpatiek. “Eerder jy as ek. Ek is net bly daar was iemand by Louisa toe sy in kraam gegaan het.”

*Ek hou van híerdie Reuben. Ek hou van die speelsheid in sy oë en die sagtheid om sy mond. Ek wonder hoe daardie mond soen...*

Ek bloos en kyk weg. “Ja wel, ek is net nie mal oor hospitale nie...” sê ek vinnig. *Ek wens hy wil my ophou dophou. Hy laat my al my logiese gedagtes vergeet. Hy laat my goed dink wat ek bitter lanklaas gedink het...*

Die kelnerin kom sit ons koffies voor ons neer.

“Enige spesifieke rede vir jou diskriminasie teen hospitale?” vra Reuben toe sy weer buite hoorafstand is. “Meeste mense is mal daaroor.”

Hy grinnik toe ek my oë vir hom rol. Hy sluk aan sy koffie en wag vir my om te antwoord.

“My vriendin is 'n paar maande gelede oorlede,” sê ek. “Dis nog redelik vars in my geheue.” *Ek weet nie hoekom ek dit vir hom vertel nie. Skielik is ek net lus om dit hardop te sê, om dit uit te kry.*

“Ek is jammer...” sê hy sag, sy oë ernstig. “Wat het gebeur?”

“Sy het kanker gehad. Sy het vir niemand gesê nie. Toe ons uitvind, was sy reeds hier opgeneem. Sy's binne drie dae dood. Sy was my ouderdom.”

Hy kyk my ondersoekend aan, maar genadiglik sonder die simpatie wat ek by meeste ander mense kry. “Dit moes rof gewees het op jou.”

Ek knik, en kyk af na my koffie. “Die restaurant was háár idee...” sê ek.

My foon lui skielik in my sak, en onderbreek my gedagtes. Ek grawe dit uit, en kyk na die skerm. Dan frons ek. Ek herken nie die nommer nie. Ek loer verskonend na Reuben, maar hy beduie vir my om te antwoord.

“Madi van Jaarsveld,” sê ek.

*“Hey, Madi, dis Graham. Van Wooden Designs? Hoe gaan dit?”*

Ek het skoon van Graham vergeet! Ek en hy is nog veronderstel om vanaand uit te gaan! Ek kyk vinnig af na die nat kol wat nou besig is om 'n vlek om my T-hemp te maak.

“Hi, Graham... Goed dankie. Ek...”

*“Ek wil gou hoor of dit nog reg is vir vanaand? Ek kan jou so net voor sewe oplaai. Jy moet net vir my die adres stuur...”*

Ek kyk selfbewus op en vang Reuben se oë op my.

*Daardie oë... Ek kan wegraak in daardie oë en hulle sal my nooit weer kry nie.*

“Madi?”

“Hmm?”

“Als oukei?”

“Yes,” sê ek vinnig. “Graham, sal jy omgee as ons dit dalk liever 'n ander aand maak? Dinge is so 'n bietjie...” Weer maak ek die fout om op te kyk. Reuben se oë gly na my mond, en ek sluk. *Holy smoke...*

Ek lek onwillekeurig oor my lippe.

“Dinge is net so 'n bietjie deurmekaar hier op die oomblik.”

“Sure,” sê Graham oor die foon. “Alles oukei?”

“Ja wat,” glimlag ek. “My vriendin het in kraam gegaan en ons ... um ék ... is nog by die hospitaal. Ek is nie seker hoe laat ek by die huis gaan wees nie.”

“No worries. Sterkte daar. Ek bel jou dan môre?”

“Dankie dat jy verstaan.”

“Als reg. Bye, Madi.”

“Bye.”

Ek druk die foon dood, en glimlag verleë vir Reuben. “Jammer.”

Sy mondhoëke krul. “Laat ek raai, die vent van vanoggend?”

“Vent?” My wenkbroue lig.

“Ek het gesien hoe hy na jou kyk,” sê hy en vat 'n laaste sluk van sy koffie voordat hy die leë koppie op die piering neersit.

“En hoe presies het hy na my gekyk?”

“Asof hy jou wou *date*,” sê Reuben, en vou sy arms oor sy bors. “En asof hy my oë baie graag sou wou uitkrap.”

Ek lag en skud my kop. “Wel, jy wás baie ... um...”

“Baie?” Sy wenkbroue lig.

“Aggressief,” sê ek en ontmoet sy oë uitdagend. “Miskien wou hy my net beskerm.”

“Miskien wou hy jou net vir homself hê.” Daar is die *hint* van 'n uitdagende glimlag om sy mooi mond. *Hy weet hy is reg.*

“Jy’t nie eens één keer na die man gekyk nie!” protesteer ek. “Hoe sal jy nou weet wat hy gedink het?”

Hy trek sy skouers op. “Was dit hy op die foon, of was dit nie hy nie?”

Ek huiwer. “Dit was hy, maar...”

“Aha. En wou hy jou uitvat vir ete, of wou hy nie?”

Ek glimlag. “Hy wou.”

“*I rest my case.*”

“*Not your case to rest,*” sê ek. “Maar dankie vir die belangstelling.”

Ek probeer my bes om ongeërg te lyk terwyl ek 'n groot sluk van my koffie vat. Maar Reuben hou my steeds dop, en my hele lyf kriewel onder sy oë...

*Wag 'n bietjie... Het ek nou net 'n date met 'n sexy man weggewys? Vir 'n paar minute se ligte flirtasie (ás dit flirtasie was) met 'n onbeskofte, pyn-in-die-gat...?*

“So, vertel my van jou restaurant,” onderbreek Reuben my gedagtes. “Wat's die plek se naam?”

“Die Sexy Bistro,” sê ek, en my wange vlam rooi.

Sy wenkbroue lig en hy lag. “Die Sexy Bistro?”

My tone krul van lekkerkry oor daardie lag, en ek wens hy wil nooit ophou nie. “Dit was my vriendin se idee – nie myne nie,” sê ek vinnig.

“Jou vriendin wat oorlede is?” vra hy.

Ek knik. “Erika.”

“Ek hou daarvan,” sê hy dan. “Dis *catchy*. So, ek neem aan jy en jou vriendin was saam in die restaurantbedryf?”

Ek skud my kop. “Nee, ek is 'n rekenmeester.”

Hy frons. “'n Rekenmeester? Ek dag dis jou restaurant?”

“Dit is,” sê ek, “maar ek is eintlik 'n rekenmeester, so dis alles nog baie nuut vir my. Daar was vier van ons – ek en Erika en Julia en Karlien. Ons het altyd hierdie droom gehad om eendag ons eie restaurant oop te maak, maar ons het nooit sover gekom nie. Erika het 'n restaurant bestuur, en sy wou altyd graag eendag haar eie een oopmaak. En Julia, sy is die sjef. So hulle twee het altyd... *Anyway*, ek het altyd gedink ons prát net. Maar toe het Erika vir ons geld nagelaat om die restaurant mee oop te maak, en...”

“Jy is nie ernstig nie?” vra hy.

Ek kyk op en sien dat hy gluur. Die frons is terug. Die sagte kyk is weg.

*Wat de vrek?*

“Waaroor?” vra ek versigtig.

“Oor jy nog nooit voorheen 'n besigheid bestuur het nie.”

“Ek het nie, maar...”

“En jy weet eintlik niks van die restaurantbedryf af nie?”

“Nee, maar...”

Hy sug en stoot sy hand deur sy hare – 'n gebaar wat ek nou begin agterkom, frustrasie is.

“Ek dink nie dis 'n goeie idee nie,” sê hy kortaf.

“Ek het jou nie gevra of jy dink dis 'n goeie idee nie,” sê ek koppig.

“Dis my gebou wat julle huur,” sê hy, “en as julle 'n gemors daarvan maak, of nie die huur kan betaal nie, of die besigheid speel bankrot, dan beïnvloed dit al my ander huurders. Dan reflekteer dit negatief op die perseel. Op my.”

En nou is ek kwaad. *Is Reuben Gibbs die mees ontakvolle, bombastiese, buffelagtige man op die planeet? Of is hy net plein arrogant?*

“Hoe durf jy?” stik ek. “Jy weet niks van my af nie! Jy ken my nie! Jy het nie eens na ons sakeplan gekyk of my gevra hoe ons *menu* lyk of na ons *cash flow* gekyk nie! Al wat ek jou nog gesê het, is dat die plek se naam Die Sexy Bistro is, en nou het jy sommer klaar besluit jy skryf dit af!”

“Wel, met só 'n naam...”

“Jy het gesê jy hou van die naam!” sê ek ongelowig.

“Al wat ek sê,” sê hy en leun terug in sy stoel, “is dat dit moeilik is om 'n besigheid – veral 'n restaurant – in hierdie ekonomie te bestuur. En jy't géén ervaring nie. Dis 'n risiko. Probleem is, nou't jy my by jou risiko betrek.”

“Al risiko hier is jou onbeskoftheid!” raas ek.

Ek gluur hom aan, die koppie koffie vergete voor my op die tafel. Ek is nou so kwaad dat ek bewe, en hy sit my doodkalm en aankyk! Ek wag nie vir hom om te antwoord nie, maar staan op en skuif my stoel terug.

“Dankie vir die koffie. Ek dink ek verkies om by my kar te gaan wag.”

Ek stap weg sonder om terug te kyk. Ek wag nie vir die hysbak nie, maar gaan met die trappe af na die parkeerarea. Toe ek onder kom, trek die *locksmith* se bakkie net mooi by die leë parkeerplek langs my kar in. In die sewe en 'n half minute wat dit hulle vat om my kar oop te kry, hou ek die hysbakdeure en die trap uit die hoek van my oog dop. Maar daar is geen teken van Reuben Gibbs nie.

*Hy het nie eens die ordentlikheid om agter my aan te kom nie!*

*So much vir mans met sexy monde!*

Ek klap my deur hard toe, skakel die kar aan, en ry weg. Toe ek voor my woonstel stop, het die reën weer begin uitsak.

Ek is nog steeds kwaad. En daarom trek ek my foon uit my sak, en bel vir Graham Venter terug om te sê ek sal seweur reg wees vir ons *date*.

## HOOFSTUK 3

Dit was 'n totaal en al onlogiese besluit, en daarom was die aand 'n reusagtige flop. Ek het nie my somme gemaak nie, ek het nie vooruitskattings gedoen nie – ek was net kwaad, en toe neem ek 'n ondeurdagte besluit op die ingewing van die oomblik. Téén my beterwete in.

En dit is nou wat daarvan kom.

Die hele aand terwyl ek by die tafel in die oorvol, raserige restaurant gesit en wag het vir Graham om van sy foon af te klim, het ek Reuben Gibbs gesit en verwens. *Wie dink hy is hy? Om sommer sulke aannames en uitsprake oor my en Die Sexy Bistro te maak, sonder dat hy enige syfers gesien het!*

En vanoggend, ná 'n tweede koffie én twee Disprins, is ek nog steeds vies.

“Wat gaan aan met jou?” vra Julia toe ons oorkant mekaar in die kombuis staan en probeer om al die breekware wat sy van Mosselbaai af saamgebring het, uit te sorteer. “Jy's al die hele dag soos 'n *bitch* op *steroids*.”

“Ek's moeg,” sê ek ontwykend, en probeer fokus op die lys items in my hand. Ek frons

en vryf die kant van my kop waar die hoofpyn nog dof klop. “Ek kan nie uitmaak wat jy hier geskryf het nie...” sê ek en beduie na die papier.

Sy wip tot bo-op die toonbank langs my, en loer oor my skouer.

“Dis 'n sewe,” sê sy.

My oë rek. “So jy het séwentig borde gekoop?” vra ek geskok, en kyk na die berg breekgoed op die toonbank. “Hoekom so baie?”

“Dit was afgemerkt,” sê sy. “En dis *stunning* borde.”

“Maar die bistro vat net veertig mense,” sê ek. “Ons gaan nooit sewentig borde nodig hê nie! Dit help nie dis afgemerkt en dan kos die totaal ons meer as wat veertig nuwe borde ons in die eerste plek sou kos nie!”

“En sê nou die borde breek?” vra sy. “Dan het ons niks *saves* nie.”

Ek sug. “Dis nie wat ons afgespreek het nie.”

“As jy dit nie wil hê nie, vat ek dit terug,” sê sy vies.

“Jy kan dit nie terugvat nie, Jules. Dis op 'n veiling gekoop. En as jy wéér vir twee of drie dae Mosselbaai toe verdwyn, kom ek 'n ding oor. Ek het jou nodig by die restaurant. Hier is vrek baie werk. Ek kan dit nie alles alleen doen nie. Jy moet nog die ander sjefs *train*, en die menu is nog nie klaar nie.”

“Hey, ek het ook hard gewerk! Ek het amper ons hele restaurant se breekware én *cutlery one shot* gekry!”

“Én ons *budget* geblaas!” sê ek gefrustreerd. “Jy het amper tienduisend rand oor die bedrag gegaan wat jy moes spandeer.”

“Ten minste het ons nou alles,” sê sy koppig.

“Dis nie hoe *budgets* werk nie!”

“En jy verstaan nie hoe restaurante werk nie,” kap sy terug.

*Dis wat Reuben ook gesê het... Terwyl ék die een is wat my alie afwerk om alles gereël te kry en terwyl ék die een is wat ál die risiko dra!*

“Dis nie wat ons besluit het nie,” sê ek geïrriteerd. “Dis al.”

Julia wip van die toonbank af. “Jy bedoel, dis nie wat jý besluit het nie! Van wanneer af is jy die alfa en die omega van Die Sexy Bistro?”

“Vandat ék die een was wat Erika met die geld vertrou het!”

'n Donker wolk trek oor Julia se gesig, en sy draai haar kop weg.

“Ek is jammer...” sê ek. “Dis nie wat ek bedoel het nie...”

Sy lig net haar hande, skud haar kop, en stap by die kombuis uit. Sy klap die voordeur só hard toe, dat ek my verbeeld al sewentig borde ratel op die toonbank.

Vir 'n oomblik sit ek so. Dan sug ek diep, en wil net aangaan met die lysies voor my, toe die deur weer klap.

*Julia het haarself bedink en teruggekom, dink ek. Ek beter haar maar halfpad ontmoet...*

Ek stap deur die kombuis se swaaideure binnetoe.

Maar dan steek ek in my spore vas. Agter my swaai die deure toe, en voor my, in die middel van die restaurant, tussen bokse en *bubble wrap* en opgestapelde tafels en stoele, staan Reuben Gibbs.

My hart wip op in my keel en my hande begin bewe voordat ek myself kan keer, want daardie deurdringende groen oë *lock* op myne...

*Jy is nog kwaad vir hom, onthou... herinner ek my hart. Want hy was onbeskof en onsensitief en... Oor wat nou weer?*

“Hey,” groet hy, en steek sy hande in sy broeksakke. Hy kyk om hom rond na die chaos. “Hoe gaan dit hier?”

“Goed dankie.” Ek hou my stem kalm, maar binne-in my bors gaan my hart soos 'n outydse wekker te kere.

*Statiese elektrisiteit se dingies – hierdie is iets anders...*

Hy hou sy kop effens skeef en beduie met sy duim oor sy skouer na die deure waar hy pas ingekom het. “Was dit nie jou sjef wat my nou amper uit die aarde geloop het nie?”

Ek staar na hom terwyl ek naarstiglik soek na woorde. “Um...”

“Blonde meisie, sjef-baadjie, woedende uitdrukking op haar gesig?” vra hy.

Ek besluit om sy vraag te ignoreer. *Ek sal later met Julia deal. Dit het niks met hom te doen nie. Hy dink reeds ek kan nie 'n besigheid bestuur nie...*

“Wat soek jy hier, Reuben Gibbs?” vra ek.

*Dis reg, Madi. Bottom line hom.*

Hy beweeg effens nader na waar ek langs 'n groot stapel onoopgemaakte bokse staan, sy hande steeds in sy sakke. “Ek het maar net kom kyk of als oukei is,” sê hy, en skop met



die punt van sy skoen aan een van die bokse voor hom voordat hy weer opkyk.

*Daardie oë... Hulle behoort met 'n PG-rating te kom.*

“Als is *fine*, dankie,” sê ek koeltjies, maar my hart druk hoër en hoër in my keel op met elke tree wat hy naderkom. Ek gee 'n treetjie agteruit, en vou my arms beskermend oor my bors. Uitdagend.

*Laat hy nét weer iets sê oor my onvermoë of lack of experience...*

“Alles het toe goed afgeloop gister, as jy gewonder het,” sê hy. “Met Louisa. Dis 'n seuntjie. Charles is *over the moon*. Daar is nie met hom huis te hou nie.” Sy mondhoeke krul, en ek kyk weg, want dit laat my maag draai.

“Ek is bly,” sê ek koeltjies. “Ek sal haar bel. Dankie dat jy kom sê het.”

Dit was 'n skimp, maar hy maak geen aanstalles om te loop nie. Hy kyk ewe rustig om hom rond in die restaurant, en voordat ek myself kan keer, drink my oë hom in.

*Asof ek nou nog nie presies weet waar elke lyntjie sit nie...*

Hy het 'n wit oopknoophemp aan, die moue opgerol tot onder sy elmboë. Hy het mooi arms, sterk skouers, en hy beweeg soos 'n atleet... *Ek wonder of hy 'n drawwer is...*

Sy donker kuif staan deurmekaar regop, asof hy sy hand daardeur gestoot het net voordat hy by die restaurant ingekom het... *Of dalk het iemand anders vanoggend haar vingers deur sy hare gesteek...*

'n Warm jaloesie stoot sonder waarskuwing in my op, en ek vererg my op die plek vir myself. *Hierdie man is 'n onbeskofte buffel, om dit lig te stel! Op enige balansstaat is Reuben Gibbs 'n risiko, 'n ooglopende verlies. Ek wens net my hormone wil die boodskap kry en ophou om soos 'n uitbundige kind hande te klap elke keer as hy in my persoonlike ruimte beland!*

“Was daar nog iets?” vra ek, minder seker van myself as wat ek klink. *Wat maak hy hier?*

Die groen oë gly weer terug na myne. “Ek wou kom sê ek is jammer oor gister, oor wat ek gesê het oor die besigheid. Dit was ongevraagd. Ek het geen reg gehad om... Jy dink seker ek is... *Anyway*, vir die tweede keer, ek is jammer.”

Ek kyk hom agterdogtig aan. “Het Louisa jou gevra om te kom jammer sê?”

Sy mondhoeke krul in 'n *sexy*, verligte glimlag. “Is jy mal? As sy moet hoor wat ek gister kwytgeraak het, sien ek my nuwe nefie nooit weer nie!”

Ek kan nie help om ook te glimlag nie. Ek knik. “*Apology accepted.*”

Ons kyk vir 'n oomblik stil na mekaar.

“So,” sê hy dan, en kyk weer vinnig weg na die bokse wat rondom ons opgestapel staan, “dit lyk of hier nog baie werk is voordat julle kan oopmaak?”

“Jip,” sê ek, “maar dinge beweeg darem nou al na 'n kant toe. Die ander twee is net moeilik om vas te trek. Hulle is besig. So ek moet meeste van die werk maar self doen.”

“Die ander twee?” vra hy. “Jou vriendinne?”

Ek knik. “Karlien is die *graphic designer* en Julia is die sjef.”

“En ek neem aan dis Julia wat netnou hier uitgestorm het?”

Ek rol my oë en sug. “Sy kan moeilik wees,” erken ek. “Maar sy kry swaar. Die ding met Erika, sy sukkel om dit te verwerk. Sy was die naaste aan haar van ons drie, so ek probeer maar om nie te hard op haar te wees nie.”

“Dis moeilik om 'n besigheid te bestuur wanneer daar emosie betrokke is...” sê hy. “Dis beter om besluite met jou kop te neem, en nie jou hart nie.”

Ek maak my mond oop om te protesteer, maar hy keer: “Ek bedoel dit nie as kritiek nie. Ek sê bloot dat ek verstaan dat dit moeilik is. Ek simpatiseer met jou, dis al. Dis ingewikkeld ... die ding met jou vriendinne.”

Ek frons. “Ek soek nie simpatie nie.”

Hy grinnik. “Ja, ek weet. En jy soek ook nie gunste nie – ek onthou. Maar dis 'n baie groot ding wat jy hier aangepak het, Madi van Jaarsveld. So, as jy ooit hulp nodig het...”

“Ek het nie hulp nodig nie,” sê ek vinnig, voordat ek myself kan keer.

Die groen oë lyk geamuseerd. “Ons het almal sóms hulp nodig – koppige rekenmeesters ook. Dis hoe ons leer. Ek vra ook self dikwels hulp en raad in my besigheid.”

“Regtig? *Somehow kan ek dit nie picture nie.*”

“Ek het *advisors*,” sê hy. “Kollegas en vennote wie se ervaring en kennis ek respekteer.”

“Oooo!” lag ek. “Vir 'n oomblik het ek gedink jy bedoel jy vra ons gewóne mense se hulp...”

Hy grinnik. “Wel, Louisa help my soms met my maniere...”

Ek giggel. “Touché.”

Ons oë ontmoet weer, en my maag draai. *Hierdie man is seriously hot! Moeilik. Maar hót...*

“Dalk kan ek...” begin hy. Maar ek sien skielik 'n beweging by die restaurant se venster raak, en my oë rek. Ek trek my asem in.

“Wat?” vra hy en kyk oor sy skouer.

Deur die venster sien ons albei nou vir Graham Venter in die parkeerterrein aangestap kom. Hy kom reguit hiernatoe...

*Shit.*

“Is dit nie...?” frons Reuben, maar ek gee hom nie kans om klaar te praat nie. Voor jy kan sê 'Sexy Bistro', gryp ek hom aan sy hemp se mou en pluk hom agter die stapel bokse in.

“Wat's fout?” vra hy hardop, maar ek wys met my vinger op my mond vir hom om stil te bly.

'n Geamuseerde glimlag gly oor sy mooi lippe. “Dis mos Meneer *Hot Shot* wat jou gister op 'n *date* wou vat?” fluister hy. “So, ek neem aan jy wil régtig nie gaan nie?”

“Sjjjj...” beduie ek. “Ek hét gisteraand met hom uitgegaan...”

Sy wenkbroue lig. “Jy het?”

“En dit was 'n *total disaster*...” fluister ek.

Hy *chuckle*. “So, ek kan seker bly wees jy het nie vir my ook hier iewers weggekrui nie? Kan ek aanvaar ons *date* gister was dan nie só 'n groot *disaster* soos ek gedink het dit was nie?”

Ek gluur hom aan. “Dis was nie 'n *date* nie. En sal jy nou stilbly?”

Hy grinnik en skud sy kop. “Arme man...”

Ek loer oor die rant van die bokse. Graham staan voor die deur, ek kan sy skaduwee sien op die papier wat oor die glas geplak is. Toe Reuben ook langs my regop kom, pluk ek hom met soveel geweld saam met my weer af, dat hy geen ander keuse het as om plat op die vloer langs my te gaan sit nie. Ek verloor my balans op my hurke, en kantel half teen hom. Hy lig sy hand om my te stut. Sy gesig is nou hier naby my, en sy oë is vol lag. Die lig wat in die spieël teen die oorkantste muur weerkaats, laat sy oë nog groener skyn...

Ek sluk. *Die spasie agter die bokse voel skielik baie klein en intiem...*

Ek stut myself teen die bokse, en beweeg selfbewus effens weg van hom af – so ver as

wat die spasie my toelaat.

“Madi?” hoor ek Graham roep. “Is jy hier?” Dan klop hy liggies aan die deur.

“Hy klink redelik desperaat...” fluister Reuben. “Dalk moet ek maar vir hom gaan oopmaak?”

Ek druk my hand vinnig oor sy mond – 'n ondeurdagte, outomatiese reaksie. Maar toe ek eers aan hom raak, die warmte van sy vel onder my palm voel, die effense krap van sy baard en die sagtheid van sy mond, wéét ek dit was 'n fout. Ons is nou op *eye level*, en sy oë gly na my mond. Dan lig hy stadig sy hand, vou sy vingers om my pols, en trek my hand weg.

*Ek wou iets gesê het, onthou ek, maar ek het my train of thought verloor...*

Ek is oorbewus van Reuben se vingers wat steeds warm om my pols is, maar die res van die vertrek het verdwyn. Ek weet skielik nie meer waar ons is of hoekom ons hier is nie. Sy groen oë hou myne gevange met 'n hipnotiese krag. Sy gesig kom nader, stadig, en onwillekeurig beweeg ek ook nader ... fladder my oë toe. En dan is sy mond op myne.

Die oomblik toe ons lippe raak, ruk elektrisiteit deur my lyf en slaan my asem weg. Hy soen my sag, versigtig, en rondom my begin alles in die rondte *spin*... Die soen voel of dit optrek in my kop, soos wyn, en my hele lyf warm maak. En ek lig my hand om hom nader te trek, want al wat ek weet is ... ek soek méér.

Maar die voordeur gaan skielik oop, en die oomblik spat in duisend skerwe uitmekaar. Ek ruk my kop weg en staar onthuts na hom. Vir 'n oomblik is sy groen oë donker, vol begeerte... En dan sien ek die nugterheid oor hulle trek asof iemand 'n skakelaar aangeskakel het. En daarmee saam kom die skanse op. Ek vóél hom wegtrek, al roer hy nie.

“Madi, is jy hier?” hoor ek Graham se stem nou hier by ons in die restaurant. Maar ek voel 'n veer vir hom. Ek staar net met groot oë en ingehoue asem na die man hier voor my, en alles in my wil vir hom skree om nie te stop nie, om my weer te soen ... want skielik *crave* ek dit. *Net nog 'n paar sekondes, net nog 'n klein bietjie van die oomblik waarin ons so pas was – 'n oomblik waar ek vry was van syfertjies en skuld en bottom lines...*

Maar die deur klap weer toe en Graham se voetstappe sterf weg op die sypaadjie. En langs my staan Reuben vinnig regop.

“Hy's weg,” sê hy en hou sy hand na my uit om my op te help. Maar die oomblik toe ek regop staan, laat hy my los asof ek 'n warm plaat is. Hy vermy my oë, en staan weg.

“Reuben?” vra ek, my stem hees in my ore.

“Ek is jammer, Madi... Ek weet nie wat...”

*Ek wil dit nie hoor nie. Ek wil nie hoor dat hy my nie moes gesoen het nie, want van al die ontakvolle, beledigende woorde wat hierdie man die afgelope twee dae in my teenwoordigheid gesê het, sal dit cherry op die koek wees. En ek gaan hom nie toelaat om dit te sê nie.*

En daarom doen ek iets totaal en al onlogies.

Ek gryp hom aan sy hemp se kraag en trek hom nader en sóén hom. Sy lyf ruk en vir 'n oomblik voel ek hom huiwer. Maar dan gly sy arms om my en hy trek my só styf teen hom vas dat ek snak na my asem. Hy sóén my – dringend en honger en eerlik – en ek slaak 'n sug van verligting teen sy mond. *Holy smoke, hierdie man kan soen...* Ek kreun saggies van genot en gly my hande om die agterkant van sy nek. Ek voel die warmte van sy sterk skouers onder sy hemp, en skielik wil ek die materiaal weghê, wil ek my hande op sy vel hê...

*Ek het my gesonde verstand verloor ... en dit voel só goed.*

Maar dan, net so skielik soos die soen begin het, laat hy my los. Hy laat my só vinnig los dat ek op my voete steier. Ek druk teen die bokse om my balans te behou, en staar verbaas, uitasem, op na hom.

*Wat de vrek...?*

Reuben is net so uitasem soos ek. Sy bors beweeg vinnig op en af, en sy groen oë boor in myne.

*Hy lyk kwaad.*

“Reuben...” sê ek, maar hy skud sy kop.

“Wat dink jy doen jy...?” vra hy, sy stem rou en hees. *En dan sien ek hoe die kwaad in sy oë verander in iets anders. Bang.*

Ek beweeg nader, maar hy lig sy hand om my te keer. “Ek moes nie gekom het nie. Ek het niks hier verloor nie. Ek het vir Louisa gesê die restaurant is 'n *bad* idee... En ek was reg. Ek moes die *damn* plek ge-*strip* het en dit as kantore verhuur het.”

Hy vloek saggies, en voordat ek hom kan keer, gee hy pad uit. Die deur klap agter hom toe, en ek bly alleen in die stilte van die leë restaurant staan met my asemhaling hard en verraaierend in my ore. My hele lyf verraaier my, want my wange gloei en my lippe voel

sensitief waar sy baard my gekrap het. Ek ruik hom aan my vel. Ek wil gil en skree van kwaad vir myself, en van kwaad vir hom – maar ek weet ek sal die kwaad enige tyd opgee as hy sou omdraai en terugkom en my weer in sy arms neem. Ek het die produk van my eie keuses geword.

*Madi van Jaarsveld is van haar sinne beroof.*

Ek wip van skrik toe 'n selfoon skielik in die stilte lui. Vir die eerste keer sien ek dat sy foon op een van die bokse bly lê het. Dit lui koggelend vir my, oor en oor, en 'n naam flits op die skerm: **Janine**

Voordat 'Janine' of enige ander flerrie weer kan bel, sit ek die foon op *silent* en gooi dit in my handsak. Dit vat my nie lank om tot bedaring te kom en uit te *figure* wat om te doen nie. Ek gaan beslis nie hier rondhang totdat Reuben beseft hy het sy foon laat lê nie!

*Ek sien nie kans om hom nou te face nie...*

Op pad hospitaal toe stop ek by die winkelsentrum en koop 'n blou teddiebeertjie by die speelgoedwinkel. Ek koop ook 'n paar tydskrifte vir Louisa en 'n Bar One. Laasgenoemde prop ek in my mond op pad kar toe, en teen die tyd wat ek voor die hospitaal stilhou, het die sjokolade sy ding gedoen. My hande het ophou bewe en die kleur is terug in my wange. Met die ongewenste foon steeds op *silent* in my handsak, stap ek deur die kraamsaal se deure.

Louisa kyk verras op toe sy my sien. Ek is verlig om te sien dat haar privaatkamer leeg is...

“Hy is nie hier nie,” grinnik sy.

“Wie?” frons ek.

“Jy weet wie. Reuben. Ek is nie heeltemal so *stupid* soos ek lyk nie, jy weet. Hy was 'n rukkier terug hier, en hy was duidelik nêr so bang dat hy dalk in jôu sou vasloop. Hy het dieselfde *paranoid look* op sy gesig gehad, en hy het oral behalwe onder die bed ingeloer! Wat gaan aan met julle twee? Ek dag julle het vrede gemaak?”

“Jy verbeel jou,” sê ek ontwykend. “Daar is niks *funny* tussen my en Reuben nie. Ek wil net nie ... in die pad wees as hier familie is nie, dis al.”

“*Yeah right...*” giggel sy, en beduie dan na die bed. “Kom sit. Ek is bly jy's hier. Ek was

bekommerd oor jou gister – Charles sê daar was 'n probleem met jou kar?”

Ek gaan sit langs haar op die bed. “Dit was niks,” probeer ek ongeërg sê. “Moenie daaroor *worry* nie.” Ek hou die beertjie en die tydskrifte na haar uit. “Sommer ietsie kleins.”

“Ag, jy is 'n *life-saver!*” sê sy toe sy die tydskrifte sien. “Almal bring blomme en *choccies*, wat ek in elk geval nie nou kan eet nie, en niemand dink daaraan dat ek *bored out of my mind* is nie!”

Ek grinnik. Ek kan dink dat geforseerde *bed rest* vir hierdie *live wire* baie moeilik moet wees! “Hoe voel jy?” vra ek. “En waar's Baba?”

“James,” glimlag sy. “Ons het besluit om hom James te noem na Charles se pa. Die verpleegster het hom kom haal vir sy bad. Hy is vreeslik soet, Madi, jy moet hom sien! En só *cute*. *Wow*, ek kan steeds nie glo ek is iemand se mamma nie...”

“Baie geluk,” glimlag ek. “Ek is bly alles het goed gegaan. Jy het my gister groot laat skrik.”

“Ek weet nie wat ek sou gemaak het as jy nie daar was nie! En dankie dat jy by my gebly het tot Charles gekom het. Ek is net bly hy was betyds. Ek dink nie hy sou homself vergewe het as hy dit gemis het nie.”

“Dis 'n plesier,” sê ek. “Ek is bly ek kon help.”

“Als oukei by die restaurant?” vra sy, en sit die beertjie en die tydskrifte op die bedkassie langs haar neer.

Ek knik, en onthou dan van die foon in my sak. Ek haal dit uit en sit dit ook op die bedkassie neer. “Reuben het dit vanoggend by die restaurant vergeet. Ek het gedink dis beter ... as ek dit eerder hier kom los, dan kan jy dit sommer vir hom gee.”

Sy frons. “Wat het hy by die restaurant kom maak?”

“Hy ... um ... het my kom sê dat alles goed gegaan het met die geboorte.”

“Madi?”

“Hmm...”

“Wat gaan aan met julle twee? Toe Reuben netnou hier was, was hy soos 'n brullende beer – beneuk en bedinges. Charles het hom 'n paar keer gevra wat fout is, maar ons kon niks uit hom kry nie. En direk ná hom kom jy hier aan met sy foon... En jy lyk asof jy reg is om by die venster uit te spring as iemand by die deur sou inkom. 'Iemand', raai ek, is Reuben... *So, what's up?*”

“Niks,” sê ek weer. “Ek sê mos, ek wil net nie in die pad wees nie...”

Sy kyk my 'n rukkie stil aan, en ek wonder of sy my glo. Dan sê sy sag: “Ons moes jou gesê het van Reuben.”

“Dis *fine*. Regtig...”

Sy skud haar kop. “Nee, ek bedoel, ons moes jou dalk die hele storie vertel het. Ek wóú, gister, maar toe ... um ... val hierdie hele ding voor.” Sy glimlag. “Wat jy nie weet nie, Madi, is dat die vorige huurder van die perseel waar julle nou is, Reuben se verloofde was.”

Dit voel asof iemand 'n emmer koue water oor my uitgegooi het. *Reuben het 'n verloofde?* Ek staar na haar.

“Reuben was verloof aan 'n meisie, en sy wou graag 'n restaurant oopmaak,” verduidelik sy. Vir 'n oomblik hoor ek nie wat sy sê nie, want my kop het vasgesteek by 'wás verloof'... *Ek probeer my bes om myself wys te maak dat ek nie verlig is nie ... maar ek is.*

“Wat ... het gebeur?” vra ek.

“Sy het hom gelos twee dae voor die troue,” sê Louisa.

“Wat?!”

“Ja, dit was nogals rof,” sug sy. “Hy was in 'n toestand. Verneder, kwaad, *confused*... Ons het dit almal sien kom, maar ek dink nie hy wóú dit sien nie. Hy wou haar help. Reuben het álles in haar restaurant-droom gesit, uit sy pad gegaan om haar te help om dit van die grond af te kry. Dis net hoe hy is. Charles is ook so. As hulle omgee vir iemand, dan is hulle *all in*, jy weet?”

“So, Reuben se verloofde sou eers daardie perseel huur?” vra ek. “Ek dink ek verstaan nou hoekom hy so sensitief is daarvoor...”

“Dis meer as dit...” sê sy. “Reuben het die hele perseel, soos dit nou daar is, spesiaal laat omskep in 'n restaurant, vir háár. Dit was eers ook kantore, maar hy het baie geld spandeer om dit te laat oopbreek, 'n ordentlike kombuis te laat inrig, ensovoorts. Als sy eie geld. Hy het gesê dis wat die gebou nodig het, maar ons het almal geweet dit het eintlik oor háár gegaan. Omdat sý 'n perseel gesoek het. Ek weet nie eens of hy haar huur sou laat betaal nie. Die vrou het met Reuben se kop gesmokkel, het Charles altyd gesê. Hy het al hierdie besluite geneem wat net téén sy goeie besigheidsin ingegaan het, jy weet? En jy moes gesien het hoeveel ure hy ingesit het om haar te help met al die beplanning en



voorbereidings. Daai merrie het presies geweet hoe om haar kaarte te speel. Ek weet nie wat sy van besigheid af geweet het nie, maar as jy my vra, sou die hele ding in elk geval op die ou end Reuben se verantwoordelikheid geword het. *Bad* soos wat dit was, het ek en Charles gevoel dit was dalk beter dat dinge uitgedraai het soos dit het.”

“Wat het gebeur?” vra ek. *My kop spin soos ek wat sy gesê het probeer verwerk. So, die perseel waar ons Die Sexy Bistro nou oopmaak, het Reuben spesiaal laat inrig vir sy ex-verloofde? As een of ander romantiese geskenk aan haar? G'n wonder hy was ontsteld toe hy ons daar kry nie.*

“Sy het hom gelos vir haar *personal trainer*,” sê Louisa. “Twee dae voor die troue het sy net opgepak en saam met die man oorsee geflenter om dáár 'n *gym* of iets te gaan oopmaak. Sy het Reuben net so gelos met die troue en die halfklaar restaurant – net in 'n *e-mail* laat weet sy is jammer, maar sy sien nie meer kans nie. Sy het gesê sy het besef die restaurant-ding is nie regtig haar *thing* nie.”

“*Oh my word...*” fluister ek. “Dis aaklig.”

Louisa knik. “So, jy kan verstaan hoekom hy...”

“Natuurlik,” sê ek. “Ek is jammer, ek het nie geweet nie.”

“Ons moes jou vertel het. Ons het net gedink dit sal hom help as die plek eers verhuur is, en hy kan aangaan met sy lewe. Jy weet, ná sy weg is, het hy die plek net so toegetrek en nooit weer daar ingegaan nie. Hy het nooit weer daarvoor gepraat nie. Charles het hom eenkeer gevra wat hy met die perseel wil maak, en toe het Reuben gesê hy gee nie om nie, ons kan dit maar verhuur. Agterna besef ek nou ons kon meer sensitief gewees het. Maar Madi, ek glo met my hele hart dat jy die regte persoon is om die plek te huur! Ek glo in julle bistro, en ek glo in jou. En ek weet, as jy net vir Reuben kans gee, sal hy dit ook insien.”

“Dis niks. Regtig,” glimlag ek vir Louisa, met meer selfvertroue en kalmte as wat ek voel. “Ek is dankbaar vir die perseel, en vir al julle hulp. Ek sal my bes doen om julle nie teleur te stel nie. Julle het 'n kans gevat met my, en ek besef dis 'n risiko ... maar julle sal nie spyt wees nie.”

*Ek onthou hoe kwaad Reuben was toe ek gesê het ek het nog nooit 'n restaurant bestuur nie. Hy het gesê ek het hom by my risiko ingesleep...*

Ek speel in my kop weer ons gesprek van gister af, hier in die hospitaal. *As ek geweet het wat ek nou weet, het ek dalk anders gereageer. Dan het ek my dalk nie so gou vererg nie. Ek verstaan nou waar sy opmerkings vandaan gekom het, hoekom hy so voel – al*

*was dit nie regverdig teenoor my nie...*

*En vanoggend? Daardie soen...? Ek onthou die uitdrukking in sy oë nadat ek hom teruggesoen het. Is Reuben bang ek misbruik hom ook?*

“Ek weet dis baie om in te neem,” sê Louisa sag. “Miskien moes ek jou nie gesê het nie, maar ek dink tog dat jy nou beter verstaan hoekom...”

“Dis regtig *fine*,” glimlag ek gerusstellend. “Ek is bly jy het my gesê. Dit verklaar baie. En ek sal dit in gedagte hou wanneer ek ... met Reuben *deal*. Ek sal probeer om meer sensitief te wees.”

Sy giggel. “Sterkte. Ek is baie lief vir my swaer, maar daardie man het 'n manier om mens se geduld te beproef.”

Ek rol my oë speels, maar ek is tog bewus van 'n vreemde gevoel in my bors. 'n Effense spyt. *Teleurstelling...* lewers in my agterkop, besef ek nou, was ek dalk opgewonde oor die moontlikheid dat daar iets kon ontwikkel tussen my en Reuben. *Ek was lanklaas so aangetrokke tot 'n man...* En toe hy my soen vanoggend... Ek kon voel hy wóú my soen, dat die soen iets aan hom ook gedoen het. *Ek dink ek was besig om te val vir Reuben Gibbs...* En nou, met alles wat ek nou weet, besef ek dat dit nooit sal gebeur nie. Ek het vanoggend my *boundaries* oorskry toe ek hom teruggesoen het, en dit mag nie weer gebeur nie. Die Sexy Bistro is my eerste verantwoordelikheid, en hierdie hele ding met Reuben het so pas duisend keer meer *complicated* geraak. Daar is geen manier wat hy ooit na my gaan kyk en nie aan sy ex gaan dink nie. Of dat hy by Die Sexy Bistro gaan instap sonder om te onthou wat voorheen daar gebeur het nie. Hy het dit self gesê, dis beter om emosies uit besigheid te hou. En ons twee, ek en hy, het 'n besigheidsverhouding.

Dit kan nie meer as dit wees nie.

Die verpleegster kom binne met James in haar arms. Hy is honger ná sy bad, en sit 'n keel op. Nadat ek vinnig ge-oe en ge-aa het oor hom, groet ek vir Louisa en loop deur die leë hospitaalgang na die hysbak terug. Toe die hysbak se deure toeskuif – dieselfde hysbak waarin ek en Reuben gister was – leun ek met my rug teen die muur en maak my oë toe. Ek blaas my asem stadig uit.

*Ek sal my bes moet doen om my aangetrokkenheid tot hom weg te steek. Om nie weer my boundaries te oorskry nie. Maak nie saak hóé sexy en verleidelik daardie groen oë is nie, Reuben Gibbs is 'hands off'.*

Die risiko is net te groot.

## HOOFSTUK 4

Dis twee dae sedert ek hom laas gesien het. *Twee dae sedert daardie soen*. En ek is dankbaar dat Reuben nie weer sy verskyning gemaak het nie. Vir twee dae het ek net probeer fokus op die restaurant, en op alles wat nog gedoen moet word voordat ons oor minder as 'n week oopmaak. Nes ek dink ons is amper daar, duik daar nog 'n paar onvoorsiene goed op waarvoor ek op my *to do list* plek moet maak.

Gelukkig het Karlien haar laaste *freelance*-werk klaargemaak, en was sy die afgelope twee dae feitlik permanent by die bistro om hand by te sit. En dit lyk of Julia darem ook begin opgewonde raak oor die hele ding, want sy whatsapp my gedurig met resepte en foto's van vreemde soorte groentes en speserye wat sy raakloop. Dis lekker om haar weer effens opgewonde oor kos te sien, en ek is bang om te veel druk op haar te plaas om met die *nitty gritty* in die restaurant te help. Ek weet nie wat in haar hart aangaan nie, en ek bly onrustig oor haar. As Julia kop uittrek, is die hele ding daarmee heen.

Die drie van ons sit nou by 'n klein tafeltjie in 'n besige *coffee shop* in die winkelsentrum en koukus. Die laaste reëlins vir die *launch* moet uitgesorteer word, en Julia is aan die woord oor die spyskaart. Ons probeer ons bes om te volg wat sy sê.

“Onthou net, my ma-hulle soek nie *weird* goed nie,” sê Karlien versigtig.

Karliën se ma, 'n juweelontwerper, het besluit om Die Sexy Bistro te huur vir die bekendstelling van haar nuwe reeks Saterdagand. Dit sal sommer ons *launch* ook wees voordat ons dan Maandag vir die publiek oopmaak. Die hele restaurant is volbespreek vir die aand, en ons het, met vele moeite en oorreding, die bekende musikant, Miles Downing, gekry om by die geleentheid te kom optree. My stres kook oor, maar die ander twee is so opgewonde jy kan met hulle toor.

“Dis nie *weird* goed nie,” keer Julia. “Dis die seldery- en bloukaas-sop vir voorgereg, en *passion fruit* en *vanilla* kaaskoek vir nagereg. En dan het ons die vegetariese pasta en die *beef pastry* met groente vir die hoofgereg.”

“Ja, maar al daardie *weird spices*...” begin Karlien.

“Dis *fine*,” val ek haar in die rede. “Ek wil net weet wat dit gaan kos. Want elke keer as ek met jou praat, sit jy iets by. Is ons nog binne die *budget*?”

Julia trek haar skouers op. “Wil julle groot gaan, of nie?” vra sy. “Dis ons eerste funksie. Ons moet die mense *wow*.”

“Jules!” protesteer ek. “Dit help nie ons *wow* almal en ly dan 'n verlies nie!”

“Madi, Madi, Madi...” Julia fladder haar ogies vir my. “Dis *basic* besigheid. *Word of mouth*. Bemarking. Dink net, al daardie ryk tannies gaan vir almal vertel hoe lekker hulle in Die Sexy Bistro geëet het.”

Ek kreun, en voel vir die soveelste keer of ek Julia kan wurg. Maar ek sluk my frustrasies, en besluit om aan te beweeg na die volgende punt.

“En die personeel is reg?” vra ek.

“Die drie meisies wat gaan *waitress*, het almal al voorheen by restaurante gewerk,” sê Karlien. “Ek sal hulle net deur die rekenaarprogram vat en seker maak hulle verstaan die bestel- en betaalproses. En Julia is besig met die kombuismense.”

Ek loer na Julia. Sy het my en Karlien die dood voor die oë gesweer as ons inmeng in die kombuis. Ons het twee helpers aangestel, beide met ondervinding as sjefs, sodat hulle in skofte kan werk. Ek hoop maar vir die beste. Julia, op haar beste, is nie die wêreld se geduldigste *teacher* nie...

“Daar is reeds twee-en-veertig besprekings,” beweeg ek na die volgende punt op my lysie. “Maar die bistro vat net veertig mense. Ons sal iewers nog twee plekke moet dek...”

“En te dankie aan my het ons ekstra borde!” grinnik Julia. Ek besluit om haar te ignoreer.

“Um...” sê Karlien. “My ma het gevra of ons nog ses plekke kan uitsit. Daar is blykbaar drie tydskrifte wat joernaliste en fotografe wil stuur.”

“Maar het jy haar nie gesê ons is vol nie!” keer ek.

“Ek het gedink dit sal *great* bemarking vir die bistro wees as ons die tydskrifte kan akkommodeer. Dis gratis publisiteit.”

“Dit is,” sug ek, “maar ons het net veertig stoele. En met agt ekstra mense kort ons nog 'n hele tafel.”

“So, bestel nog meubels,” sê Karlien. “Ek is seker as jy sê dis dringend, sal Wooden Designs ons kan help. Hulle was laas baie vinnig.”

*Ek is nie lus om Graham Venter te face nie, dink ek. En ons budget is klaar in sy maai.*

“Hulle gaan nie vir ons 'n korting gee op so 'n klein bestellinkie nie,” sê ek. “En daar is

nie meer geld vir ekstra onkoste nie. Miles Downing was reeds 'n ekstra uitgawe op ons boeke, en hy vra 'n fortuin.”

“Ja, maar hy trek 'n *crowd*,” grinnik Julia.

“'n *Crowd* waarvoor ons nou nie plek het nie!” kreun ek.

“*Relax*, Madi,” sê Julia. “Ek en Karlien sal alles uitsorteer.”

“Jip, ons sal alles uitsorteer,” glimlag Karlien. “O ja, en ons het besluit ons gaan almal ons naels rooi verf vir die launch – dieselfde kleur rooi. Iets wat pas by Die Sexy Bistro.”

Voordat ek kan antwoord, lui my foon in my sak. Ek grawe dit uit. Dis Thys.

“*Hey*, sus!” groet hy vrolik. “Waar's jy?”

“Ek en Jules en Karlien is hier by Cafe Della Rosa in die sentrum, waar's jy?”

Thys het gesê hy hom vandag deur van Stellenbosch af, en dat hy 'n draai by my wil maak om na die restaurant te kom kyk. Ek loer op my horlosie. Ek het hom eers oor 'n uur verwag.

“Ek is in die omgewing,” sê hy. “Ek kom sommer soontoe.”

Ek druk die foon dood. “Dis Thys,” sê ek. “Hy wil na die bistro kom kyk.”

“Nou?” vra Karlien, en loer vinnig na Julia.

“Hy kry ons hier,” sê ek.

“Wel, ek sal moet gaan,” sê Julia en spring skielik op. “Ek moet nog bestanddele gaan kry voor die winkels toemaak.”

“Ek dag jy het reeds alles?” frons ek. *Vir wat is sy nou skielik so haastig?*

“Kort nog goed,” brom sy, en raap haar sak en valhelm van onder die tafel af op. “*Chat* later. *Bye*.”

En voordat ek of Karlien nog iets kan sê, verdwyn sy tussen die mense.

Ek frons. “*What's up with her?*” vra ek vir Karlien.

“Jy wéét,” grinnik sy.

“Wat?” vra ek. My gedagtes is by 'n horde ander goed. Ek kan nie byhou met al Julia se *moods* nie.

“Thys,” sê Karlien. “Sy wil hom nie sien nie.”

Ek sug en rol my oë. “Daai twee moet hulle strooi uit-*sort*,” sê ek. “Ek is moeg daarvoor

om alewig middelmannetjie te speel. Vir wat kan hulle nie vrede maak nie?”

Karliën trek haar skouers op. “Terwyl ons nou alleen is,” sê sy, “is daar iets wat ek jou wil vra.”

“Wat?” vra ek nuuskierig. Ek is nie gewoon daaraan dat Karliën inisiatief neem nie. *Dit moet iets belangriks wees.*

“Hoe sou jy voel daarvoor as ek 'n *mural* van Erika verf? In die bistro? Ek het gedink aan daardie foto van haar wat op die hawemuur in die Waterfront geneem is – die dag toe ons gaan fliek het. Ek kan dit bietjie aanpas, en dit baie *arty* laat lyk dat dit by die *look* en *feel* van die bistro pas. Amper Italiaanserig. En ek het gedink dit sal mooi lyk teen daardie stuk wit muur langs die venster waar...”

“Ek *love* dit,” sê ek, 'n knop in my keel. “Karliën, ek *love* dit.”

“Regtig?” grinnik sy. “Want ek weet nie of Julia...”

“Ek sal *deal* met Julia. Verf jy net. Sal jy dit kan klaar hê voor Saterdag?”

Sy knik. “Ek het reeds al die verf en goed. Behoort my nie langer as twee dae te vat nie. Daardie muur het reeds 'n laag goeie wit *primer* op.”

“*Awesome*,” sê ek. Ons glimlag vir mekaar.

Karliën maak haar mond oop om nog iets te sê, maar dan sien sy iets oor my skouer raak. Sy frons, en maak haar mond toe.

“Wat?” vra ek.

“Daar is 'n baie sexy man wat nie sy oë van jou kan afhou nie...” sê sy, haar stem nou gedemp, haar oë steeds op iets of iemand agter my.

Voordat ek myself kan keer, kyk ek om. En dan word ek yskoud. Reuben Gibbs staan 'n ent van ons af by die toonbank, besig om te betaal vir iets, en hy het my reeds gesien. Ons oë ontmoet, en my hart gaan in *overdrive*. My hande bewe. Ek draai vinnig terug en knyp my oë toe.

“*Shit...*”

“Wat is dit?” vra Karliën. “Wie's dit?”

“Dis ons *landlord...*” fluister ek. “Ek het hom nou die dag ontmoet...”

“Hy is baie aantreklik...” fluister Karliën. “Is dit hoekom jy lyk of jy 'n spook gesien het?”

Ek loer paniekerig na haar. “Sê seblief vir my hy het geloop?”

Sy kyk oor my skouer en grinnik. “*No such luck...* Hy is reguit op pad hierheen.”

*Wat?!*

Karliën lig haar een wenkbrou en kyk vraënd na my. “Hierdie is 'n ongewone Madi-reaksie...” sê sy nuuskierig. “Wat het ek gemis?”

Maar voordat ek kan antwoord, sê 'n bekende stem langs my: “Madi van Jaarsveld. Dis 'n verrassing...”

“Hallo, Reuben,” sê ek so kalm as wat ek kan, maar ek is oorbewus van hom hier naby my. Hy lyk ... ongelooflik begeerlik in sy swart T-hemp en ligte jeans, 'n informele *look* wat beslis vir hom werk. *En teen my werk...*

“Ons het net gou 'n *meeting* gehad,” sê ek. “Maar ons is eintlik op pad...”

Maar voordat ek kan opstaan, steek Karliën haar hand na Reuben uit. “Ons het nog nie ontmoet nie,” glimlag sy. “Ek is Karliën, Madi se vennoot.”

“Hi,” sê hy en skud haar hand. “Reuben Gibbs. Aangename kennis. Ek het baie van jou gehoor. Jy is die *designer*, nie waar nie?”

“Ek is...” sê sy trots, “*slash* IT-persoon, *slash front of house*, *slash interior decorator*. En jy is ons nuwe *landlord*?”

Reuben knik. “Ek wil julle nie pla as julle op pad is nie,” sê hy.

Karliën glimlag liefies en sê: “Nee wat, ons is nie op pad nie. Ons wag nog vir Madi se broer. Hy kry ons hier.” Ek doen my bes om haar 'n vuil kyk te gee, maar sy ignoreer dit en gesels vriendelik verder. “Jy moet kom kyk hoe lyk die restaurant nou. Ons is feitlik reg vir ons *launch* Saterdagand.”

“Saterdag al? *Wow*, julle speel nie,” sê Reuben, en ek kan sy oë op my voel. Maar ek durf nie opkyk nie. Nie terwyl Karliën, die wêreld se voorste *body language expert*, hier oorkant my sit nie. *Vir al wat jy weet, het sy reeds uitge-figure dat hierdie man sy tong in my mond gehad het...*

Hitte kruip in my nek op by die gedagte.

“Wil jy nie sit nie?” hoor ek Karliën vra, voordat ek die servet in haar mond kan druk.

“Um ... dis oukei,” sê Reuben. “Ek het net gou beskuit kom koop vir die kantoor. Hierdie plek maak die beste beskuit in die Kaap, en my sekretaresse het vergeet om op te *stock* voordat sy verlof ingesit het vir die dag. Maar ek sal beslis 'n draai kom maak voor julle oopmaak...”

“Dankie dat jy kom groet het,” sê ek (met wat ek hoop is 'n *dismissive* stemtoon).

“Hey, Madi! Karlien!” groet Thys skielik hier langs ons. Ek is só verlig om hom te sien, dat ek hom amper om die nek val! *Nou sal Meneer Groen Oë homself moet verskoon en my hartklop sal weer na normaal kan terugkeer.*

“Thys van Jaarsveld?” vra Reuben skielik, en steek sy hand na my broer uit. “*Long time no see!*”

*Wag. Wat?*

“Hey, Reuben!” groet Thys verras, en skud Reuben se hand. “Wat maak jy hier?”

*Wat de vrek?*

“Hoe ken julle mekaar?” vra ek, die ontsteltenis en paniek vlak in my stem. Dit lyk gelukkig nie of iemand dit agterkom nie, behalwe Karlien wat weer effens verbaas in my rigting kyk.

“Ek was al 'n paar keer by Thys se *gym* op Stellenbosch,” glimlag Reuben. “*Amazing setup* wat jy daar het.”

“*Thanks,*” grinnik my broer. “Ek het jou lanklaas daar gesien. Besig en bedrywig in die Kaap, neem ek aan?”

“Altyd,” knik Reuben. Dan kyk hy na my. “Ek het nie geweet Thys van Jaarsveld is jou broer nie?”

“Ja, wel...” sê ek. “*My one and only.*”

Ek gluur na Thys, maar hy knipoog net vir my. En dan, tot my *horror*, beduie hy na een van die oop sitplekke by ons tafel. “*Join jy ons?*” nooi hy vir Reuben.

Laasgenoemde huiwer, en net toe ek dink hy gaan ordentlik wees en homself verskoon, *chip* Karlien in. “Sit, Reuben. Ek moet *anyway* my ry kry. Ons is klaar *ge-meet*. Jy pla nie.”

Reuben kyk vraend na my, en ek forseer 'n glimlag. “As jy tyd het...” sê ek.

“'n Vinnig koffie,” glimlag hy. “Dan moet ek gaan.”

Thys wink die kelnerin nader, en bestel vir hom en Reuben elk 'n koffie. Ek wys 'n *refill* van die hand, want ek vermoed dat ek in elk geval niks sal kan inhou nie. *Nie met hierdie man en sy verbode statiese elektrisiteit nou enkele sentimeters van my af nie... Nie met die herinnering van daardie sexy mond op myne, nou soos 'n olifant in die vertrek hier tussen ons nie...*

*Holy smoke.*



Ek maak my oë toe en sug diep, en toe ek hulle weer oopmaak, kyk ek vas in Reuben se groen oë wat my geamuseerd dophou.

“Lang dag?” vra hy.

Ek kan voel hoe ek bloos, maar ek ontmoet sy oë trots en lig my ken effens. “Elke dag,” sê ek. “Jy weet hoe dit is. Besigheid, en so aan.”

Hy kyk my ondersoekend aan, maar antwoord nie. En ek is verlig toe Thys met hom oor sport begin praat. Dit vat 'n ruk vir my hartklop om tot bedaring te kom.

Vanuit die hoek van my oog hou ek hom dop. *Hoe is dit moontlik dat hy net aantrekliker word elke keer as ek hom sien?* Sy groen oë is vanoggend lewendig en geïnteresseerd in wat my broer te sê het. Die effense stoppelbaard is korter as toe ek hom laas gesien het, maar steeds net so aanloklik. Sy hare lyk heerlik ongekam en verleidelik. Ek sug. *Reuben Gibbs is alles wat heerlik is in één pakkie opgemaak, en ek mag nie vat nie. Ek mag nie kyk nie. Ek mag nie begeer nie...*

*Hoe verneuk mens 'n man wat só lyk?* wonder ek onwillekeurig. *Ek wonder of ek ooit weer na 'n ander man sal kan kyk, as hy myne was... As hy...*

“Madi?” ruk Thys se stem my skielik uit my gedagtes.

“Hmm?”

Hy lag. “Wat gaan aan met jou? Hoor jy nie wat ek sê nie?”

Ek bloos. Al twee se oë is nou op my. “Jammer, my gedagtes was by die restaurant...” jok ek. “Wat het jy gesê?”

“Ek het gevra of dit oukei is as ek gou eers by die selfoonplek ingaan dat hulle na my foon kan kyk. Ek sukkel die afgelope twee dae om my *e-mails* gestuur te kry. Ek kry jou by die woonstel as ek klaar is?”

“Sure,” sê ek. “Ek is maar daar.”

Ons staan op toe die kelnerin die rekening bring, en Thys raap dit op.

“Ek sal betaal,” keer ek, maar hy skud sy kop.

“No ways. *My treat.*” Hy draai na Reuben. “Dit was lekker om jou weer te sien. Kom maak 'n draai by die *gym* as jy weer in Stellenbosch is.”

“Beslis!” knik Reuben.

“So,” vra Thys vir my, “sien jou netnou by die woonstel?”

“Oukei,” sê ek, maar ek is skielik nie meer lus vir kuier nie. Ek wil net onder die komberse inkruip en daar bly totdat Reuben Gibbs en sy sexy mond van die aardbol af verdwyn het.

My broer groet en stap weg tussen die mense deur, en hy los vir my en Reuben alleen by die tafel.

“Jammer ek het julle *meeting* onderbreek...” sê Reuben.

“Dis niks,” sê ek kortaf, en buk om die sakke goed op die vloer op te tel. Ek het vergeet van al die goed wat ek en Julia vroeër vir die bistro gekoop het! Sy het natuurlik ook daarvan vergeet toe sy so *conveniently* spore gemaak het vroeër... En nou moet ek dit alles self by die kar kry.

“Laat ek jou help,” bied Reuben aan asof hy my gedagtes kan lees.

“Nee dankie,” keer ek koppig en sukkel met die swaar sakke orent.

Hy lag, en hou sy hand uit. “Gee vir my,” sê hy weer.

Ek draai my rug op hom, en begin my pad tussen die ander tafeltjies en mense deur baan, die reusesakke soos die druiwetrosse uit die land van Kanaän rondom my.

“Jammer...” sê ek vir die mense wanneer die sakke teen hulle stamp.

“Gee hier, jou koppige vroumens,” fluister Reuben agter my, en vat dan die sakke uit my hande voordat ek kan keer. Ek gluur hom aan, maar hy ignoreer my net en lig die sakke asof hulle niks weeg nie. Hy stap tussen die mense deur en wag vir my voor by die *coffee shop* se ingang.

Ek hou my hande uit vir die sakke, maar hy gee dit nie terug nie. Hy stap na 'n leë winkel trollie wat eenkant staan, pak die sakke daarin, en stoot die trollie dan terug na waar ek hom steeds staan en aangeluur.

“Ek probeer net help,” sê hy.

“Ek soek nie jou hulp nie.” Ek mik om die trollie by hom te vat, maar hy hou sy hande op die handvatsel en begin aanstap met die sypaadjie langs na die parkeerterrein. Ek het geen keuse as om saam te stap nie.

Nie een van ons praat nie, en toe ons by my kar kom, sluit ek die katebak oop en Reuben laai die pakkies in.

“Dankie,” sê ek. “Dit was nie nodig nie.”

“Plesier,” sê hy, sy oë op my.

“Bye...” sê ek.

“En dankie vir my foon,” sê hy dan, onverwags.

“Jou foon? O ja, plesier. Jy het dit vergeet by die restaurant toe ... toe...”

Ons oë ontmoet, en ek bloos. *Wie is Janine?* wil ek skielik vra. Maar ek byt my tong. *Dit het niks met my te doen nie.*

“Dit voel of ek moet jammer sê elke keer as ek jou sien...” begin hy.

“So moenie,” val ek hom kortaf in die rede. En voor hy nog iets kan sê, draai ek om, klim in my kar en klap die deur toe. *Ek is dalk al amper in beheer van my emosies, amper in beheer van my friggen outomatiese reaksies naby hom. Maar ek is nog nie reg om hom te hoor jammer sê dat ons gesoen het nie. Veral nie aangesien daardie soen ál was waaraan ek vir twee dae lank kon dink nie.*

En toe ek wegry en vir die eerste keer in my truspieëltjie kyk, het hy met trollie en al weer tussen die mense verdwyn.

## HOOFSTUK 5

Dis Donderdagaand, my één af aand. Die eerste aand in ek-weet-nie-hoe-lank-nie, wat ek nie by die restaurant gaan werk, of gebukkend oor rekeninge gesit het nie. En ek het net mooi uit 'n warm stort gekom en my sagte kamerjas om my gedraai, toe my foon lui.

“Jy sal moet kom,” sê Karlien verskonend. “Die brandweer is hier.”

Soos een in 'n droom, met my hart vreemd afwesig uit my lyf, trek ek vinnig my jogabroek en grys sweetpak-*top* aan, gryp my sleutels en foon, trek die deur agter my toe, en draf in die donkerte na my kar.

*Ek is verantwoordelik...* dink ek heelyd terwyl ek so vinnig as wat ek kan na die restaurant jaag. Woorde wat ek die afgelope paar maande oor en oor vir myself gesê het. *Ek is verantwoordelik.*

Genadiglik sien ek geen vlamme of rook toe ek by die parkeerterrein inry nie. Net 'n brandweerbussie voor Die Sexy Bistro geparkeer...

Die eerste ding wat ek sien toe ek die restaurant se deur oopstoot, is Erika se gesig

teen die muur, en vir 'n oomblik vang dit my onkant. Ek het vergeet van die prent wat Karlien besig was om te verf... Dis só lewensgetrou dat dit my in my spore laat vassteek. *Dis ons vriendin, haar oë laggend en vol lewe, haar mond oop en die seewind in haar hare...*

Die kombuisdeure swaai oop en Julia kom uit in 'n walm rook en vloekwoorde, haar hare deurmekaar en haar wange rooi.

“Dit was die \$%&@ trainee se skuld!” bars sy los.

“Hoe erg is dit?” vra ek. Dis al wat ek wil weet. *Hoeveel skade. Hoeveel geld.*

“Ek is nie lus vir sulke @#\$% nie, Madi!” raas sy. “Ek het jou gesê ons weet niks van restaurante af nie. Die hele ding was 'n fout...”

Ten spyte van my *crazy* adrenalienvlakke, dwing ek myself om kalm te bly, en ek stap by haar verby kombuis toe. Anderkant die swaaideure staan Karlien by 'n man in brandweer-uniform, en teen die oorkantste muur, bokant die gasstoof, sit 'n swart vlek teen die wit muur. Dit lyk soos 'n rookwolk, 'n swart rookwolk, wat tot teen die plafon dryf. Soos 'n aanklag teen ons, in die middel van die voorheen smetlose restaurant.

*Ons weet nie wat ons doen nie. Ons speel met vuur.*

“Madi,” sê Karlien. “Waar is die brandblusser?”

Ek frons. “Dit moet hier wees.”

“Dit is nie,” sê sy en loer na die brandweerman. Hy kyk my nou ook aan asof hy wag vir 'n verduideliking. *Want ek is verantwoordelik vir die friggen brandblusser ook.*

“Dit was alles veronderstel om hier te wees,” sê ek. “Ons het die plek oorgeneem by die vorige huurder, en alles was in plek.”

“Julle mag nie oopmaak sonder 'n *safety clearance* nie,” sê die man, en skryf iets op 'n papier wat voor hom op die toonbank lê.

“Ons hét 'n *safety clearance*!” keer ek. “Ons het al die papiere...”

“Julle moet 'n brandblusser hê,” sê hy sonder om op te kyk.

Ek byt op my lip. “Hier was veronderstel om een te wees,” sê ek.

“Julle mag nie die stoof gebruik sonder 'n brandblusser nie, juffrou,” sê die man, en hou 'n papier na my toe uit. “Ek het die reg om julle toe te maak as julle nie aan al die vereistes voldoen nie.”

Ek kyk na die papier in my hand. “Wat is dit?”

“n Verslag,” sê hy, “wat sê dat julle nie voldoen aan die *health and safety* regulasies nie, en dat julle nie *clearance* het om oop te maak tot die goed in plek is nie.”

Ek staar na hom. “Maar ons maak oor twee aande oop!”

“Nie as ons nie eers inspeksie gedoen het, en julle die groen lig gegee het nie,” sê hy. “Julle kan môre bel en 'n afspraak maak, dan stuur ons iemand uit.”

Ek luister nie verder nie. My kop draai, en ek voel skielik duiselig. Ek stut myself teen die toonbank, want my bene voel skielik lam. Karlien gee my één kyk en stap dan saam met die brandweerman by die deur uit, haar ewige diplomatieuse self.

Die stilte in die kombuis is verstikkend. Die rook laat my longe brand en my oë traan. Ek kry nie asem nie. In my sak begin my foon skielik lui. Ek grawe dit uit sonder om na die skermpie te kyk.

“Madi van Jaarsveld...”

“Hallo Madi, dis Chantelle le Roux, Miles Downing se agent...”

“Hi...” sê ek en frons. “Is iets fout...?”

“Ek het ongelukkig slegte nuus... Miles is vanoggend in die hospitaal opgeneem met longontsteking. Hy sal nie meer Saterdagand by julle funksie kan optree nie.”

“Wat?” vra ek geskok. “Maar alles is gereël en ons het reeds betaal!”

“Ons sal julle natuurlik *refund*,” sê sy. “Ek is jammer, ek besef dis baie sleg. Maar sulke goed gebeur, en dis ongelukkig buite ons beheer.”

Sy sê nog 'n klomp goed, maar ek hoor nie die woorde nie. Ek druk my foon dood en staar na die vlek teen die muur. Ek skrik toe Karlien skielik agter my praat.

“Wie was dit?” vra sy en wys na die foon.

“Miles Downing kan nie meer kom nie,” sê ek.

Haar oë rek. “Wat?! Hoekom nie?”

“Hy is in die hospitaal.”

Ek draai om en kyk na haar, maar sy bied geen oplossing aan nie. Sy staar my net grootoog aan asof sy wag vir my om 'n towerstaffie te swaai en alles op te los.

“Wat het vanaand hier gebeur?” vra ek moeg en beduie na die stoof. *Nie dat dit saak maak nie, maar dis iets om te sê by die gebrek aan 'n oplossing.*

“Julia en die *trainee* was besig om deur die resep vir Saterdagand te gaan, en toe

slaan die olie aan die brand.”

Net toe kom Julia by die kombuis in. En voordat ek weet wat ek doen, kook ek oor. Al die spanning en die sukkel en die *self-doubt* van die afgelope paar weke het nou 'n *scapegoat* gekry.

“Wat de vrek het jy aangevang?!” skel ek. “Jy weet jy kan nie die *trainees* alleen los nie! Jy is verantwoordelik vir die kombuis. En waar is die friggen brandblusser?”

“Ek weet nie,” sê sy en trek haar skouers op.

“Moet ek dan vir ALLES sorg? Kon een van julle twee nie ten minste net gekyk het dat hier 'n brandblusser is nie?”

“*Hey*, ons doen ons deel,” kap Julia terug, en ek hoor die gevaartoon in haar stem, maar ek verkies om dit te ignoreer. Ek is ontsteld. En moeg.

“Julle doen *sweet* blou boggherol!” raas ek. “En die één aand wat ek die leisels vir jou gee – die één aand – brand jy die plek afl!”

“#\$\$%^ jou!” skree sy en gooi haar hande in die lug.

“Julia...” probeer Karlien keer, maar Julia is *on a roll*.

“Ons is hier omdat JY die plek wou oopmaak,” skree sy, “vir JOU, om JOU te ondersteun! Nie ek of Karlien wou in die eerste plek hier gewees het nie!”

Haar woorde slaan my soos 'n vuishou teen die kop, en ek voel die huil in my keel. “Ons is hier vir Erika!” sê ek, my stem na aan breekpunt.

“*Read my lips!*” skree sy. “ERIKA. IS. DOOD! Sy is nie hier nie! En niks wat jy of ek of Karlien doen, gaan haar terugbring nie!”

En voordat ek nog iets kan sê, draai sy om en storm by die kombuis uit. Ek mik om agter haar aan te gaan, maar Karlien sit haar hand op my arm om my te keer.

“Los haar,” sê sy sag. “Sy is ontsteld. Sy sal afkoel...”

Ek skud my kop. “Ek is moeg daarvoor dat Julia ontsteld mag wees, dat sy 'af' mag wees. Haar gebrek aan konsentrasie het ons vanaand heel moontlik die restaurant gekos!”

Ek gluur na die vlek teen die muur.

“Sy was die een wat die vuur geblus het, Madi...” sê Karlien sag.

Ek kyk verbaas na haar.

“Die vlamme wou nie doodgaan nie,” sê sy. “Ek het die deksel probeer opsit om dit te

smoor, maar dit het nie gewerk nie. En ons kon nie die brandblusser kry nie. Toe gooi Julia twee bottels olie by...”

“Olie?” frons ek.

“Om die olie in die pot se temperatuur af te bring,” sê sy. “En toe eers kry ons die vlamme gesmoor. Dit was baie *scary*, Madi, dit wou nie ophou brand nie, en die alarm het afgegaan. Maar Julia was so kalm... Sy het presies geweet wat om te doen. Sy het haar hand lelik gebrand, maar sy het die vuur geblus. As dit nie vir haar was nie, het alles afgebrand.”

“As dit nie vir haar was nie, het die olie nie aan die brand geslaan nie...”

“Jy kan dit nie sê nie,” keer Karlien. “Ons weet dit nie. Sulke dinge gebeur.”

“Nie as mens dink wat jy doen nie!”

Ek staar voor my uit. In die stilte hoor ons die voordeur klap. Julia het geloop.

*Great.*

“Ek sal opruim...” sê Karlien, maar ek skud my kop.

“Gaan maar,” sê ek. “Ek sal opruim. Ek het 'n bietjie *space* nodig.”

Sy huiwer, en kyk my ondersoekend aan. Maar dan knik sy net en stap by die swaaideure uit. Ek hoor haar in die restaurant vroetel. Ek sug en stap dan agter haar aan. Sy is op pad deur toe met haar sak oor haar skouer en haar boks met verfoed in haar arms.

“Wag...” sê ek. “Ek is jammer.”

“Dis niks,” sê sy. “Dis moeilik ... vir ons almal.”

Ek kyk na die prent teen die muur. “Dis ongelooflik, Lien. Dit lyk nes sy...”

Karliën kyk ook op na die prent. “Amper nes sy,” glimlag sy en draai haar kop skeef. “Met 'n bietjie van my eie interpretasie ook.”

“Dankie...” sê ek. “Dis *stunning*.”

“Jy weet, Julia was baie ontsteld oor die prent toe sy dit vanaand sien. Sy het net hier kom staan en kyk en kyk... Sy kry swaar sonder Erika.”

“Ek weet,” sug ek.

“Is jy seker jy sal orraait wees?” vra sy weer. “Ek sal jou môre help om die brandweer uit te *sort*, en die Miles Downing-ding... Ek is seker hier moet 'n brandblusser wees.”

Ek trek my skouers op. “Dis *fine*. Gaan. M<sup>ô</sup>re is nog 'n dag.”

Dit vat my 'n rukkie net om in beweging te kom nadat Karlien weg is. My lyf voel swaar en my kop voel of dit nie nog één krisis sal kan hanteer nie. *Hoe de dinges het Thys alleen sy eie ding van die grond af gekry? Het alle besigheidseienaars sulke probleme? Hoe sal ek weet... Ek weet niks van besigheid af nie, Reuben was reg.*

*Reuben.*

'n Onverwagse alléén oorval my, en voordat ek myself kan keer, rol 'n traan oor die kant van my wang en in my nek af.

*'Jy was nog altyd anders as die res van ons,' het Erika gesê. 'Jy benader alles met jou kop, nie met jou hart nie...'* Weer dink ek aan die man aan wie sy my wou voorstel.

*Miskien is dit te laat vir 'n blind date... Miskien is ek reeds 'n lost case met 'n kop vol syfertjies en 'n leë hart. Miskien sal niemand my ooit weer soen soos Reuben Gibbs my gesoen het nie...*

Al hierdie dinge maal deur my gedagtes terwyl ek die skoonmaakmiddels uit die kas haal, en die gemors in die kombuis begin opruim. Teen die tyd dat ek klaar is, is dit al ná halfagt.

Moedeloos en lyfseer loop ek 'n laaste keer deur die restaurant om te kyk dat alles afgeskakel is. By die deur kyk ek terug na die prent teen die muur. Ek hou my oë op haar, terwyl ek met my hand teen die muur voel vir die skakelaar. En toe ek die ligte afskakel, is Erika weg.

Ek maak die deur oop, en word begroet deur 'n mislike, koue reënvlaag wat oor die stoep vee. Dit moes begin reën het terwyl ek besig was. Ek sluit die traliehek agter my, en kyk huiwerig na my kar wat 'n entjie weg in die gietende reën staan. Dan voel ek in my sak vir die sleutels, en my hart word yskoud.

*Nee...*

*Nie weer nie.*

*Nie nou nie.*

Ek stap vinnig na my kar toe, skaars bewus van die koue druppels in my gesig. *Asseblief, moenie dat my sleutels in die kar wees nie... Asseblief, moenie dat my sleutels in die kar wees nie...*

My sleutels is in die kar. Hulle sit in die *ignition* waar ek dit gelos het.



'n Kwaad stoot in my op, en 'n harde snik ontsnap uit my keel. Ek weet nie meer of dit trane of reën in my gesig is nie, maar ek gee nie om nie. Ek bal my vuiste en skree – hard en skril in die leë parkeerterrein. Ek slaan teen die ruit. Nog 'n keer en nóg 'n keer, terwyl ek vloek en gil en skree. Die reëndruppels rol teen my ruggraat af, onder my sweetpak-top in, en die plas water waarin ek staan, sypel stadig deur my seilskoene. Ek skop en skóp teen die kar se wiel tot ek uitasem is, en val dan vooroor met my arms teen die koue metaal van die kar se dak, laat sak my gesig, en huil.

Dis die eerste huil ná ons Erika begrawe het, en dit voel vir my ek bloei leeg. Asof ek nooit weer gaan ophou huil nie.

“Madi?”

My kop ruk op, en ek staan verskrik terug, my lyf teen die kar se deur.

Agter my, in die gietende reën, staan Reuben Gibbs. Ek kan nie sy gesig uitmaak nie, maar ek weet dis hy. *Want ek ken elke lyn van sy skouers en sy nek en sy arms...* Hy het oefenklere aan, 'n hardloopbroek en tekkies, en 'n langmou-*hoody* wat los om sy breë skouers sit. In die skemer maak die reën 'n soort miswolk rondom hom in die gloed van die straatlig, en vir 'n oomblik wonder ek of ek droom.

“Madi, wat is fout?” vra hy dringend. En dan is hy by my, sy oë soekend op my betraande gesig – bekommerd, besorgd en...

Ek snik. Die huil kom soos 'n brander uit my uit en my lyf ruk. Tussen trane en snikke deur stamel ek: “Die brandweer was hier...”

“Wat?!” Sy oë rek en hy kyk vinnig na die gebou se kant toe.

“Dis niks...” snik ek. “Die olie ... die olie... Dis niks. Dis *fine* nou... Dis net...”

“Wat?” vra hy, bekommerd. “Wat het gebeur?”

“Ek ... ek ... weet nie wat ek doen nie!” huil ek. “Jy was reg! Dis ... een groot gemors ... die hele ding! Ek kan nie...” Ek huil nou só dat ek skaars kan praat, want sy nabyheid, sy besorgdheid, sy sterk *híer* wees, het my skanse laat afkom. En onder dit is ek net seer. En baie bang. “Miles Downing ... het gekanselleer...” snik ek. “En Julia ... is kwaad vir my... En ek het my ... friggen sleutels ... in my friggen kar toegesluit! En ... jy ... wil my nie ... soen nie... En my vriendin is dood... Reuben... Erika is dood...”

Ek huil nou soos 'n kleintjie, en laat sak my gesig in my hande. En toe ek weer opkyk deur my trane, het sy gesig verander – die uitdrukking in sy oë – na iets wat ek nie kan plaas nie. Vir 'n oomblik kyk ons net na mekaar. Op my plat seilskoene is ek nou 'n hele

kop korter as hy. Dan trek hy my nader tot teenaan sy bors. Tot in sy arms. En daar hou hy my vas tot al die rukgolwe deur my lyf gegaan het, en al die huil uit my uitgeloop het, en al die seer en die moeg van die afgelope tyd soos braaksel uit my keel gekom het. En hy vryf en vryf oor my hare, wat nou nat is van die reën. Hy hou my vas tot ek stil geword het, en ons net daar staan.

“Laat ek jou help...” sê hy sag.

Ek raak vir die eerste keer weer bewus van die reën en my klere en hare wat nou klou aan my lyf. Toe ek opkyk, is Reuben self druipnat, sy gesig en sy hare en die punte van sy ore vol druppels. En die reën sak nou swaarder om ons uit.

Ek maak my mond oop om iets te sê, maar hy beduie na die onderdakparkering 'n ent weg en sê: “My kar staan net daar. Kom ek vat jou huis toe.”

“Maar my kar...”

“Ek sal terugkom vir jou kar,” sê hy, asof die saak afgehandel is. “Kom.” Hy stuur my aan die elmboog oor die nat parkeerterrein, en nou sien ek vir die eerste keer die kar wat onder die afdak langs die gebou geparkeer staan. Reuben haal die *remote* uit sy *hoody* se sak, en die kar se ligte flikker. Hy maak die deur aan die passasierskant vir my oop.

Ek huiwer. “Ek is nat...” sê ek.

“Ek ook,” sê hy. “Moenie daaroor *worry* nie.”

Versigtig klim ek in, en hy maak die deur toe. Ek hoor hom om die kar draf en dan klim hy langs my in. Die spasie binne-in die kar voel vreemd intiem en stil, asof ons skielik in 'n *alternative reality* beland het. Die reën maak patrone teen die ruite. Reuben skakel die enjin aan, en draai die *heater* oop. Binne oomblikke vul warm lug die ruimte, en my lyf begin so 'n klein bietjie ontspan.

Langs my het hy nou oorgeleun en sy selfoon uit die *cubbyhole* gehaal. Sonder om na my te kyk, druk hy 'n paar keer op die skerm en lig dan die foon teen sy oor.

“Louis,” sê hy. “Jammer om jou so laat te pla. Hoor hier, ek het 'n guns nodig...”

Nes die ander dag by die hospitaal, staar ek woordeloos, *mesmerised*, oor hoe in beheer hy klink. Hoe presies hy weet wat om te doen. *Obviously dink Reuben Gibbs niks van 'n krisis nie...*

“Ek gaan jou by die huis aflaai,” sê hy nadat hy die foon weer gebêre het. “En dan sal Louis my sommer daar optel dat ons jou kar kan kom oopmaak.”

“Maar ek kan nie...”

“Madi,” sê hy en draai na my. Sy hare kleef nat aan sy slape, en sy groen oë is lewendig ... en naby. My maag draai, só aantreklik is hy. “Laat ek jou help, om hemelsnaam. Moenie so hardegat wees nie...”

“Maar ek soek nie gunste nie...”

Hy rol sy oë, en *reverse* die kar by die parkeerplek uit. “Wel, dan moet jy nie 'n besigheid bestuur nie. Die sakewêreld gaan oor gunste, oor netwerk, oor kontakte opbou – mense wat jy kan bel agtuur in die aand as jy 'n krisis het.”

Ek sluk. “Dié Louis...” sê ek sag. “Dis nie dalk dieselfde man wat nou die dag ook my kar kom oopsluit het nie?”

“Dit is,” grinnik hy.

Ek slaan my hande oor my gesig en kreun, en ek hoor hom langs my *chuckle*.

“Die hemel weet wat die man van my moet dink...” kerm ek. “Ek is 'n gemors...”

“Nee wat,” sê hy. “Dis deel van die *game*. Besigheid is krisisbestuur – *twenty-four-seven*.”

“Ja, maar skep ander mense ook hulle eie krisisse?” sug ek moedeloos.

Hy glimlag. “Soms. En dan leer mens om volgende keer beter te doen. Moenie jouself so gou afskryf nie, Madi van Jaarsveld.”

Ek kyk na hom, maar sy oë is weer op die pad. “So, waar woon jy?” vra hy.

“Nie ver nie. So vier blokke weg. Draai links daar by die verkeerslig.” Ek beduie na die lig wat pas groen geword het, en hy sit die flikkerlig aan.

“So, wat maak jy dié tyd van die aand hier in die middel van nêrens?” vra ek om van my eie emosies af weg te kom. *Want Reuben Gibbs hier naby my in hierdie klein spasie ... het al my senses skielik weer in overdrive...*

“Ek het gaan draf,” sê hy. “Gelukkig vir jou.” 'n Glimlag krul om sy mond.

“Net vir die rekord,” sug ek. “Dit was nie my beste oomblik nie... Ek is gewoonlik ... béter.”

Ek onthou,” sê hy. “Die son straal mos uit jou uit...”

Ek trek vir hom 'n gesig. Hy grinnik net en kyk weer voor hom.

Vir 'n rukkie ry ons so in stilte. “En net vir die rekord,” sê hy dan, sagter, sy oë op die

pad. “Ek wil jou soen.”

*Wat?!*

My oë rek en my hart klim by my keel uit, en ek maak my mond oop om iets te sê, maar kan aan niks *appropriate* dink nie. Ek maak my mond weer vinnig toe en kyk stip voor my uit, maar sy woorde maal en maal nou deur my kop.

*En ek voel nie meer die koue nie.*

“Jy moet sê hoe ek moet ry,” onderbreek hy my gedagtes.

“Draai links hier,” sê ek, en beduie na die stopstraat. Ek stuur hom na my woonstelgebou toe, en hy parkeer die kar in een van die besoekersplekke onderdak. Ek vryf oor my arms en bewe toe ons uitklim, want die wind is koud teen my nat lyf.

“Jy moet in 'n warm stort kom,” sê hy.

Dan BIEP sy foon skielik. Hy loer na die skerm. “Dis Louis. Ek moet vir hom die *location link* stuur. Hy is op pad.” Hy tik op sy foon se skerm, en sê dan: “Ek stap gou saam tot by die deur. Anders weet ek nie waar om te kom klop as ek netnou jou kar vir jou bring nie.”

Hy gaan agter my aan by die trappe op tot op die eerste vloer, en wag voor die deur totdat ek oopgesluit en die ligte aangeskakel het.

“Oukei,” sê hy. “Ek is nou terug.” Hy mik om te loop.

“Reuben...”

Hy gaan staan, en kyk vraend op. *Hel, sy oë is groen... En só sexy.*

*Reuben Gibbs wil my soen...*

“Dankie...” Ek sluk.

“Gaan kry jousef warm,” knik hy. “Ek is nou terug.” Hy verdwyn met die donker stoep langs, en ek hoor hom by die trappies afdraf voordat ek die voordeur toemaak. Hitte vloei deur my lyf, ten spyte van my hoendervleis. Ek staan vir 'n oomblik stil – ingedagte. En dan kyk ek op en vang my weerkaatsing in die spieël teen die oorkantste muur.

*O vrek. Is dit hoe ek lyk?!*

My *eyeliner* loop oor my wange, my neus is rooi en opgeswel van die huil, en my hare klou in slierte aan my wange en nek vas. *Ek. Lyk. Pateties.*

*En absoluut ónsoenbaar...*

Vinnig draf ek kamer toe en stroop die nat klere van my af. Dan draai ek die stortkrane

in die klein *en suite*-badkamertjie oop, en klim in. Ek was my hare en my gesig, en bly staan onder die warm straal tot die lewe weer na my lyf teruggekeer het. Maar heertyd dink ek aan Reuben, aan wat hy gesê het. Ek dink aan sy mond op myne en sy groen oë in die skemer van die kar.

*En dink aan Reuben se lyf hier by my in die stort...*

*Ek is in die moeilikheid.*

Nadat ek uitgeklim het en my hare drooggevyf het, trek ek 'n sweetpakkbroek aan, en trek dan 'n *oversized* T-hemp oor my kop. Ek het net mooi die ketel in die kombuis aangeskakel en twee bekere uitgehaal vir tee, toe daar 'n klop aan die deur is. Met bewende hande gaan maak ek oop. En daar staan 'n druiptnat Reuben, my kosbare karsleutel swaaiend in sy hand in die lug, en 'n selfvoldane glimlag op sy bakkies.

“Ek skuld jou,” probeer ek glimlag, maar my asem slaan weg onder daardie kyk, en my hart wil by my keel uitklim. Ek kan voel hoe my weerstand verkrummel, met elke sekonde wat ek in sy teenwoordigheid is, wat ek in daardie oë kyk...

“Ja, jy doen,” grinnik hy toe ek die sleutel selfbewus uit sy hand gryp.

“Kom ons begin met 'n beker warm tee,” sê ek verleë, en staan opsy dat hy kan inkom. Hy skuur by my verby, en ek maak die voordeur toe. En toe ek omdraai, voel die klein vertrekke waarin ons staan skielik nóg kleiner.

*Die hele woonstel voel anders... Reuben se teenwoordigheid het dit verander die oomblik toe hy oor die drumpel getrap het.*

“Ek kry gou vir jou 'n handdoek...” stamel ek, en vlug in die gang af. Toe ek terugkom uit die badkamer, staan hy steeds op dieselfde plek, sy oë op my.

“Hier,” sê ek, en hou die handdoek na hom uit.

Hy vat dit nie dadelik nie. Hy huiwer, maar steek dan tog sy hand uit en neem dit by my. Ons vingers raak vlugtig aan mekaar, en elektrisiteit ruk deur my lyf. Ek laat vinnig los. Hy vou die handdoek oop en vee sy gesig af, dan sy hare en sy nek. Dan sy arms, en sy bene. Hy trap sy nat skoene met die ander voet uit, en doen dan dieselfde met die tweede skoene. Hy stroop die nat sokkies af, en droog dan sy voete ook af.

En ek, soos een in 'n beswyming, staan elke beweging en dophou omdat ek nie kan wegkyk nie. Ek is betower. Verslaaf. Gehipnotiseerd.

Hy kom weer regop en ons oë ontmoet. Woordeloos hou hy die nat handdoek na my uit, en soos een in 'n droom vat ek dit. Ek laat dit langs my oor die stoel se rugleuning gly

sonder om my oë van syne af te haal.

“Madi...” sê hy sag. “Miskien is dit beter as ek gaan...”

Ek antwoord nie. Ek gaan effens nader, en lig my hand stadig tot waar die natgereënde *hoody* se ritssluiters oor sy bors opgetrek is. Stadig, baie stadig, trek ek die ritssluiters af. Ek haal skaars asem. Hy staan doodstil. Hy roer nie. My oë volg die ritssluiters tot ek dit onder lostrek, en dan lig ek my oë weer op na syne.

Hy kyk net na my, sy groen oë onleesbaar. Maar hy keer my nie.

Ek sluk, en lek selfbewus oor my lippe. Dan gly ek my hande onder die nat *hoody* in ... en lig dit oor sy skouers. Ek skuif dit oor sy arms af, en dit val in 'n hoop op die vloer langs sy skoene.

Hy het 'n T-hemp aan, sonder moue. *Hy het mooi arms...* Die hemp klou nat aan sy breë skouers en bors, en ek huiwer net vir 'n oomblik. My vingers rus liggies op die soom van die T-hemp, net bokant sy heupe. Dan lig ek die nat materiaal stadig op. Ek skuif dit op oor sy maag, oor sy bors, tot onder sy arms. Hy keer my nie. Hy lig sy arms sodat ek die nat T-hemp oor sy kop kan trek, en dan val dit ook geluidloos vloer toe.

My oë gly oor sy kaal bolyf... *Sterk bors, gespierde skouers, plat maag...*

*Ek wil vat. Maar ek huiwer, want ek was nog nooit só nie. Ek was nog nooit hierdie Madi nie. Ek wou nog nooit so graag aan iemand raak nie...*

“Madi...” sê hy weer, sy stem laag en hees. “Wat doen jy...?”

Ons oë ontmoet.

*Holy smoke...*

“Reuben...” sê ek sag. “Soen my ... asseblie...” Maar ek kom nie verder nie, want sy hande het reeds onder my hare ingegly en my nadergetrek. Hy vloek saggies, en dan is sy mond op myne – sy sagte, wonderlike mond – en hy sóén my. Ek kreun teen sy lippe en my arms gly om sy lyf. Hy verdiep die soen, en ek kan sy hande voel vuiste maak in my hare. Ek soen hom terug sonder enige terughou, of huiwer, of voorgee, of bang. Asof dit die eerlikste ding is wat ek nog ooit gedoen het, die wáárste emosie wat nog ooit deur my are gevloei het. Sy hande gly af oor my rug, en onder my *oversized* T-hemp in tot op my boude. En dan lig hy my teen hom op. My bene gaan outomaties om sy lyf, en sonder om ons soen te breek, druk hy my met my rug teen die gangmuur vas.

“Jy ... wíl my soen...” prewel ek teen sy mond.

“Ek wil,” fluister hy terug, sy stem hees. “Van die friggen eerste oomblik af.”

Sy oë lig na myne, en ek sien begeerte in hulle – 'n begeerte wat my eie reflekteer. 'n Begeerte wat nie sin maak nie, want ek ken hierdie man skaars. En alles aan hom is 'n risiko vir 'n meisie soos ek. Maar ek het ál my goeie voornemens vergeet. Dit het afgewas en weggespoel iewers in die reën. Ek kan nie eens meer onthou wat hulle was nie, want Reuben laat my alles vergeet. Alles. Behalwe hom.

Sy hand is warm in my nek, en hy vryf met sy duim oor my onderlip.

“Ek #\$\$%^ love jou mond...” sê hy.

“Dis *mutual*...” sê ek, en dan trek ek hom weer nader.

Buite het die reën nou weer hard uitgesak, maar ek hoor dit skaars. En die Madi wat altyd net met haar kop gedink het, die een met die leë hart ... sy bestaan nie meer nie.

## HOOFSTUK 6

Ek staan in die kombuisie en luister hoe die stort se water loop, terwyl ek wag vir die ketel om te kook. Voor my staan twee bekers met teesakkies in. Die horlosie teen die muur sê dis halftwaalf.

*Ons het nooit by die tee uitgekom nie...*

My hare is deurmekaar, en my T-hemp hopeloos gekreukel. My bene is kaal, want die sweetpakbroek het ek iewers verloor – iewers tussen hier en die slaapkamer. Die vel rondom my mond tintel van die krap van sy baard ... *en ook al die ander plekke op my vel waar sy baard gekrap het...*

Ek staan ingedagte aan my duim se nael en kou, en besef eers na 'n rukkie dat die ketel lankal klaar gekook het en vanself afgeskakel het. Ek skink water in die bekers, en wag vir die tee om te trek.

*Dit was 'n risiko ... wat tussen my en Reuben gebeur het. Volgens alle berekeninge nie die veilige course of action nie. Dalk is dit die bistro se skuld – hierdie nûwe Madi? Wie weet wat alles gebeur wanneer mens eers begin om jou drome te gaan dóén... Dis soos die een of ander Pandora's Box – die één risiko lei na die ander, en voordat jy weet wat aangaan, is jy ver buite die grense van wat 'veilig' was.*

*Maar oh my word... Niks wat ek in my hele lewe nog ervaar het, kom eens naby aan wat vanaand tussen my en Reuben gebeur het nie. As ek daaraan dink, draai my maag en my bene word lam. As ek dink aan sy mond op myne, sy gesig hier naby my, sy asem in my nek, sy hande op my lyf... As ek dink aan die honger in sy lyf, asof hy my nie kan uitlos nie. Asof ek dieselfde magnetiese aantrekkingskrag op hom het as hy op my.*

*Is dit waarvan Erika gepraat het? Is dit waarop ek uitgemis het, weggekruip agter my veilige syfertjies en bottom lines?*

“Wow...” sê Reuben saggies in die deur, en ek swaai om. Hy staan met sy skouer teen die kosyn geleun, en sy oë gly oor my kaal bene. Behalwe vir die handdoek om sy heupe, is hy heeltemal kaal en wonderlik sexy ... *on full display*.

*Wow jousef...*

“Ek dink hier is nog van Thys se klere in die kas,” sê ek verleë. “Dit behoort vir jou te pas. Ek het jou nat klere opgehang, maar ek het ongelukkig nie 'n *tumble dryer* of iets nie... Dit gaan nie droog wees voor môreoggend nie. Maar jy kan solank van Thys se klere vat as jy ... as jy ... wil gaan.”

Ek maak of ek met die tee besig is, maar ek bly oorbewus van hom. Hy antwoord nie. Hy beweeg ook nie. Hy bly net in die deur staan en kyk na my.

“Hier is kouevleis en kaas,” sê ek. “Ek kan vir ons broodjies maak... As jy honger is...?”

“Madi...”

“Hmm...?”

Ek kyk op en ontmoet sy oë. Grasgroen oë wat my honger aankyk, maar nie vir broodjies of kouevleis nie...

*Holy smoke, hy is hot...*

Ek sluk, en kyk vinnig weg.

“Kyk vir my.”

My hande raak stil op die bekers, en ek kyk weer op.

“Ek het nie beplan vir dit nie,” sê hy sag. “Vir ... dit. Ons...”

“Ek weet,” sê ek. “Ek ook nie... Dit was ... seker nie 'n goeie idee nie.”

Hy beweeg stadig nader tot hy reg voor my staan, sit sy vinger onder my ken en dwing my om hom in die oë te kyk. *Hierdie man laat my seriously van alles om my vergeet...*



“Ek het baklei hierteen,” sê hy sag, sy oë soekend in myne. “Ek het baklei teen wat jy aan my doen.”

“Wat doen ek aan jou?” vra ek, en my stem slaan weg.

Die kante van sy mooi mond krul, en sy oë gly af na my lippe. “Kon jy dit nog nie uit-figure nie, *Shorty?*” vra hy sag. “Moet ek jou weer wys, want ek sál...”

Ek byt op my lip, want die skoenlappers fladder in my maag en my vingerpunte jeuk om te vát.

“Wat ek probeer sê ... is ek is jammer,” sê hy. “Ek weet ek was 'n ass daardie dag in die restaurant, toe jy my gesoen het...”

“Ek dag jy het my gesoen?” glimlag ek.

Hy sug gemaak gefrustreerd, en draai die punt van my hare om en om sy wysvinger. *Hoe is dit moontlik dat só 'n klein, onskuldige aanrakinkie so eróties kan voel? Alles aan Reuben Gibbs voel vir my eroties, en daar is niks logies daaraan nie. Ek kan dit nie verduidelik nie. Dis net hoe dit is. Dis net hoe dit van die eerste oomblik af was, toe hy by die restaurant ingekom het om my uit te vreet oor...*

“Wat ek probeer sê,” sê hy weer, “is dat, die rede waarom ek so ... opgetree het, was omdat ek nie geweet het wat om te doen met dit nie.” Hy beduie na ons. “Met wat jy aan my doen. Dit het my onkant gevang die eerste oomblik toe ek jou gesien het. Ek het geweet ek wil jou soen – daardie heel eerste dag al.”

My wenkbroue lig. “Regtig?”

Hy grinnik, en vryf liggies met sy duim oor my mond. “Hierdie mond van jou, juffrou Van Jaarsveld... Die oomblik toe ek dit sien, wou ek dit proe. Dis so...” Hy bring sy gesig nader en soen my sag, baie sag op die mond. My oë val toe.

“Reuben...” fluister ek teen sy lippe.

“Hmm...” Hy soen die kante van my mond, my ken, my nek...

“Wag,” giggel ek, en trek effens terug. “Daar's ... iets wat ek jou moet sê.”

Hy lig sy kop en kyk vraend na my, en ek sluk. Ek skraap al my moed bymekaar...

“Louisa het my vertel,” sê ek.

Hy frons effens.

“Van die restaurant,” sê ek weer. “Van ... jou ex...”

Ek hou sy oë dop, en sien die besef in hulle registreer. Die nugterheid. En sy hande gly van my skouers af.

“Sy wou nie, maar ná ons uitval het sy gevoel sy moet verduidelik...” sê ek vinnig, my hart in my keel. “Sy wou nie hê ek moet dink dit was persoonlik nie.”

Hy sê niks, maar ek kan sien hoe die gedagtes deur sy kop maal, hoe hy verwerk wat ek gesê het.

“Is jy vies?” vra ek sag.

Hy kyk na my, en skud dan sy kop stadig. “Nee, nie vir jou nie.”

“Sy wou net *cover* vir jou, Reuben,” sê ek sag.

Hy knik. “Ek verstaan dit,” sê hy. “Ek wens net sy het dit eerder met my bespreek. Jy moes dit by my gehoor het, nie by haar nie.”

Ek weet nie wat om te sê nie. Sy groen oë rus nou op myne, onseker. Dan sê hy: “Dit het niks met jou – met óns – te doen nie. Jy weet dit, né?”

Ek trek my skouers op.

“Madi? Jy weet dit, né?”

“Ek is net bang dat...”

“Wat?” vra hy sag.

“Dat jy aan háár dink as jy by die bistro instap. Dat jy dink ek is dieselfde, dat ek dieselfde gaan doen... Dat ek...”

“Dis nie dieselfde nie.”

“Ek weet...”

“Kyk vir my. Dis nie dieselfde nie.”

Ons kyk na mekaar. Dan lig hy sy hande en stoot hulle onder my hare in, agter my nek, en trek my nader.

“Sy was ... impulsief en arrogant, en sy het mense misbruik. Daar is niks van haar in jou nie. Daar's geen manier dat ek aan háár kan dink as ek by jou is nie.”

Ek sug saggies. “Ek bedoel die bistro,” sê ek. “Ek is bang jy dink aan haar as jy by die bistro instap, dat jy die restaurant nie 'n kans sal gee nie oor ... omdat...”

“Ek praat ook van die bistro,” sê hy, en glimlag. “Dis jónu restaurant, Madi, en maak nie saak of jy dieselfde perseel gebruik met dieselfde *fittings* en dieselfde verf en ligte en mure

en alles nie – jý, Madi van Jaarsveld, IS die besigheid. Jy bepaal die atmosfeer van die plek. Dis vir jóú wat mense gaan sien en ervaar as hulle daar is.”

Verwonderd kyk ek na hom. “So jy dink glad nie aan haar as jy daar is nie?” vra ek.

“Miskien het ek die eerste dag, en dis waarom ek...”

“Varkagtig was?” glimlag ek.

“*Ouch...*” grinnik hy. “Maar ja, seker. Jy het my onkant gevang. Maar die waarheid is: Nadat ek daar weg is en nadat ek jou by die hospitaal raakgeloop het, was al waaraan ek kon dink, hierdie mond van jou. En hoe graag ek dit wil soen.”

“Regtig?” vra ek sag. *Want dis al waaraan ek ook kon dink...*

Hy knik. “Regtig,” sê hy. “Ek het dit probeer *fight*, maar jy is net...” Hy sug gefrustreerd. “Jy doen dinge aan my.”

“En jy aan my...” glimlag ek. Ek gly my arms om sy nek, speel liggies met sy hare tussen my vingers, voel sy sterk bors teen my lyf druk. “So wat doen ons nou?” vra ek sag.

“Laat ek jou help,” sê hy. “Geen gunsies nie. Geen boekhou van wie skuld vir wie wat nie. Dis moeilik genoeg om 'n besigheid van die grond af te kry, *nevermind* op jou eie. En ek kén die restaurant. Ek het dit al voorheen gedoen. Laat ek jou help.”

Ek byt op my lip en huiwer. “Daar ís iets waarmee jy dalk kan help...” sê ek dan.

“Wat?” vra hy.

“Weet jy dalk waar die brandblusser is?”

Sy wenkbroue lig verbaas, en dan lag hy. “Kan ek jou dalk môre daarmee help?” vra hy. “Of wil jy dit nou dadelik...?”

Maar hy kom nie verder nie, want dis laat en ek is moeg vir praat. En sy aantreklike lag was soos die laaste *cherry* op die koek van al die *hotness* wat ek die afgelope paar minute moes weerstaan. Ek trek hom nader en soen hom. En toe sy arms om my gly, my oplig, en my kamer toe dra, bly die bekere tee net so op die toonbank staan. Vir 'n tweede keer vanaand.

“So, wat presies dóén jy elke dag?” vra ek.

Ek lê met my kop op Reuben se bors en luister na sy asemhaling in die donker. Die

gordyne is oopgetrek, en die lig van die straatlampe gooi patrone oor die deurmekaar duvet wat om ons gedraai is. Ek streel met my vingerpunte oor sy bors. Sy vingers is in my hare verstrengel, en hy vryf liggies teen my kopvel.

*Dis asof ons net nie kan ophou ráák aan mekaar nie.*

*Ek weet nie waar sy lyf begin en myne ophou nie, want in die skemer van die kamer is die lyne uitgevee. Die wêreld rondom ons het verdwyn, en ek klou aan elke minuut vas – bang vir wat vir ons wag wanneer die son môre opkom. Wanneer ons dinge weer gaan sien soos wat hulle regtig is.*

“My maatskappy besit die gebou waarin die kantore is,” sê hy. “So ek bestuur dit.”

“Ek weet,” sê ek. “Maar wat dóén jy fisies elke dag?”

Hy lag saggies. “Wat dínk jy doen ek elke dag?”

Ek lig my kop en stut my ken op my hand dat ek na hom kan kyk. “Ek weet nie, speel op Facebook rond...”

Hy lag weer, en sy bors skud onder my. Ek grinnik terug. “Nee, *seriously*, Louisa en Charles doen die verhurings, en volgens wat ek kan aflei, *deal* hulle met die huurders. So wat doen die baas, Reuben Gibbs, elke dag?”

“Wel, vóór ek die maatskappy gestig het, het ek ook ander besighede se persele bestuur en uitverhuur. Maar ek het die geleentheid gekry om te *invest* in 'n kleinerige kantoorgebou, wat ons toe opgradeer het. Dit was op 'n goeie plek, en op die ou end kon ek my aandeel verkoop vir baie meer as wat ek ingesit het. Ek het daardie geld gebruik om my eie ding te begin. Ek het die maatskappy geregistreer en ons het 'n stuk grond ontwikkel, nuwe kantore opgesit. En uit daardie wins kon ek en 'n vennoot hierdie gebou koop. Ek het hom verlede jaar uitgekoop.”

“Wow...” sê ek. “So. Wat. Doen. Jy. Elke. Dag?”

Hy lag. “Meestal 'n vrag admin. Maar ek sien ook kliënte, en hou 'n ogie oor die huurders, kyk dat hulle nie my geboue afbrand of hulle sleutels in hulle karre toesluit nie.”

Ek grinnik vir hom. “Oukei... En wat is volgende vir jou? Waarmee is jy besig?” *Want ek ken sakemanne soos Reuben Gibbs. Hulle sit nooit stil nie. Hulle skuif van die een groot risiko na die volgende.*

“Daar is 'n gebou in Johannesburg wat ons dalk wil koop,” sê hy. “Ek is besig om dit te ondersoek. Dis 'n ou gebou, en dit kort baie herstelwerk. Maar die *location* is goed. Een van my vorige kliënte wil groot kantore daar oopmaak, en hy wil hê my maatskappy moet

dit saam met hom koop. Vyftig-vyftig. Dis 'n goeie belegging.”

“So, dis hoekom jy in Johannesburg was?” vra ek.

“Ek was die afgelope tyd baie daar,” sê hy. “Dis nie 'n klein besluit nie. Tot dusver was al ons eiendom hier in die Kaap, en dit maak dit makliker. Maar die Kaap-kantoor hardloop nou eintlik vanself, so my hande is losser. Die ding is, as ons die gebou daarbo koop, sal ek heel moontlik soontoe moet trek. Of ten minste daar gaan bly vir ses maande tot 'n jaar – tot die herstellings afgehandel is en al die kantore uitverhuur is.”

*Johannesburg toe trek?*

Die nare, donker kol wat in my maag kom draai, kom só vinnig en onverwags, dat dit my glimlag insluk voordat ek dit kan keer.

Maar Reuben het dit gesien.

“Hey...” fluister hy, en raak met sy kneukels aan my wang. “Niks is finaal nie. Daar moet nog baie goed gebeur.”

Ek sit regop langs hom, trek die duvet op tot teen my bors, en stoot my hand deur my los hare. Dan kyk ek hom reguit in die oë.

“Reuben, jy skuld my niks. Hierdie ding, wat ookal tussen my en jou is, dis ... onseker. Dit sal dom wees om enige groot besluite te neem – veral besigheidsbesluite – op grond van iets wat ons nog nie eens weet presies wat dit is nie, of waarheen dit gaan nie.”

“Dis nie sommer net 'n *fling* vir my nie, Madi, as dit is wat jy dink...”

“Ek dink niks,” sê ek, en probeer gerusstellend glimlag. Maar binne-in my bors krimp my hart ineen. *Hier is 'n risiko vir seerkry... 'n Risiko vir Reuben se besigheid, vir Die Sexy Bistro... En dis nie die moeite werd nie, is dit...?*

“Kom ons kyk eers wat gebeur,” sê ek sag.

“Ek is mal oor jou...” fluister hy. “Ek het geweet, as ek act op wat ek voel vir jou – op hierdie aangetrokkenheid, sal dit dinge ingewikkeld maak. En dis waarom ek daarteen baklei het. Maar ons is verby daardie punt, is ons nie? Dis reeds ingewikkeld...”

“Dit hoef nie te wees nie,” sê ek, en trek effens weg.

Maar hy sit sy hand sag om my arm en trek my weer nader. “Ék ... is verby daardie punt, Madi,” sê hy. “Ek het geval vir jou. Hård. Ek weet dis nog nuut, en daar's baie *complicating factors*, maar ek wil hê jy moet weet dis nie sommer niks hierdie vir my nie. Ek is nie hier omdat... Ek doen nie sulke goed nie.”

“Watse goed?” vra ek sag.

Hy kyk my stil aan. “Jy is die eerste meisie ... ná haar.”

My oë rek. *Om die een of ander rede het ek net aangeneem dat 'n man wat soos Reuben Gibbs lyk, 'n suksesvolle sakeman, stringe meisies agter hom sal aanhê...*

“Jy is die eerste meisie oor wie ek so voel,” sê hy, en tel my hand op om dit te soen.

“Ná haar?” vra ek.

“Ooit,” sê hy sag, en ek kan sien in sy oë dat hy dit bedoel. “Niemand, nie eens sý nie, het my so – teen al my beterwete en my beste voornemens in – net ... oorrompel nie.”

“Oorrompel?” glimlag ek.

“Totaal en al,” grinnik hy. “Ek het geen verweer teen jou nie, Madi van Jaarsveld.”

“So, ek kan jou lekker misbruik as ek wil?” terg ek voordat ek dink. En dan is ek dadelik spyt, want 'n effense sluier trek oor sy gesig.

“Dis nie wat ek bedoel nie...” keer ek. “Dis net 'n grappie. Ek is jammer.”

Hy skud sy kop, en kyk na my. “Jy sou kón,” sê hy. “As jy wou. Want ek is baie erg oor jou.”

Ons kyk in stilte na mekaar. Dan lig ek myself op, en klouter bo-op hom tot ek wydsbeen oor sy lyf sit, my hande op sy bors.

“Goed so,” sê ek. “Want die *feeling is mutual...*”

Sy hande gly op oor my rug, trek my af na hom toe. My los hare val vorentoe, en maak 'n gordyn rondom ons. En toe my mond aan syne raak, en sy arms om my gaan, wéét ek: Ek is ook lankal by die omdraaipunt verby. Hierdie man, ingewikkeld of nie, het my ook oorrompel. En as hy moet Johannesburg toe gaan, gaan ek seerkry.

*En wat gaan dan van Erika se droom word, en Julia en Karlien s'n? Wat gaan dan van Die Sexy Bistro word?*

## HOOFSTUK 7

Die brandblusser het voete gekry. Almal onthou dat dit daar was, agter die swaaideure

teen die muur in die kombuis. Dis nie meer daar nie.

“Ek het gereël dat die brandweer môreoggend kom inspeksie doen,” sê Karlien hier waar die twee van ons nou by 'n tafeltjie in die bistro sit, vooroor gebuig oor die laaste *check list* vir môreaand se funksie. “Ons moet net voor dan 'n nuwe brandblusser kry. Maar ons sny dit baie fyn... As hulle nie vir ons die *clearance* gee nie, kan ons nie môreaand oopmaak nie.”

“Hulle sal,” sê ek, en speel met die teelepel in my koffie. “Moenie *worry* nie.”

“Wel, dis darem net die brandblusser,” sê sy, “die res is beslis in plek. Ek en Charles het vroeg vanoggend voor jy ingekom het alles weer ge-*check*. *Which reminds me ...* waar was jy *anyway* vanoggend? *And what's with the goofy grin?*”

“Ek het g'n 'n *goofy grin* nie!” protesteer ek verleë, en ek voel hoe die hitte oor my wange kruip.

*As ek 'n goofy grin het, is dit heel moontlik te danke aan die feit dat 'n kaal-bolyf Reuben vanoggend vir my koffie in die bed gebring het ... en dat ons toe amper die koffie ook laat koud word het... Of aan die feit dat hy my in die oop voordeur totsiens gesoen het, lánk genoeg vir al die bure om te sien... Of aan die feit dat ek reeds nie minder nie as sés BAIE sexy whatsapps van hom gekry het, wat ek onder die tafel gelees het terwyl Karlien deur ons check list gegaan het...*

*My kop is glad nie by die check list nie.*

“Madi van Jaarsveld! Gisteraand het ek jou hier gelos met 'n vuil kombuis en 'n helse krisis, en jy het *pretty depressed* gelyk. En vanoggend wals jy hier in soos Maria in *Sound of Music*, al huppelende en singende...”

“Ek sing nie!” lag ek.

“Jy neurie...” sê sy. “Die hele tyd! En elke keer as jy op jou foon kyk, bloos jy bloedrooi. So, uit daarmee! Wat is sy naam?”

Ek maak my mond oop om weer beswaar te maak, maar net toe brul 'n motorfiets-enjin hard voor die deur. Ek en Karlien loer vinnig na mekaar.

“*Be nice...*” waarsku sy.

Oomblikke later verskyn Julia in die deur, valhelm in die hand. Sy lyk ... nie goed nie. Haar gesig is bleek, haar hare deurmekaar, en daar is donker kringe onder haar oë. Daar is 'n verband om haar een hand gedraai.

“Hi,” sê sy, maar sy kom nie nader nie.

“Hi,” groet ons terug.

Sy kyk na my, onseker. *Wanneer laas het ek Julia onseker gesien?*

“Karlien sê as dit nie vir jou was nie, het die plek gisteraand afgebrand,” sê ek.

Sy knik, maar bly staan.

“Ek is jammer, Jules,” sê ek. “Ek was moeg, en gatvol ... en hierdie hele besigheid-ding, wel, dis friggen *scary* vir my. Ek moes dit nie op jou uitgehaal het nie. Kom ons los die hele ding, en fokus op die *launch*. Daar is nog baie werk.”

Haar mond gaan verbaas oop, maar sy sê niks. Sy staar net na my. Langs my kan ek Karlien se oë ook in my voel boor.

“Wat gaan aan met háár?” vra Julia vir Karlien, en beduie na my.

“Ek dink sy is verlief,” sê Karlien.

“Ek is nie!” kap ek verontwaardig terug.

Julia grinnik, en kom uiteindelik nader, die spanning nou duidelik uit haar houding. *Sy is verlig dat die fokus nou na my verskuif het*, besef ek.

“Ek dink dis daai ou van Wooden Designs,” sê Karlien vir Julia, asof ek nie daar is nie.

“Nee wat, dis te *risky* vir ons Mads,” sê Julia. “Ek dink dis die een of ander vaal professor of rekenmeester.” Sy draai die stoel oorkant ons om sodat die rugleuning vorentoe wys, en gaan sit dan verkeerdom daarop, haar arms op die rugleuning gestut soos sy altyd maak.

“Julle is verspot,” lag ek, maar ek vermy hulle oë.

“*I. Don't. Think. So...*” sê Karlien met groot oë, en beduie na die deur.

Ek kyk op en volg haar blik, en dan rek my oë. Want in die deur staan Matt Stevenson – dié Matt Stevenson! *Local celebrity*, een van die bekendste sangers in die Kaap, 'n Idols-wenner, en deesdae op die voorblad van al wat 'n tydskrif is.

*Wat soek hy hiér?!*

Ek staan op, en voordat ek iets kan sê, fluister Julia onderlangs: “Madi is verlief op Matt Stevenson? Wat de vrek...”

“Nee, natuurlik nie!” keer ek, en kyk dan verleë na die man in die deur. Hy het sy sonbril nou afgehaal en hy tree vorentoe by die restaurant in. Hy kyk vraend van die een na die



ander.

“Ek is op soek na Madi van Jaarsveld,” sê hy.

“Dis ek,” sê ek, en val amper oor my voete om óm die tafel te kom sodat ek sy hand kan gaan skud. “Kan ek help?”

Hy kyk om hom rond. “Ek het gehoor ek kan jónú dalk help,” sê hy. “Julle soek blykbaar iemand om môreaand te speel?”

Nou staar ek en Julia en Karlien na mekaar, en dan draai ek verbaas terug na ons besoeker. “Ek is jammer ... um ...”

“Noem my Matt,” glimlag hy.

“Matt,” glimlag ek terug. “Jy is reg, ons ... het 'n groot *launch* môreaand en ons gaskunstenaar is in die hospitaal. Maar ... um ... ek is nie seker of ons jou kan bekostig nie. Ons *budget* is maar *tight*...”

Hy skud sy kop. “Dis 'n guns,” sê hy. “Julle kan my betaal wat julle die ander ou sou betaal het. Dis *fine*. Ek sal net voor die tyd 'n *sound check* wil kom doen, en kyk of alles reg is. Hoe laat begin die funksie?”

Ek staar net na hom. Ek het geen idee wat aangaan nie.

“Ek verstaan nie...” stamel ek. “Hoekom sal jy vir ons 'n guns wil doen?”

Hy glimlag. “Dis nie vir julle nie,” sê hy. “Dis vir Reuben Gibbs. Hy het my destyds gehelp met *sponsorships* vir my eerste album, en toe hy vanoggend bel en vra of ek kan help... Wel, ek skuld hom.”

“Reuben Gibbs?” vra Karlien, en draai na my. “Is dit nie...?”

“Sjoe, dit sal baie gaaf van jou wees ... um ... Matt,” val ek haar in die rede. “Kom ek wys jou waar alles is.”

Ek ignoreer my vriendinne se nuuskierige oë, en gesels vriendelik met Matt Stevenson terwyl ek hom deur die bistro vat en wys waar hy kan opstel. En ja, ek is deeglik bewus van my *goofy grin*... 'n *Goofy grin* wat absoluut niks te doen het met die feit dat een van die land se grootste *celebrities* môreaand by ons *launch* gaan optree nie...

Nadat Matt Stevenson weer uit is, glip ek kombuis toe vir privaatheid, en haal my foon uit my sak.

***EK SKULD JOU BIG TIME! MATT STEVENSON. WOW!***

Ek wag ongeduldig, en toe my foon oomblikke later BIEP, laat ek dit amper val só bewe

my hande.

***Anytime, Shorty. Ek het een of twee idees hoe jy my kan terugbetaal...***

Ek grinnik, maar voordat ek kan terugtik, swaai die kombuisdeure oop. Dis Karlien, en sy kom staan voor my met haar arms gekruis.

“So... Reuben Gibbs... Ons nuwe *landlord*? Die een wat nie sy oë van jou kon afhou nou die dag by die *coffee shop* nie? Dáárdie Reuben Gibbs? *Please do tell.*”

Ek bloos. “Daar's niks om te *tell* nie. Dis nog ... alles baie nuut. Ek...”

Sy glimlag en waai met haar hand om my stil te maak. “Dis hoog tyd, as jy my vra. Jy sit al hopeloos te lank agter daardie *spreadsheets* van jou en oujongnooi word. En buitendien, Matt Stevenson speel by ons *launch*, so wie's ek om te kla? Maar, as ek iets mag voorstel...”

“Wat?” giggel ek.

“Julia het 'n hele boks *cupcakes* gebring,” sê sy. “Dit staan hier binne op die toonbank. Dis dalk 'n goeie manier om dankie te sê vir ... so 'n gunsie, of hoe? Of eet CEO's nie *cupcakes* nie?”

“*Thanks*, Lien,” glimlag ek. “Ek sal dalk later gou uitglip en vir hom een vat.”

“Gaan sommer nou,” sê sy. “En vat sommer 'n paar. Ek en Julia het alles onder beheer. Toe. Gaan bedank ons weldoener. En hoop jy weet ek bedoel nie net met die *cupcakes* nie...”

Ek bloos, en wil nog protesteer, maar sy stoot my by die swaaideure uit.

“As jy nie nou loop nie, vertel ek vir Julia alles wat ek weet.”

“Orraait, orraait!” lag ek. “Ek is nou terug.”

“*Take your time...*” grinnik sy. “Vra sommer vir Meneer Hotness of hy weet waar mens 'n brandblusser kan koop.”

Reuben se maatskappy se kantore is op die boonste vloer van die kantoorgebou waarin Die Sexy Bistro is. Terwyl ek in die hysbak opgaan, kyk ek na myself in die spieël teen die muur. Dieselfde Madi met dieselfde hare en oë en sproete. Dieselfde klere. Maar ek vóél anders.

En dis nie net Reuben se hande wat my lyf léwend gevat het nie. Dis meer as dit. Dalk is dit die bistro, of Erika se dood, maar ek voel soos 'n ander mens as 'n ruk gelede. *Hoe kon ek vir so lank so veilig geleef het?* Erika het doodgegaan met 'n onverwese droom, maar as dit ék was ... as die kanker my kom haal het en nie vir haar nie, sou ek doodgegaan het met 'n ongeleefde léwe.

My hart is *all over the place*, my bang pols deur my lyf soos elektrisiteit, en ek het geen idee wat ek doen nie ... maar ek voel vry. Vir die eerste keer in my lewe voel ek dis oukei as die syfertjies nie klop nie.

Die hysbak se deure gaan oop. Ek verskuif die boksie met die *cupcakes* senuweeagtig in my hande, en dan stap ek uit in die luukse kantore.

“Kan ek help?” vra die ontvangsdame by die toonbank, en loer oor die rand van haar bril na my. Ek skat haar so sestig, maar sy is professioneel aangetrek, en het een van daardie oorfoontjie-kontrepsies op haar kop waarmee sy die foon kan antwoord.

“Um ... ek soek vir Reuben ... Meneer Gibbs,” stamel ek.

“Het jy 'n afspraak?”

“E ... nee, maar ek wil net gou iets vir hom kom afgee.”

“Jy kan dit by my los,” glimlag sy, en hou haar hand na my uit vir die boksie *cupcakes*. “Hy is in 'n Skype-conference.”

“E ... oukei...” huiwer ek.

*My hart sak in my skoene. Ek probeer my bes om my teleurstelling weg te steek, maar dit voel asof groot, donker wolke voor die son ingeskuif het. Ek het uitgesien na Reuben kisses ... of ten minste net 'n sexy Reuben-glimlag.*

*Ek het cupcakes, for goodness' sake!*

Net toe ek wil omdraai, gaan die deur links van ons oop en Reuben kom uit. Hy lyk saaklik en ingedagte, maar hy gaan in sy spore staan toe hy my sien.

“Madi?” sê hy verbaas.

“Ek ... het *cupcakes* gebring,” stamel ek en beduie na die boksie in die ontvangsdame se hand. *Dit vat alles in my om nie oor die toonbank te leun en dit terug te gryp nie.*

'n Glimlag krul om sy mond. “*Cupcakes?*”

“Om dankie te sê ... vir ... um ... jy weet.”

“Jy sal meer spesifiek moet wees, juffrou Van Jaarsveld,” sê hy, sy oë vol duiweltjies.

“Vir die ... e ... guns,” bloos ek.

*Shit.*

Die ontvangsdame volg die bisarre gesprek, en haar kop draai van die een na die ander. Ek wens skielik die aarde wil oopgaan en my insluk.

*Ek het geweet die cupcakes was 'n bad idee...*

Reuben draai na die ontvangsdame. “Ek wag vir 'n faks van Johannesburg. Laat weet my sodra dit inkom. En bel vir George Wentzel oor die Craigmann-gebou se vloerplan. Ons het dit dringend nodig.” Hy kyk weer na my. “Kom gerus binne, juffrou Van Jaarsveld.”

Bloedrooi van verleentheid en dankbaar om onder die ontvangsdame se oë uit te kom, stap ek vinnig by hom verby. Sy kantoor is 'n ruim vertrek met 'n venster wat uitkyk op die stad. Ek hoor hom die deur agter ons toemaak.

“Ek is jammer om te pla...” begin ek, maar hy gryp my en swaai my om en druk my teen die toe deur vas. En voordat ek tot my sinne kan kom, is sy mond op myne.

*Holy smoke, die man kan soen... Net in case ek dalk vergeet het...*

Ek kreun teen sy mond en my arms gly onwillekeurig om sy nek. *Hy. Ruik. So. Lekker...* Hy druk sy lyf hard teen myne, ek voel die spiere in sy skouers *flex*, en alles rondom my verdwyn ... versplinter... *Hoe is dit moontlik dat één mens so 'n uitwerking op my kan hê? Dat my lyf só kan bly word oor één mens se vat? Dat hierdie één man my in 'n oogwink só van alles kan laat vergeet?*

“Jy. Maak. My. Mal...” fluister hy teen my mond.

Ek glimlag, my asemhaling onreëlmstig.

“Die *feeling* is *mutual*, Meneer Gibbs.”

Iemand praat anderkant die toe deur, en ek onthou skielik dat ons in 'n kantoorgebou is. 'n Kantoorgebou vol mense.

“Dink jy sy weet...?” fluister ek.

“Wie?” vra hy, sy mond nou in my nek, onder my hare. Hoendervleis kruip oor my vel...

“Jou ontvangsdame ... dink jy sy weet dat ons ... ek...” Ek verloor my *train of thought*, want sy hand gly op teen my kaal been en onder my rompie in.

“Dat jy my kom verlei het?” *chuckle* hy.

Ek giggel en stoot hom effens weg. “Ek het jou nie kom verlei nie! Ek het *cupcakes*

gebring...”

“Dis 'n goeie idee,” fluister hy, sy oë op my mond. “Kom ons gebruik kodewoorde by die kantoor. *Cupcakes, Muffins, Scones...*”

“Reuben!”

Hy *chuckle*.

Daar is 'n klop aan die deur, en hy laat my los. Ek gly vinnig weg van die deur tot op 'n veilige afstand, en probeer my rompie regtrek. Maar ek weet my hare is deurmekaar en my *lipstick* gesmeer ... want helfte van my *lipstick* sit nou op Reuben se mond.

*Not good.*

“Binne,” sê hy, en draai om na sy lessenaar toe. Maar hy gee my 'n onderlangse kyk wat my maag laat draai.

Die deur gaan oop en die ontvangsdame loer in. “Jou elfuur-afspraak is hier,” sê sy, en loer dan vinnig in my rigting.

Ek voel of ek in die aarde kan wegsink. Ek is seker sy weet presies wat ek hier soek. *Plaas ek soek my gesonde verstand... Ek het dit duidelik verloor.*

“Dankie, Janine,” sê hy. “Laat hy so vyf minute wag. Ek is nou daar.”

Sy knik, en trek die deur saggies agter haar toe.

“Wat?” grinnik Reuben, want ek staan na hom en staar.

“Is jou ontvangsdame se naam Janine?” vra ek.

“Dit is,” sê hy, en frons effens, 'n sexy glimlag op sy mond. “Is dit 'n probleem?”

Ek giggel. “Nee. Geen probleem. Ek vra net.”

*Geen probleem whatsoever! Beste nuus wat ek heeljaar gekry het. Daar is nie die een of ander Janine-flerrie agter Reuben aan nie. Die naam op sy foon was net sy ontvangsdame... Sy óúerige ontvangsdame.*

“Hoe gaan dit hier onder by die bistro?” glimlag hy.

“*Fine*. Besig. Weer eens dankie vir Matt Stevenson! Reuben, dis... Dankie.”

Hy grinnik. “Plesier.”

“*Which reminds me...* Jy weet nie dalk waar ons 'n brandblusser kan kry nie?”

“A ... die brandblusser,” glimlag hy. “Doring in my vlees.”

“Én myne...” sug ek.

“Ek sal by Janine hoor en jou laat weet,” sê hy.

“*Thanks,*” glimlag ek. “*Anyway,* ek wou net kom dankie sê... Jy is besig. Ons *chat* later...”

“Ek het 'n *lunch meeting*, en later vanmiddag moet ek Tokai toe ry. Maar ek behoort so seweur terug te wees. Wat van pizza? Net ek en jy? lewers by die see? Ek sal jou oplaai.”

*Oukei, dis beslis 'n goofy grin wat nou oor my mond gly...*

Die res van die middag verloop wonderbaarlik krisis-vry. Julia en haar *trainees* is rustig in die kombuis besig met die voorbereidings vir môre se aandete. Karlien het die *menus* by die drukkers gaan haal en dit lyk *stunning*. En Wooden Designs het laat weet dat hulle môreoggend die ekstra tafeltjies en stoele sal aflewer. Voor ek my kan kry, is ons feitlik deur ons hele *check list*. En dis nog nie eens middagete nie!

Nou nog net die brandblusser en die brandweer se inspeksie môreoggend ... en dan is alles reg vir Die Sexy Bistro se *launch*.

*En dan is dit ek en Reuben Gibbs ... vir die res van die aand.*

Terwyl ek in die restaurant besig bly, dwaal my gedagtes heeldyd terug na hom. *Ek het die skoot behoorlik hóóg deur – dit help nie eens ek probeer dit ontken nie...* Ek was al voorheen verlief, ja, maar nog nooit het dit my só getref nie. Met soveel impak en geweld. Niemand het nog ooit my voete só onder my uitgeslaan nie, my wêreld binne 'n paar dae só omgekeer nie. Dis 'n paradoks – een van daardie rare verskynsels waar een en een nie twee maak nie, maar iets heeltemal anders. In Wetenskap gebeur dit soms wanneer jy twee elemente met mekaar meng, dat daar 'n derde element ontstaan... 'n Element wat net kan ontstaan uit die reaksie wat die twee op mekaar het. Wanneer ek by Reuben is, is dit nie net ek en hy wat saám is nie, dis nie net die som van ek en hy nie. Wanneer ons saam is, word ek 'n ánder Madi. Iemand wat ook ék is, maar wat ek nog nie op my eie was nie. 'n Beter, vryer weergawe van myself.

*En wanneer ek nie by hom is nie, dan mis ek haar.*

Net ná eenuur daag 'n bode by die restaurant op. Ek is besig agter die toonbank, en Karlien gaan maak die deur oop.

“E ... Madi?” vra Karlien verbaas. “Het jy 'n brandblusser bestel?”

“Nee...” sê ek. “Ek wag nog dat Reuben my laat weet...”

Ek kyk op.

*Oh my word.*

Die bode het 'n reusagtige brandblusser in sy arms, en daar is 'n groot, wit strik om die brandblusser se rooi lyf gebind.

“Wel,” grinnik Karlien, “daai moes moewiese lekker *cupcakes* gewees het...”

“Wat gaan aan?” vra Julia wat pas deur die swaaideure te voorskyn gekom het. Sy vee haar hande aan haar besmeerde voorskoot af en kyk dan met 'n frons na die brandblusser wat Karlien sukkel-sukkel by die bode vat. Die ding lyk baie swaar.

“Madi se *boyfriend* het vir ons 'n brandblusser gegee,” sê sy oor haar skouer.

“Die rekenmeester?” frons Julia.

Ek en Karlien kyk na mekaar, en dan bars ons albei gelyk uit van die lag.

Dis 'n klein, *cosy* pizza-plekkie wat uitkyk oor die see. Ek en Reuben sit oorkant mekaar by die venster, my vingers in syne verstrengel.

“Ek kan nie ophou vat aan jou nie,” grinnik hy.

“Ek ook nie,” glimlag ek terug. *Want dis waar. Ek kan nie my hande van hom afhou nie. Ek kan nie genoeg kry nie.*

Hy het my by die woonstel kom oplaai, *looking all sexy and delicious* in sy wit hemp en swart jeans. En ons het amper nie daar weggekome nie... Ek het hom aan sy hemp by die woonstel ingetrek en die deur toegeskop. Wat gevolg het, was 'n vurige vrysessie waarin ons een van my ma se blompotte gebreek het en my een oorbel verloor het. Ek sou baie tevrede gewees het om net daar te bly vir die res van die aand, maar Reuben was *adamant* dat ons moet eet.

“Ek sou môreaand weer Johannesburg toe vlieg,” sê hy. “Maar ek het dit vandag gekanselleer...”

Ek kyk verbaas op. “Hoekom?”

“Dis julle *launch* môre,” sê hy.

“Ja, maar...” stamel ek.

“Dis 'n groot ding, Madi. Daar is geen manier dat ek in Johannesburg gaan sit terwyl Die Sexy Bistro oopmaak nie. Ek weet julle is volbespreek en ek's nie genooi nie, maar dalk kan ons ná die tyd *celebrate*? Ek kan sjampanje bring, en kerse...”

Ek huiwer.

“Wat?” vra hy sag.

“Ek is regtig dankbaar vir jou hulp, Reuben,” sê ek. “Ek weet nie wat ons sou gemaak het as jy nie gehelp het met Matt Stevenson nie, én die brandblusser. Baie dankie...”

“Maar?” Sy oë is ondersoekend op myne.

“Ek wil nie hê jy moet dinge doen wat jy dalk later sal *regret* nie...”

“Soos wat?”

“Soos om belangrike Johannesburg-*meetings* te kanselleer vir ... my nie.”

“Ek kan volgende week ook gaan,” sê hy.

“Ek weet,” sê ek, “maar jy weet wat ek bedoel.”

Hy knik. “Ek weet. Maar ek wil graag hier wees. Dis my besluit, jy hoef nie daaroor skuldig te voel nie.”

Ek sug, en speel met die glas voor my op die tafel. “Daar het die afgelope tyd so baie gebeur, en dit voel asof my hele lewe omgedop is. Dit voel asof ek 'n ander mens is as wat ek 'n paar maande gelede was. Ek wens soms ek kon teruggaan, maar ek dink nie ek kan meer nie. Hierdie ding met Erika, dit het my verander. En nou móét ek dit doen. Ek móét Die Sexy Bistro van die grond af kry. Vir Erika. Ék moet dit doen – nie jy nie, nie Julia of Karlien nie. Ek.”

Hy frons. “Hoekom jy?”

“Want ek was die een wat altyd 'nee' gesê het, Reuben,” sê ek en kyk op na hom. “Ék was die een wat in hulle pad gestaan het. Dis my skuld dat Erika dood is sonder dat ons ooit hierdie ding saam met haar gedoen het. Ek is verantwoordelik.”

Hy kyk my stil aan. “Dis nie jou skuld nie, Madi. Die lewe gebeur. Mense raak siek. Duisende mense loop daarbuite rond sonder om ooit iets aan hulle drome te doen. Jy kan nie verantwoordelikheid vir hulle almal vat nie.”

“Jy verstaan nie, Reuben. Hulle wou al lankal die plek oopmaak – Julia en Erika het heelyd aan my gekarring – maar ek het altyd gesê die tyd is nog nie reg nie. Dat dit te 'n



groot risiko is.”

Hy antwoord nie. Sy groen oë rus op my, en sy hand streel oor myne.

“Sê jy verstaan...” sê ek sag.

“Ek verstaan,” sê hy. “Maar ek dink jy is te hard op jouself. Wat gaan jy maak as Julia of Karlien die dag besluit hulle loop nou? As hulle iets anders kry, 'n ander droom? Wat word dan van Die Sexy Bistro? Jy kan nie ander mense se drome vir hulle leef nie. Elke mens moet dit vir homself doen.”

Ek kyk op. “Is dit wat jy met jou ex gedoen het?” vra ek sag. “Het jy haar droom vir haar probeer uitleef?”

Hy trek sy skouers op. “Miskien.”

“Ek hoor wat jy sê,” sê ek. “Maar ek voel net dat ek hierdie één ding net hierdie één keer moet probeer. En as dit nie werk nie, hoef ek nie verder skuldig te voel nie. Want dan het ons dit probeer.”

Hy lig my hand en soen dit. Dan sê hy: “Ek dink dis baie dapper van jou.”

“Ja wel, ek is nooit geleer om dapper te wees nie, so dit kom nie regtig natuurlik vir my nie. Nie in 'n huis vol rekenmeesters nie...”

“En Thys? Hy het tog sy eie ding begin.”

“Thys was altyd anders as ons,” glimlag ek. “Hy sou gou verveeld geraak het met syfertjies.”

Reuben kyk na my en 'n glimlag krul om sy mondhoeke. “*Somehow* kan ek jou ook nie regtig *picture* as 'n rekenmeester nie... Ek werk saam met baie rekenmeesters, en nie een van hulle sal doen wat jy nou doen nie. En ek het niks teen hulle nie. Dis net 'n sekere soort mens. Maar jy ... het passie.”

“Passie?” glimlag ek. “Nee wat...”

“*Hey*,” grinnik hy, sy oë vol liggies, “ek het krapmerke op my skouers as bewys van jou passie...”

Ek bloos tot oor my ore, en kyk vinnig weg.

“Jy is 'n paradoks, Madi van Jaarsveld,” sê hy. “Jy sê healtyd dat jy versigtig is, dat jy bang is om te waag en jou eie ding te doen, maar alles wat ek jou nog sien doen het, sê vir my die teendeel. Dat jy eintlik 'n *go-getter* is.”

Ek skud my kop. “Ek is nie 'n *go-getter* nie,” glimlag ek hartseer. “Ek het net 'n baie

rowwe *wake-up call* gehad en besef dat die lewe kort is.”

“Baie mense kry daai *wake-up call*,” sê hy, “en doen nooit iets daaraan nie.”

Die kelnerin bring ons pizza. Dit ruik en lyk só lekker, en ek is skielik rasend honger. Ek besef nou dat ek die hele dag nog amper niks geëet het nie.

“Waar bêre jy al daai pizza?” lag Reuben toe ek uiteindelik die bord effens vorentoe stoot en my mond met die servet afvee.

“Hey, ek was honger!” sê ek gemaak verontwaardig.

“Ek sê net,” glimlag hy, “ek het nog nooit iemand met so 'n klein lyfie só lekker sien eet nie.”

Ek maak my mond oop om te protesteer, maar hy sê: “Ek is mal oor jou, Madi. Nes jy is.”

Ek staar na hom, maar my mond is skielik droog. Reuben se oë gly oor my lyf, en toe dit weer op myne land, is dit donker. *Vol begeerte, vol vuur.*

*Holy smoke.*

“Miskien,” sê ek sag, “moet jy my nou huis toe vat.”

Ek word wakker, en knip my oë teen die lig wat deur die venster kom.

*Hoe laat is dit?*

Langs my roer Reuben in sy slaap, en ek lig my kop dat ek 'n beter *view* kan kry van hom. Hy lê op sy maag, sy gesig weg van my gedraai. Sy kaal bolyf steek onder die duvet uit, en ek kan die spiere op sy rug en skouers sien... *So aanloklik...*

Ek lig my hand en raak liggies aan sy skouer. Hy roer nie. Dan trek ek met my vingerpunte versigtig al met die lyn van sy skouer langs tot by sy nek, en af teen sy rug.

“Madi...” kreun hy saggies.

“Hmmm?”

“Jy soek vir moeilikheid.”

Ek onderdruk 'n giggel, en byt op my lip. Dan lig ek my hand weer, en raak baie saggies aan sy boarm.

Die volgende oomblik skiet sy ander hand uit en gryp my aan my pols. Ek gil en probeer

wegtrek, maar hy is te vinnig vir my. En voordat ek weet wat aangaan, het hy my beetgekry en met my omgerol dat ek nou onder sy lyf teen die matras vasgepen is.

“Luister jy nie, *Shorty?*” vra hy.

Ek lag en wriemel om los te kom, maar hy lig my hande en druk my polse bo my kop teen die kussing vas. Ek gil weer en stoei, maar hy het my presies waar hy my wil hê. Sy mond is in my nek, warm en sag, en die skoenlappers fladder deur my hele lyf. Ek kreun saggies toe hy my agter my oor soen.

“Reuben...”

“Jy. Speel. Met. Vuur. Juffrou van Jaarsveld...” fluister hy teen my vel. Sy baard krap my, en ek kriel van lekkerkry.

“*Which reminds me,*” giggel ek, “die brandweer kom vanoggend en ek moet by die restaurant kom...”

Hy kreun en laat my los, en rol dan van my af op sy rug. Hy sit sy een arm agter sy kop, en kyk vir my met daardie ondeunde *smirk* op sy *sexy* mond.

“Nou toe, staan op,” sê hy tergend.

“Nie as jy só vir my kyk nie...” glimlag ek terug.

Hy steek sy hand uit, gly dit onder my hare agter my nek in, en trek my nader. En toe ons lippe raak, vou sy arms om my.

*Ek. Bly. Vandag. Net. Hier.*

Toe hy my uiteindelik los, is ons al twee effens uitasem.

“Ek het dit geweet,” sê hy sag. “Daardie eerste dag toe ek jou gesoen het agter daardie stapel bokse, het ek gewéét ek gaan my gat sien...”

Ek grinnik soos 'n kat wat room gekry het, en maak my oë toe toe sy hand liggies oor my wang vryf.

“Het jy enige idee hoe mooi jy is, Madi van Jaarsveld?” vra hy. “Ek kan nie ophou kyk vir jou nie.”

My oë skiet oop. *Mooi? Ék? Reuben Gibbs dink ek is mooi?*

“Jy glo my nie?” vra hy verbaas.

“Ek dink nie iemand het al vir my gesê ek is mooi nie...” fluister ek, en ek weet nie hoekom daar skielik trane in my oë is nie.

“Dis onmoontlik...” sê hy. “Hoekom dink jy loop die mans so agter jou aan?”

“Mans loop nie agter my aan nie!” protesteer ek.

“Wat van daai vent van nou die dag...?” vra hy.

“Reuben...”

“En wat van daai *manager* gisteraand by die restaurant? Hy kon nie sy oë van jou afhou nie. Ek het hom amper by die venster uitgegooi...”

“Reuben.”

“Wat?”

“*Shut up* en soen my.”

Sy wenkbroue lig, en 'n glimlag krul om sy mond. En dan gryp hy my en trek my nader. En die oomblik toe sy mond myne *claim*, weet ek twee goed: ek is verlief op Reuben Gibbs, en ek gaan *seriously* laat wees vir die brandweer.

“Waar was jy??” beduie Karlien vir my met groot oë toe ek by Die Sexy Bistro se deure indraf. Die brandweerman staan agter die toonbank en skryf iets op sy *clipboard*, en Julia sit eenkant bo-op een van tafeltjies, haar elmboë op haar opgetrekte knieë gestut.

“Jammer,” sê ek. “Is alles in orde?”

Ons kyk al drie vraend na die man. Hy laat die vraag in die lug hang, en skryf met al die tyd in die wêreld eers klaar, voordat hy opkyk en knik.

“*You're good to go*,” sê hy.

“Ag, dankie tog!” sug Karlien.

“Baie dankie dat jy spesiaal uitgekome het,” sê ek, en skud sy hand. “Op 'n Saterdag.”

Hy haal die papier van die *clipboard* af, en gee dit vir my. “Sterkte met die opening, juffrou van Jaarsveld. En hou maar hierdie keer die warm olie dop.”

Nadat hy weg is, draai Karlien na my.

“Jammer,” sê ek weet. “Ek weet ek was laat.”

“Het dit dalk iets met ons sexy landlord te doen?” grinnik sy. “Want dan is jy vergewe.”

“Nuuskierige agie,” sê ek ontwykend, en kyk dan op na waar Julia nog steeds op die

tafel sit. Sy het nie geroer vandat ek hier is nie, en sy staar ingedagte voor haar uit.

“Jules? Als oukei?”

Sy kyk op, en knik. Dan skuif sy van die tafeltjie af, tel haar sak van die vloer af op en sê: “Ek kort nog een of twee goed vir vanaand. Net vir *backup*. Ek sal nie lank wees nie. Is dit oukei as ek gou uitglip?”

“*Sure*,” sê ek. “Ek dink alles is nou onder beheer. Hoe laat kom Matt Stevenson opstel?”

“Drie-uur,” sê Karlien. “Ek wil ook net gou 'n draai by my ma gaan maak om die finale lys name te kry. Sal jy omgee om vir die tafels en stoele te wag?”

*Ek het skoon vergeet van Wooden Designs se aflewering. Ek hoop nie Graham Venter bring dit weer self nie...*

“Dis *fine*,” sê ek. “Ek wil in elk geval deurloop en net seker maak alles op my lysie is gedoen. En dan wil ek kyk waar ons die ekstra tafel en stoele gaan inpas.”

“Bel my as ek moet kom help,” sê Karlien.

Ek skud my kop. “Dis *fine*. Ek sien julle later. Ons kry mekaar dan net voor drie hier?”

Sy knik en lig haar hand met die rugkant na my gedraai. Sy wikkel haar vingers. “Onthou die rooi Cutex...”

Ek lag en knik. “Oukei, *graphic designer*,” grinnik ek.

Ek kan nie glo ons het dit reggekry nie.

Ek staan in die stilte van Die Sexy Bistro, en kyk om my rond. Die plek lyk presies soos ek dit *envision* het toe ek die eerste keer hier ingestap het – selfs nog beter. Ek was reg oor die atmosfeer, oor die baksteenmure en die ligte en selfs die meubels wat ons hier gesit het. Die naam is op teen die ruite, en die koerantpapier is afgehaal. Die lug stroom in, en die plek lyk so gesellig. Die radio speel oor die *speakers* in die hoeke, en as ek my oë toemaak, kan ek my die geur van vars koffie en die reuk van uie wat braai in die kombuis verbeel. En dis óns s'n.

Ek kyk op na Erika se prent teen die muur. Haar oë kyk weg van my af, laggend, na 'n horison wat ek nie kan sien nie. Maar sy is hier. Ek voel haar teenwoordigheid aan.

“Ek wens jy kon dit sien, Erika,” sê ek sag. “Ek wens jy kon sien wat ons vir jou gedoen het.”

*Dis my skuld dat Erika nie hier is nie. Ons kon dit al vroeër gedoen het, dit met haar gedeel het. Dis my skuld dat sy dit nie gesien waar word het nie. Dis my skuld dat ek en Julia en Karlien dit sonder haar moet doen.*

Maar dit help nie ek voel skuldig nie. Dit verander niks.

“Ek is jammer,” fluister ek vir Erika se prent. “Vergewe my...”

Agter my maak iemand saggies keel skoon. Ek swaai om. Graham Venter staan in die deur.

“Graham!”

“Hi, Madi,” groet hy. “Hoe gaan dit?”

“Goed. Dankie. En jy...?” Ek vee ongemerk en vinnig 'n traan uit die hoek van my oog.

“Goed,” knik hy. “Lekker besig. Ek hoop nie jy gee om nie, maar ek het sommer self die goed deurgebring. Dis nie genoeg vir 'n hele vrag nie, en ek het dit sommer agterin die bakkie gelaai. Kan ek dit vir jou inbring?”

“Natuurlik,” sê ek. “Dankie. Kan ek help?”

“Nee wat,” glimlag hy, en verdwyn weer by die deur uit. Nou sien ek vir die eerste keer die groot bakkie in die parkeerarea.

*Wel, dit was glad nie awkward nie...*

Ek staan ongemaklik rond tot Graham die laaste stoele ingedra het. Ons praat nie veel nie, en ek kan nie help om effens sleg te voel oor hoe ek hom behandel het nie. Hy is nie 'n slegte ou nie, en ons *date* was ... nie só sleg nie. Behalwe vir die feit dat hy meer op sy selfoon was as wat hy *actually* met my gesels het...

*En die volgende dag het Reuben my gesoen.*

Ek wonder of ek weer met Graham sou uitgegaan het – op 'n tweede *date* - as ek nie vir Reuben gesoen het nie. Maar dit maak nie meer saak nie. Die Madi wat met Graham uitgegaan het, was 'n ander Madi. Sy het nog nie geweet ... wat sy nou weet nie.

*En wat is dit?*

*Dat ek lief is vir Reuben Gibbs.*

Die gedagte kom só skielik en onverwags by my op, dat ek skrik daarvoor. En saam met die skrik stoot die bang in my op, só erg dit slaan my asem weg. *Hoe kan ek lief wees vir iemand van wie ek so bitter min weet? Hoe kan ek só baie waag vir iemand wat ek skaars ken – my hart, die bistro, Erika se droom?*

“Wie is dit?” vra Graham skielik hier langs my, en beduie na die prent teen die muur.

“Dis ... um ... ons vriendin. Erika.”

*Ek het hom nie eens sien naderkom nie...*

“Ek ken haar...” frons hy.

“Wat?” vra ek verbaas, en kyk na hom.

“Ja, ek dink ek het haar eenkeer ontmoet,” sê hy. “Het sy nie uitgegaan met Jacques Meintjies nie?”

Ek staar. “Sy het... Hoe .. ken jy vir Jacques?”

“Ons het saam *squash* gespeel 'n paar keer,” sê hy.

Maar ek hoor nie verder nie. Want die aarde het rondom my begin draai, en dit voel asof iemand my met die vuis in my maag geslaan het.

*“Ek het 'n gut feel oor hierdie ou...” het Erika gesê. “Hy het sy eie besigheid. En hy is super sexy. Daar is net iets aan hom...”*

*Asseblief, moenie dat dit Graham wees nie... Asseblief, moenie dat dit Graham wees nie...*

“Wat was Erika se van?” vra hy nou, en kyk steeds fronsend na die prent.

“Bunting,” sê ek sag, amper onhoorbaar.

Hy draai na my, 'n glimlag op sy gesig. *Ek het nie besef hy staan so naby my nie.*

“Ek onthou haar!” knik hy. “Jacques het my een aand by 'n funksie aan haar voorgestel, en...”

“En sy wou 'n *blind date* reël...” fluister ek. “Vir ons – vir my en jou...”

Sy wenkbroue lig verbaas.

“Dan het sy beslis baie goeie intuïsie gehad...” glimlag hy. En voordat ek besef wat gebeur, lig hy sy hand en trek my nader. En dan is sy mond op myne.

Dit vat 'n oomblik, maar iewers binne-in my skop my goeie *sense* en logika in, en ek druk hom weg. Ek struikel effens terug teen die tafeltjie agter my, en toe ek opkyk, staan Reuben in die deur.

“Reuben! Wat maak jy hier?” vra ek geskok, my hart dawerend in my ore.

Hy antwoord nie. Hy staan net daar. Hy kyk van my na Graham.

“Hey,” groet Graham. “Sorry, ons het jou nie gesien nie.”

“So sien ek, ja,” sê Reuben, sy stem kil. “Verskoon my...”

En voordat ek my stem kan terugkry, draai hy om en loop weg.

My bene kom in beweging, en ek skuur by Graham verby. Ek steur my nie daaraan toe hy agter my aan roep nie. Ek moet net vir Reuben keer...

Ek haal hom by die hysbak in, net toe die deure oopgaan.

“Regtig, Madi, ek sien nie nou kans...”

Maar ek ignoreer hom, en gaan saam met hom by die hysbak in.

“Reuben, wag!” pleit ek. “Asseblief! Laat ek verduidelik. Dis nie wat jy dink nie... Hy het my gesoen, nie ek vir hom nie!”

“Jy’t hom nie gekeer nie,” sê hy, sonder om na my te kyk. “Ek het jou gesien. Jy het hom nie gekeer nie.”

“Ja, maar dis nie wat jy dink nie,” sê ek, die huil nou vlak in my stem. “Hy ken vir Erika. Ek bedoel, Graham hét vir Erika geken. Reuben, daar’s iets wat jy nie weet nie. Daar was ’n ou aan wie Erika my wou voorstel – ’n *blind date* – maar sy het nooit die kans gekry nie. En toe laat sy my op haar sterfbed belowe dat ek hom sal opsoek. En daardie ou was Graham! Ek het nie geweet dit was hy nie. Maar dit was hy.”

Hy kyk na my asof ek mal is. “Regtig? Madi, régtig?!”

Ek staar na hom. “Wat bedoel jy...?”

“Jy weet, ek het geluister na jou gepraterij oor Erika, na jou skuldgevoelens oor haar. En ek was selfs jammer vir jou. Maar ek dink hierdie vat beslis die koek!”

“Probeer verstaan...” snik ek. “Ek het haar belowe...”

“Sy was ook nie die een of ander god nie, Madi! Sy was net ’n mens. Sy het nie al die antwoorde gehad nie. Jy kan nie dat sy jou vir die res van jou lewe voorskryf nie – wat jy moet doen en wie jy moet *date* nie!”

“Ek doen nie!”

“Regtig? Want jy het pas ’n ander man toegelaat om jou te soen omdat Erika julle twee wou op-*fix*!” kap hy terug.

Ons staan uitasem teenoor mekaar. Die seer in sy oë laat my maag draai, en ek steek my hand na hom uit, maar hy trek weg.



“Dalk was jy reg,” sê hy sag. “Hierdie ding is te *complicated*.”

“Reuben...”

Hy skud sy kop. “Kom ons los dit liever net hier, voor dit te ernstig raak. Voor iemand seerkry. Dit was in elk geval nie 'n goeie idee nie. Besigheid en emosies ... dit gaan nie goed saam nie. Daai lessie het ek al geleer. Ek dink nie ek stel belang om dit 'n tweede keer te leer nie.”

En voordat ek kan antwoord, gaan die hysbak oop. Hy draai sy rug op my en stap uit, maar ek gryp hom aan die arm en hou hom terug.

“Reuben, wag!”

“Ek het werk om te doen, Madi,” sê hy sonder om na my te kyk. “Hierdie is nie 'n goeie tyd nie. Ek moet vanaand in Johannesburg wees...”

“Ek dag ... jy gaan nie meer nie?” Ek staar na hom, trane in my oë.

“Ek het van plan verander,” sê hy. “Ek dink dis dalk goed dat ek vir 'n ruk uit die Kaap wegkom. 'n Bietjie afstand kry.”

Dan trek hy sy arm los, en stap weg van my af. En ek staan roerloos, versteen, terwyl die deure voor my toeskuif.

## HOOFSTUK 8

Alles wat ek die afgelope paar maande gedoen het, alles wat ek opgeoffer het, waarvoor ek so hard gewerk het, was vir hiérdie oomblik – sodat ons Die Sexy Bistro kon oopmaak. Ek dink, iewers in my agterkop, het ek geglo as ek net tot by hiérdie plek kan kom, dan sal my boete betaal wees en dan sal ek weer kan vrede maak met myself.

*Maar die gevoel waarmee ek nou hier staan, is só ver van vrede af soos wat kan kom.*

Die restaurant is volgepak. Die gaste kan nie uitgepraat raak oor die lekker kos en die mooi dékor nie. Julia het my regtig verras. Die kos is ongelooflik, en die borde wat verbykom, lyk soos iets uit die een of ander kookprogram op TV. En dan praat ek nie eens van Matt Stevenson nie – die ster van die aand. Almal gaan nog lank praat oor Die Sexy Bistro *launch*, en die joernaliste van die tydskrifte vir wie ons ekstra plek gemaak het, kan

nie ophou foto's neem nie. *Hulle gaan vir ons rave reviews gee.*

Die aand is 'n reusesukses.

*Op papier.*

Want die aand wat my *atonement*-aand moes wees, is die aakligste aand van my lewe. Al waaraan ek kan dink, is Reuben. Ek geniet niks. Die trots wat ek moes gevoel het, is vervang deur 'n nare, leë gevoel in my lyf. Ek voel nie vrede nie. Ek voel *lost*. Ek wil net huil. Ek wil net gil en skree en die horlosie terugdraai na vanoggend toe ek langs hom wakker geword het...

*Die heel ergste ding wat kon gebeur, het gebeur. Ek het gewaag en ek het alles verloor.*

Ek kyk op my horlosie. Dis net na agt. Hy is seker nou al op die lughawe. Of in Johannesburg. “... *as ons die gebou daarbo koop, sal ek heel moontlik soontoe moet trek...*” *het hy gesê.*

*Ek weet nie eens of hy weer terugkom nie.*

“Iemand vir jou!” roep Karlien bo-oor die harde musiek uit, en beduie woes vir my na die deur.

Ek kyk op, en sien vir Louisa met 'n yslike bos blomme in haar arms. Ek glimlag en maak my pad tussen die mense deur na haar toe. Die restaurant is tot oorloepens toe vol.

“*Well done* en baie geluk!” sê sy en geen my drukkies. “Die plek lyk ongelooflik, Madi! Sjoë, julle het omtrent *ge-move!*”

“Dankie,” glimlag ek. “Ja, dit was harde werk, maar dit lyk darem asof almal dit geniet. Kan ek vir jou iets aanbied om te drink? 'n Glasie wyn dalk? Of koeldrank?”

Sy skud haar kop. “Nee dankie, ek het net vinnig kom inloer. Charles is alleen met James, en ek moet gaan voed. Ek wou sommer net gou kom geluk sê. Ek glo regtig met my hele hart julle gaan 'n groot sukses van die plek maak.”

“Ek waardeer dit,” glimlag ek, maar my gesig voel styf. “Baie dankie vir al jou hulp.”

“Als oukei?” frons sy, en kyk my ondersoekend aan.

“Net moeg,” sê ek.

“Jy gaan vanaand lekker slaap!” sê sy.

*Slaap? Sal ek kan slaap? In die bed waar ek vanoggend nog in Reuben se arms was? In die bed waar die kussings na hom ruik, waar die duvet om sy lyf gevou was?*

Ek voel skielik duiselig.

“Hey...” Louisa sit haar hand op my skouer. “Wat's fout?”

Ek skud my kop en kyk weg, want ek baklei teen die trane. Maar sy trek my aan die hand by die deure uit tot op die stoep.

“Is als oukei, Madi?” vra sy. “Moenie vir my sê Reuben het weer...?”

Ek skud my kop, en vee 'n wegholtraan van my wang af. “Hy het niks verkeerd gedoen nie,” sê ek. “Dit was ék... Ons...”

Sy frons, en dan rek haar oë. “Ek wou sê ek het 'n *vibe* by julle twee opgetel nou die dag! Is daar iets aan die gang tussen julle?”

“Nee,” sê ek. “Nie meer nie... Hy is weg Johannesburg toe. En dis alles my skuld. Ek het alles opgemors.”

“Sover ek weet, is sy vlug eers laat vanaand. Charles het gesê Reuben gaan dokumente by ons kom optel op pad lughawe toe. Wil jy hê ek moet met hom praat as ek hom sien?”

Ek skud my kop. “Nee,” sug ek. “Hy het gesê hy het spasie nodig, en ek... Alles is net te deurmekaar nou. Ek weet nie eens of hy nog iets met my te doen wil hê nie.”

Sy kyk my stil aan, asof sy wonder wat om te sê.

“Jy weet, Madi, Reuben is baie dinge, maar hy is nie *stupid* nie. Hy sal nie iets wat vir hom belangrik is, sommer so weggooi nie. Gee hom kans. Hy sal weer rustig raak, en dan kan julle praat.”

Ek antwoord nie, maar staar net voor my op die grond. *Ek onthou sy gesig toe hy op my en Graham afgekom het, die uitdrukking in sy oë. Ek het presies dieselfde aan hom gedoen as sy ex... Maak nie saak wat my verskonings daarvoor was nie.*

“Moenie dat dit jou aand bederf nie,” glimlag Louisa en gee my 'n drukkie. “Alles sal regkom, jy sal sien. En wat jy hier reggekry het – met die restaurant – is regtig iets om op trots te wees. Jy mag maar trots wees. Die Sexy Bistro was 'n goeie idee.”

“Dit was nie my idee nie,” sê ek. “Ek is nie eintlik 'n entrepreneur se agterwêreld nie.”

“*Could've fooled me!*” sê sy.

Daar is voetstappe op die donker stoep. Uit die hoek van my oog kan ek 'n man se figuur sien naderkom, en my hart spring.

*Want vir 'n oomblik dink ek dit is Reuben.*

“Hi, Madi,” groet Jacques.

“Jacques! Wat maak jy hier?” sê ek verbaas, en slaan my arms om sy nek.

“Ek het gehoor van die funksie vanaand,” sê hy. “Toe dag ek ek kom maak 'n draai en sê net geluk.”

Ek draai na Louisa. “Dis Jacques Meintjies,” stel ek hom voor. “Jacques, dis my agent, Louisa Gibbs.”

“Aangename kennis,” glimlag Louisa en skud sy hand. “Luister, Madi, ek moet gaan. Maar weer eens baie geluk met die restaurant. En oor die ander ding, dit sal uitwerk, jy sal sien.”

Ek en Jacques staan op die stoep en kyk haar agterna totdat haar kar om die hoek van die parkeerterrein verdwyn.

Dan draai hy om na waar die ligte en vrolike musiek deur Die Sexy Bistro se groot vensters kom. “Die plek lyk *great*, Madi. Erika sou baie trots gewees het op jou.”

“Kom kyk binne,” nooi ek, maar dan verskyn Karlien skielik voor ons in die deur. Sy vries toe sy vir Jacques sien.

*En verbeel ek my, of voel ek hom ook langs my verstyf?*

“Jacques...” sê sy. “Dis 'n verrassing.”

Hy glimlag. “Hi, Karlien. Ek het gehoor julle maak vanaand oop, en ek wou darem net kom gesig wys.”

“Hoe gaan dit met jou?” vra sy sag.

“Oukei,” sê hy. “En met jou?”

Ek frons en kyk van die een na die ander, want dit lyk asof hulle vergeet het dat ek ook hier staan.

*Wat gaan aan? Hoekom lyk Karlien skielik asof sy wil weghardloop?*

“Karlien het 'n *mural* van Erika geverf,” sê ek. “Dis binne-in die bistro teen die muur. Jy moet gaan kyk, dis ongelooflik.”

“Ek sal dit graag wil sien,” glimlag hy.

Karliën huiwer, maar dan staan sy effens opsy en maak 'n beweging met haar hand om hom in te nooi. Ek volg hulle by die raserige restaurant in. Net binne die deur keer Karlien se ma my egter voor, en begin opgewonde gesels oor een van haar vriendinne wat 'n

funksie wil reël vir haar dogter se *kitchen tea*...

Toe ek opkyk, het Jacques en Karlien tussen die mense verdwyn.

En ek bly alleen agter met my swaar hart en my skuldgevoel en my kop vol syfertyies wat lankal nie meer klop nie. Alleen, in 'n vertrek propvol mense.

Die aand begin einde se kant toe staan. Matt Stevenson het al opgepak en vertrek, meeste van die gaste het ook al verdaag, en die res sit en kuier nou nog by die tafeltjies met 'n laaste drankie.

Ek kry vir Karlien alleen in die kombuis. Sy sit by die groot toonbank met 'n glas wyn voor haar, en sy staar ingedagte voor haar uit. Die kombuis is reeds opgeruim, behalwe vir een of twee borde wat nog wag om gewas te word, maar daar is geen teken van Julia nie.

“Waar's Jacques?” vra ek.

Sy trek haar skouers op. “Hier iewers,” sê sy. “Het jy hom genooi vanaand?”

Ek skud my kop. “Nee, maar dit was *nice* van hom om te kom.”

“Seker.”

Ek kyk haar 'n oomblik lank aan. Sy lyk moeg. *Karliën is altyd so vrolik, mens kom nie agter dat sy ook soms swaartrek nie.*

“Jy vir Jules gesien?” vra ek en kyk in die kombuis rond.

Karliën beduie oor haar skouer na die deur. “Buite,” sê sy. “Sy sê sy wil afkoel ná die warm kombuis. Maar ek dink sy soek net 'n bietjie stilte. Dit was maar 'n moeilike aand vir haar, dink ek.”

“Vir ons almal,” sê ek sag, en trek 'n stoel nader om oorkant haar te gaan sit. “Als oukei?”

Sy knik, en glimlag. *Maar ek kry die gevoel sy steek iets weg.*

“So, wat het van Meneer *Hotness* geword?” vra sy en kyk my ondersoekend aan.

“Ek dink nie dit gaan uitwerk nie...” sê ek sag. “Dis *complicated*. Hy vlieg vanaand Johannesburg toe.”

“So, hoekom is jy nie by die lughawe om vir hom koebaai te sê nie?” vra sy.

*Mens kry ook niks verby Karliën nie.*

“Dis *complicated*,” sê ek weer, en sug. “Ek het die bistro. Die plek – dis my verantwoordelikheid.”

“Dis nie net jǒu verantwoordelikheid nie,” sê sy. “Dis ons almal s'n.”

Ek kyk haar 'n oomblik lank stil aan.

“Wat?” vra sy en frons.

“Jy weet wat,” sê ek.

“Nee, ek weet nie,” sê sy.

Ek sug. “Ek voel verantwoordelik omdat ek altyd die een was wat 'nee' gesê het. Toe Erika die restaurant wou oopmaak, het ek haar elke keer oortuig dat dit nie 'n goeie idee was nie. En nou is sy nie meer hier nie. Nou is dit te laat.”

“Ek dink nie Erika sou haar laat voorskryf nie, Madi,” sê Karlien. “Sy het altyd gedoen wat sy wou. As sy nie die restaurant oopgemaak het nie, was dit nie oor jý gedink het dis nie 'n goeie idee nie. Dis hoog tyd dat jy ophou skuldig voel oor haar.”

Ek kreun en laat sak my gesig in my hande. “Ek weet nie hóé nie!” sê ek gefrustreerd.

“Erika het die idee gehad, en sy het die geld gegee,” sê Karlien. “Maar Die Sexy Bistro, soos hy vanaand hier is, *that was all us*. Jy het hierdie *venue* gekry – dis jou styl en jou smaak. As Erika 'n plek moes kies, was dit *probably* in 'n *shopping centre*! Sy sou nooit hierdie plek gekies het nie. Jý, Madi, het dit gekies oor die kantore en die sakemense wat hier uithang, omdat dit 'n omgewing is wat jy ken. Omdat dit mense is wat jy verstaan. En Julia het die hele *menu* op haar eie uitgewerk. Die meubels, die *signage*, die *launch* – dit was alles óns, Madi. Nie Erika nie. As ons vir die res van ons lewens hier gaan sit en wonder wat sy wou gehad het of wat sy nié wou gehad het nie, gaan ons nooit 'n sukses van die plek maak nie. Ons moet dit ons eie maak.”

Ek antwoord nie.

*Karlien is reg, ek weet dit. My gesonde verstand sê vir my so.*

“Wat het vandag gebeur?” vra Karlien sag. “Toe ons jou hier gelos het vanoggend, was jy *all Maria von Trappy*, en toe ons vanmiddag hier opdaag, was jou oë rooi gehuil.”

Ek byt op my lip. “Ek is net so deurmekaar, Karlien! Ek weet nie meer wie ek is of wat ek wil hê nie. Ek probeer my beloftes teenoor Erika nakom, maar...”

Sy sit haar hand op myne. “Madi, luister vir my. Erika sou nie wou gehad het dat jy vir die res van jou lewe skuldig moet voel nie. En ás jy dan iets vir haar wil doen omdat jy sleg

voel oor sy nooit haar drome uitgeleef het nie, leef jóúne uit. Nie hare nie – jóúne. Want anders gaan jy net óók eendag doodgaan met ongerealiseerde drome. En dis nie wat Erika sou wou hê nie. Sy het altyd gesê sy wens jy wil meer kanse waag.”

Ek vee 'n traan van my wang af.

“Vergeet wat Erika wou gehad het,” sê sy. “Wat is dit wat Mádi wil hê? Wat maak jóú hart gelukkig?”

*Reuben.*

Ek ontmoet haar oë, en 'n glimlag gly stadig oor haar gesig.

“Hier is nou nie meer *cupcakes* oor nie,” sê sy, “maar ek is seker as jy in hierdie *sexy* nommertjie by die lughawe opdaag, sal 'n doodgewone ek-is-jammer ook die ding doen.” Sy kyk op haar horlosie. “Vyftien minute se ry van hier af.”

My oë rek. “Maar die *launch*... Ek kan nie net...”

“Hier is niks meer om te doen nie! *Go!*”

*Dit vat nie lank vir my om te weet sy is reg nie. Want dit vóél reg. My gut sê dat ek en Reuben – ons twee sáám – die risiko werd is. Dit is dalk nie op papier 'n goeie idee nie, maar ek weet dis wat ek wil hê.*

Ek hoop en bid net dat ek hom nog kan inhaal, dat sy vlug nog nie vertrek het nie. Ek sal hom smeek om my te vergewe, om my nog 'n kans te gee. *En as dit nie werk nie, is ek bereid om op die aanloopbaan voor die vliegtuig te gaan lê...*

Ek storm by Die Sexy Bistro uit. Die parkeerarea is al redelik leeg, en my kar staan eenkant geparkeer. Ek draf nader, my hart bonsend in my keel. Met bewende hande grawe ek vir my sleutels en...

*You've got to be friggen kidding me.*

Die sleutels hang in die *ignition*.

Graag soos wat ek nou sou wou skree en vloek ten hemele, en seker soos ek is dat dit my sal laat beter voel, is ek te haastig. Ek draai op my hakke om en draf terug restaurant toe. Karlien kyk verbaas op toe ek by die kombuis instorm, en die nuwe brandblusser agter die deur van die muur af ruk.

“Wat gaan aan?” vra sy geskok en staan regop.

“Ek dink ek het uiteindelik my gesonde verstand teruggekry,” sê ek, en voordat sy nog iets kan sê, is ek weer by die deur uit, brandblusser in die arms.

*Dis vrek swaar, maar ek is desperaat.*

Ek sukkel oor die parkeerarea na my kar. Dan gaan staan ek uitasem langs die voorste deur, lig die brandblusser en mik vir die venster. Ek tel stadig tot by drie, en haal dan diep asem. *Just do it...*

“Wat het daai arme brandblusser aan jou gedoen?” vra 'n stem agter my.

*'n Bekende stem.*

Ek swaai om, en dan rek my oë. Dis Reuben. Hy staan 'n paar tree van my af, sy hande in sy sakke.

*En my hart lig. My lyf ruk. En die vreeslike gesuis en geraas in my kop word stil. Hy is hier. Hy is nie in Johannesburg nie.*

Ek staar na hom.

“Reuben... Wat...?”

“Lyk my jy gaan een van daardie huurders wees op wie mens nooit jou rug kan draai nie,” sê hy sag, sy gesig onleesbaar.

Ek laat die brandblusser stadig sak.

“Ek het gedink jy...” stamel ek. “Ek dag jy is op die lughawe...”

“Ek was,” sê hy. “Maar toe kom ek terug.”

Hy kom 'n tree nader, sy groen oë soekend in myne.

“Hoekom?” vra ek en sluk, want my keel is droog. Ek kan my oë nie van hom afhou nie.

*Hy. Is. Só. Hot...*

“Onafgehandelde sake,” sê hy.

'n Snik ontsnap skielik uit my keel, en ek slaan verskrik my hande oor my mond. Die brandblusser kantel om teen my bene, maar ek voel dit skaars.

“Laat ek raai,” sê Reuben, en hy kom nou nog 'n tree nader. “Jou sleutels is in die kar?”

Ek knik.

“En toe wil jy die ruit uitslaan?” frons hy. “Dit klink 'n bietjie ... oordrewe, selfs vir iemand met soveel passie soos jy.”

“Ek was haastig,” sê ek, en my mond wil-wil in 'n glimlag krul. “Ek moes by die lughawe kom...”



Sy wenkbroue lig verbaas, en dan kan ek sien hoe die verligting oor hom spoel. Hoe sy skouers ontspan. 'n Baie sexy glimlag gly oor sy gesig, en hy kom nog 'n tree nader tot hy hier reg voor my staan.

*Holy smoke... Die hele lug is vol statiese elektrisiteit, en ek kan my oë nie van syne losskeur nie.*

*Reuben Gibbs en ek, ons is soos daardie elemente wat 'n chemiese reaksie op mekaar het. Ek kan dit nie verduidelik nie, maar dit is net so. Dit was nog altyd so – van daardie eerste oomblik af.*

“En wat wou jy op die lughawe gaan maak?” vra hy sag. “Dié tyd van die aand?”

“Onafgehandelde sake,” glimlag ek. En dan kan ek dit nie meer uithou nie. Ek wip vorentoe en dan is ek in sy arms. Hy lig my op en druk my teen hom vas – só styf dat ek skaars kan asemhaal.

“Ek is jammer, Reuben,” sê ek met my gesig teen sy nek. “Jy was reg. Ek kan nie vir die res van my lewe in Erika se skaduwee leef nie. Ek kan nie my lewe leef volgens háár voorskrifte nie, want dis ék wat hom moet leef. En ek gee nie om wat ek haar belowe het nie, ek gee nie om of sy gedink het ek en Graham sal 'n goeie *couple* maak nie. Dis vir jǒu wat ek wil hê. Dis by jǒu wat ek wil wees. Sê asseblief jy vergewe my?”

Hy vou sy hande om my gesig en trek my nader, en dan soen hy my. Dis 'n honger soen, 'n dringende soen wat my *claim* en my syne maak, 'n soen wat my alle logiese denke laat vergeet en my kop laat draai.

“Ek vergewe jou,” sê hy teen my mond. “Want ek is lief vir jou. Maar as ek daai vent ooit weer naby jou vang, dan breek ek elke been in sy lyf...”

My oë rek. “Jy is lief vir my?”

“Ek is. Jy is myne, Madi van Jaarsveld. En ek is jammer, maar ek gaan jou nie deel nie. Die enigste *blind date* waarop jy gaan, is saam met my.”

Ek giggel. “Reuben...”

“Wat?”

“Soen my.”

*Ek gaan nooit genoeg kry van hierdie man se mond nie...*

En toe hy my uiteindelik weer los, vra hy: “Gaan jy my nou wys hoe lyk hierdie Sexy Bistro van jou, of gaan ons vir die res van die aand net hier staan?”

“Ons gaan vir die res van die aand net hier staan,” grinnik ek.

Hy lag, en die klank van sy lag maak my binnekant warm. Asof dit die een of ander chemiese uitwerking op my lyf het.

“In daardie geval wil ek net my baadjie in die kar gaan haal,” sê hy. “Wag net hier, en hou om hemelsnaam daardie brandblusser weg van jou kar af. Ek sal iemand bel om die sleutel te kom uithaal.”

Ek staan en grinnik my groot *goofy grin* terwyl ek hom staan en agterna kyk. *Hy is so sexy. En hy is myne.*

Die res sal ek later uit-*figure*. Vir nou is dit genoeg vir my.

“Is dit Reuben Gibbs?” vra Jacques skielik hier langs my, en beduie na waar Reuben nou sy kar se katebak oopsluit 'n ent van ons af. *Ek het hom nie eens hoor naderkom nie.*

“Ja,” glimlag ek.

“So jy het hom toe tóg gaan opsoek?” vra hy verbaas.

Ek staar na hom. “Waarvan praat jy?”

Jacques frons effens, en beduie na Reuben. “Madi, dis hý.”

“Wie?” *Ek verstaan nie wat aangaan nie...*

“Reuben Gibbs – dis die man aan wie Erika jou wou voorstel.”

*My kop draai... Wat?! Maar...*

“Nee, dit is nie,” sê ek. “Dit was Graham Venter.”

“Graham Venter?” frons hy. “Van Somerset-Wes? Ek dink nie Erika het hom eens geken nie. Dit was Reuben, Madi. Ons het hom by 'n funksie raakgeloop en Erika het my dae lank ge-*nag* oor die *blind date*, maar ek het jou mos gesê hy was nie te vinde daarvoor nie. Ek het nogals sleg gevoel oor die hele ding. Hy het blykbaar pas uit 'n slegte *break-up* gekom...”

Ek staar na hom. En dan kyk ek na Reuben wat nou na ons toe aangestap kom, baadjie oor die skouer. Sy groen oë *lock* op myne. 'n *Sexy* glimlag gly oor sy gesig, net vir my, en die wêreld skuif stadig, baie stadig ... in plek.

## EPILOOG

Een en een maak twee. Dis een van die eerste dinge wat ek in hierdie lewe geleer het. Maar daar is uitsonderings. En soms, net soms, verras die lewe 'n mens.

Die Sexy Bistro se *launch* was 'n groot sukses. En toe ons ons deure daardie eerste Maandagoggend oopmaak, is ons behoorlik oorval deur nuuskieriges op soek na daardie eerste koppie koffie, of 'n vinnige ontbyt voor werk. En teen middagete het die nuus versprei. Ons was tjokkenblok vol.

Ek was reg. Dit was die perfekte perseel vir ons restaurant. En binne twee maande het ons begin wins wys. Iets wat my rekenmeester-brein natuurlik baie bly gemaak het.

Erika was ook reg – oor die restaurant, én oor Reuben.

*Ek wens net ek kon haar sê.*

Maar ek dink sy weet. Elke oggend as ek Die Sexy Bistro oopsluit en haar laggende gesig teen die muur sien, dan kan ek nie help om te voel sy weet meer as wat ons dink nie.

Alles het reg uitgewerk – nes dit moes. *In fact*, alles het so goed gegaan, en ek was so gelukkig, dat ek dit glad nie sien kom het nie...

Ek staan in die kombuisie in my woonstel, en maak vir my en Reuben tee in twee bekere, toe daar 'n klop aan die deur is. Ek frons en kyk na Reuben waar hy op die bank sit en TV kyk.

*Die horlosie teen die muur sê dis al ná tien.*

Reuben staan op en gaan maak die deur oop. Oor sy skouer, in die lig van die stoep lig, kan ek vir Julia sien staan.

En my hart ruk. *Iets is fout...*

“Jules? Wat maak jy hier?”

Sy kyk versigtig van die een na die ander. “Hi, Reuben.” sê sy. “Ek is jammer om so laat te pla. Maar ek het gewonder of ek gou met Madi kan praat? Alleen?”

“Sure,” sê Reuben en loer vinnig na my. Dan staan hy opsy dat sy kan inkom. “Ek gaan gou stort. *Chat* julle twee maar.”

Hy vat sy beker tee by my, soen my op die wang, en stap dan in die gang af kamer toe. Ek hoor hom die deur saggies toemaak, en dan draai ek na Julia.

*Sy lyk maer, dink ek. En moeg.*

Daar is kringe onder haar oë. Ons het almal die afgelope tyd gesien Julia is stiller, maar ons het gedink dis maar omdat ons so besig is.

“Ek kan dit nie meer doen nie, Madi,” sê sy vóór ek kans kry om iets te sê.

*En my hart begin wild in my bors te klop.*

“Wat bedoel jy?” vra ek.

“Ek kan nie meer hier wees nie,” sê sy, haar stem bitter. “Die bistro, die Kaap, die mense... Ek kan dit net nie meer *stomach* nie. Ek wil nie meer kosmaak nie, Madi. Ek het 'n *break* nodig. Ek moet wegkom.”

“Oor Erika?” vra ek geskok, want ek probeer verstaan.

“Oor alles,” sê sy. “Dis nie persoonlik nie. Dis nie jy of Karlien nie – julle het niks verkeerd gedoen nie. Dis ek. Ek het net tyd nodig. Die ander twee sjefs gaan goed aan, julle sal sonder my kan regkom. Ek kan net nie meer... deel van Die Sexy Bistro wees nie.”

“Maar...” stamel ek verslae. “Wat gaan jy doen? Waarheen gaan jy? Wanneer kom jy terug? Ek ... is daar niks wat ek kan sê om jou van plan te laat verander nie? Alles gaan dan so goed!”

Sy staar voor haar uit, en ek weet my woorde is net woorde.

*Sy is reeds weg. Sy is klaar nie meer hier nie.*

“Jules...”

Maar sy byt op haar lip en draai weg van my af dat ek nie haar gesig kan sien nie.

“Ek sal jou bel,” sê sy. “Sorry, Mads, oor alles. Sê vir Reuben jammer dat ek julle so laat gepla het.”

En voordat ek haar kan keer, draai sy om en verdwyn met die stoep langs. Ek staan verslae na die oop deur en staar, asof ek verwag dat sy enige oomblik gaan terugkom.

“Waaroor was dit?” vra Reuben sag hier langs my. Hy het 'n skoon T-hemp aan en hy ruik na seep.

“Julia het bedank...” sê ek.

“Wat?” vra hy verbaas.

“Jip,” sug ek en skud my kop. “Ek weet nie wat in haar kop aangaan nie, Reuben...”

“Hey,” sê hy, “kyk vir my...”

Ek kyk draai na hom en kyk op, vas in die mooiste paar groen oë wat ek ken.

“Jy gaan oukei wees,” glimlag hy, en draai die punt van my hare om en om sy wysvinger. “En Die Sexy Bistro gaan oukei wees. Jy kan haar nie dwing nie. Sy moet haar eie paadjie stap.”

“Ek weet,” sug ek. “Ek wens net ek het geweet dat Julia ook oukei gaan wees.”

“Sy sal oukei wees,” sê hy. “Sy het net tyd nodig.”

Dan trek hy my nader en gly sy sterk arms om my lyf. “Kom hier, Shorty...”

Sy lyf voel warm teen my vel. En veilig. *Reuben Gibbs laat my van alles vergeet. Van krisisse en invoices en bottom lines.*

“Wat het ek gedoen om jou te verdien?” glimlag ek, en gly my arms om sy nek. Hy trek my stywer teen hom vas, en ek voel my lyf ontspan.

'n Sexy glimlag krul om sy mond. “Jy weet mos,” sê hy.

“Wat?” grinnik ek.

“Jy is Die Sexy Bistro se bestuurder,” sê hy. “En die son straal uit jou uit.”

## DIE EINDE

Lees Julia se storie in

### ***DIE SEXY BISTRO SE SJEF***

Daar is twee dinge wat Julia Ludick onthou van haar eerste dag in die nuwe Kaapse hoërskool. Sy onthou vir Erika. En sy onthou dat sy Thys van Jaarsveld se neus gebreek het... Daardie dag was die begin van 'n boesemvriendskap tussen haar en Erika, en 'n jarelange vyandskap tussen haar en haar vriendin se broer. Maar nou is Erika dood, en Julia het bedank as sjef by Die Sexy Bistro. Sy vlug Buffelsbaai toe om daar te probeer vrede maak met haar vriendin se dood en die spoke van haar verlede. Maar toe Thys van Jaarsveld met sy grys oë en sy sexy glimlag voor haar deur opdaag, kom krap hy 'n klomp ou wonde oop. Hoe langer sy en Thys koppe stamp, hoe sterker word die aantrekkingskrag tussen hulle. En vir die eerste keer in haar lewe begin Julia wonder of stukkende harte weer kan heel word...

Lees “Die Sexy Bistro se sjef” hier:

<https://www.amazon.com/Die-Sexy-Bistro-sjef-Afrikaans-ebook/dp/B0CR8MZS9P>

## Die skrywer

ANNA EMM is 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat tans in London woon. Sy het al meer as 3,000 kinderstories geskryf, 21 liefdesverhale, 38 novellas, 5 spanningsverhale, en verskeie kortverhale en verhoogproduksies. In Suid-Afrika het sy dikwels op televisie en radio gepraat het oor die terapeutiese waarde van stories.



Gebore Anna Margriet Strydom, het die skrywer gewildheid verwerf onder die pennaam, Anna Emm. Onder die vaandel van haar eie onafhanklike uitgewery, Anna Emm Produksies, het Anna duisende oorspronklike kinderstories geskryf en op luisterstories op CD vervaardig. Tydens 'n televisieonderhoud in 2019 het Anna egter erken dat die kinderstories eintlik bloot toevallig gebore is uit haar jare as laerskoolonderwyseres, en dat dit nie noodwendig haar voorkeur-genre is nie. Inteendeel. sy sien haarself as 'n veelsydige storieverteller wat eintlik ewe gemaklik is in amper enige genre, en soos 'n verkleurmanneltjie aanpas by die ouderdom en omstandighede van haar lesers.

**Vir meer inligting oor Anna Emm en haar boeke, besoek [www.AnnaEmm.co.uk](http://www.AnnaEmm.co.uk) of kontak [admin@annaemm.co.uk](mailto:admin@annaemm.co.uk)**